

STANDAARDAFRIKAANS EN OMGANGSAFRIKAANS

IN PRETORIA

deur

ANITA DE VILLIERS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

NOVEMBER 1985

DANKBETUIGINGS

Met diepe dankbaarheid teenoor my Skepper, deur wie se genade die geestesarbeid en hierdie produk daarvan, moontlik gemaak is.

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hul hulp en ondersteuning tydens hierdie studie:

- My leier, prof. dr. Victor Webb, uit wie se vakkundige kennis ek kon put en aan wie se besondere menslikheid ek kon deel hê. Vir sy bekwame leiding, hulpvaardigheid en aanmoediging het ek die hoogste waardering. My dank ook dat ek van die data oor Omgangsafrikaans in Pretoria in hierdie studie kon gebruik.
- Mnr. C. van der Merwe en A. Lee van die SAUK wil ek bedank vir die persoonlike onderhoude wat hulle goedgeunstiglik aan my toegestaan het. My dank ook aan mnr. Van der Merwe dat hy aan my toestemming verleen het om gegewens uit die SAUK se Taalbulletin in hierdie studie te gebruik.
- My eggenoot, Carl, baie dankie vir die ondersteuning, aanmoediging en geduld.
- My ouers, aan wie ek hierdie studie opdra, my dank vir al die geleenthede in die lewe. Hul liefde en voorbeeld was altyddeur 'n bron van aansporing.

ANITA DE VILLIERS

PRETORIA

NOVEMBER 1985

2.2.1 Verband tussen die begrippe 'taal', 'variëteit', 'dialek', 'styl', en 'register' (Diagrammatiese voorstelling)	15
2.2.2 Taal	16
2.2.2.1 Kriteria vir die bepaling van taalstatus	17
2.2.2.2 Die omvang van 'n taal	18
2.2.3 Variëteit	18
2.2.3.1 Fokale variëteit, primêre groepe en dialekte	20
(i) Fokale variëteit	20
(ii) Primêre groepe	20
(iii) Dialek	21
2.2.3.2 Situasionele variëteite: styl en stilistiese variasie	22
2.2.3.3 Aktiwiteitsgebonde variëteite, sekondêre groepe en registers	23
(i) Aktiwiteitsvariëteite en sekondêre groepe ..	23
(ii) Register	23
2.3 Die grense van en verhouding tussen variëteite	24
2.4 Opsomming	25
 HOOFSTUK III STANDAARDTAAL EN STANDAARDAFRIKAANS	 26
3.1 Inleiding	26
3.2 Algemeen Beskaaf (AB) en Kultuurtaal	26
3.3 Standaardtaal en Standaardafrikaans	26
3.3.1 Standaardtaal	26
3.3.2 Standaardafrikaans	27
3.4 Die status, vorm en funksies van die standaardvariëteit ..	28
3.4.1 Status van die standaardvariëteit	28
3.4.1.1 Bepaling van die standaardvariëteit	29
(i) Standaardafrikaans as preskriptiewe norm ...	30
(ii) Standaardafrikaans as die taalgebruik van standdaarsprekers	30
3.4.2 Vorm van die standaardvariëteit	31
3.4.2.1 Die invloed van standaardtaalfunksies op die strukturele en leksikale eienskappe van die standaardvariëteit	31
3.4.2.1.1 Uitbreiding van die standaardvariëteit	32
3.4.2.1.1.1 Remediële en kosmetiese uitbreiding	32
3.4.2.1.1.2 Ontlening: natuurlike en doelbewuste ontlening	33
(i) Doelbewuste ontlening in Afrikaans: Vernederlandsing	33
(ii) Natuurlike ontlening in Afrikaans ..	34
3.4.2.1.2 Kontrole van die standaardvariëteit	35
3.4.2.1.2.1 Taalkontroleurs en die kriteria vir taalkontrole	35

3.4.2.1.2.2 Die posisie van Afrikaans m.b.t. Nederlands en Engels	37
3.4.2.2 Die invloed van die status van die standaardvariëteit op die strukturele en leksikale eienskappe ..	38
3.4.2.2.1 Kosmetiese uitbreidings	39
3.4.2.2.2 Kontrole en die konserwatiewe aard van die standaardvariëteit	41
3.4.3 Funksies van die standaardvariëteit	42
3.4.3.1 Breër, bo-dialektiese kommunikasiemedium	42
3.4.3.1.1 Die standaardvariëteit as mediataal	43
3.4.3.1.2 Die standaardvariëteit as vertaaltaal	43
3.4.3.2 Ideologiseringsfunksie	45
3.4.3.2.1 Taalstandaardisering	45
3.4.3.2.2 Superstandaardafrikaans as preskriptiewe norm ..	46
3.4.3.3 Medium vir tegnologie en onderwys	47
3.4.3.4 Kodifisering	48
3.4.3.4.1 Kodifisering: 'n preskriptiewe of deskriptiewe aktiwiteit?	48
3.4.3.5 Medium vir die geskrewe taal	51
3.4.3.5.1 Die invloed van die skryftaal op die taalstruktuur	51
3.5 'n Herwaardering van Standaardafrikaans	51
 HOOFSTUK IV OMGANGSTAAL EN OMGANGSAFRIKAANS	55
4.1 Omgangstaal	55
4.1.1 Begripsomskrywing	55
4.1.2 Omgangsvariëteite	55
4.1.3 Linguistiese kenmerke van omgangstaal	56
4.1.3.1 Sametrekking	56
4.1.3.2 Variasies	57
4.1.3.3 Informele woorde	57
4.1.3.4 Vereenvoudigings	57
4.2 Omgangsafrikaans	57
4.2.1 Omskrywing	57
4.2.2 Metodologiese implikasies	58
4.2.3 Kenmerke van die Omgangsafrikaans van die laermiddelklassprekers in Pretoria	60
4.2.3.1 Sametrekking, reduksie, weglating en verkorting ..	61
4.2.3.1.1 Sametrekking en reduksie	62
4.2.3.1.2 Weglating	62
(i) Lidwoord	62
(ii) Negatiefpartikel	62
(iii) Voorsetsel	63
(iv) Voornaamwoord	63

4.2.3.1.3 Verkorting	63
(i) /r/-weglating	63
(ii) /d/-assimilasie	63
(iii) Nasalering	64
4.2.3.2 Variasies	64
4.2.3.2.1 Foneties/Fonologies	65
(i) (ε) → [æ]/[æ [↓]]/[ɐ]	65
(ii) Egte diftonge: (əi) → [ai]/[aj]	65
(æy) → ([əi]) → [ai]	66
(æu) → [au]	66
(iii) Vokaalbreking	66
(iv) Ontronding van geronde voorvokale	67
4.2.3.2.2 Morfologies	67
(i) Adjektiewe: trappe van vergelyking	67
(ii) Meervouds- en verkleiningsvorme	67
(iii) Ge- by die verlede deelwoord	68
4.2.3.2.3 Sintakties	68
(i) V.nw. dit as voorsetselvoorwerp: Daarvan → van dit	68
(ii) Betrekklike v.nw. as lid van 'n voorset- selgroep: Voorsetsetskeiding	68
(iii) Herhaling van voorsetsets	69
(iv) Herhalingskonstruksies	69
4.2.3.2.4 Leksikaal	70
4.2.3.3 Vereenvoudigings	71
4.2.3.3.1 Strukturele vereenvoudigings op morfologiese vlak	72
(i) Trappe van vergelyking	72
(ii) Dat / sodat / omdat → lat	72
4.2.3.3.2 Strukturele vereenvoudigings op sintaktiese vlak	73
(i) Weglating van 'dat' by bysinne + onaf- hanklike bysinwoorde	74
(ii) Verledetydsvorming (preteritum)	74
(iii) Neweskikking	75
4.2.3.4 Informele woorde	76
4.3 Gevolgtrekkings	77
4.3.1 POA en die gemeenskapsgrammatika	77
4.3.2 POA as variëteit van Afrikaans	78
4.3.3 Rigtingwysers i.v.m. die nut van die ondersoek van POA en soortgelyke ondersoeke	79
HOOFSTUK V 'N VERGELYKING TUSSEN SUPERSTANDAARD-, STANDAARD- EN OMGANGSAFRIKAANS	81
5.1 Databronne	81

5.2 'n Taksonomiese uiteensetting van linguistiese veranderlikes in Superstandaardafrikaans, Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans	83
5.2.1 Foneties/Fonologies	83
5.2.1.1 Vokaalverlaging	83
5.2.1.2 Vokaalbreking	84
5.2.1.3 Ontronding	85
5.2.1.4 Egte diftonge	86
5.2.1.5 Nasalering	86
5.2.1.6 Vokaalronding	87
5.2.1.7 Affrikate	87
5.2.2 Morfofonologies	88
5.2.2.1 Woordklem	88
5.2.3 Morfologies	89
5.2.3.1 Adjektiewe: trappe van vergelyking	89
5.2.3.2 Verlede deelwoord (ge-)	90
5.2.4 Sintakties	90
5.2.4.1 Weglating	90
5.2.4.1.1 Lidwoord	90
5.2.4.1.2 Negatiefpartikel	91
5.2.4.2 Weglating van voornaamwoordelike antesedent by ingelyfde sinne	91
5.2.4.3 V.nw. 'dit' as voorsetselvoorwerp	92
5.2.4.4 Betreklke v.nw. as lid van 'n voorsetselgroep ..	93
5.2.4.5 Betreklke v.nw. 'wie' en 'wat'	93
5.2.4.6 'Dit' x 'hy' / 'hulle' as anaforiese v.nw.	94
5.2.4.7 Verledetydsvorming (preteritum)	95
5.2.4.8 Passief (preteritum)	96
5.2.4.9 Bysinwoordvolgorde	97
5.2.5 Leksikaal/Semanties	98
5.2.5.1 Angstig	98
5.2.5.2 Belangeloos	98
5.2.5.3 Braaf	98
5.2.5.4 Eventueel	98
5.3 Slotopmerkings	99
5.3.1 Die afstand tussen Superstandaard-, Standaard- en Omgangsafrikaans	99
5.3.2 Die klassifikasie van en verband tussen Superstandaard-, Standaard- en Omgangsafrikaans	99
(Diagram b)	
(i) Standaardafrikaans	100
(ii) Omgangsafrikaans	102
(iii) Registers	102
HOOFSTUK VI ENKELE ASPEKTE VAN DIE MAATSKAPLIKE IMPLIKASIES VAN LINGUISTIESE VARIASIE	103
6.1 Die verband tussen linguistiese ongelykheid en onderrigprobleme	103

6.2 Enkele aspekte van linguistiese heterogeniteit in die spraakgemeenskap en spesifiek by skoolgaande kinders	104
6.2.1 Internalisering van die fokale dialek	104
6.2.2 Beheersing van stilistiese variasie	105
6.2.3 Die gevolge van linguistiese ongelykheid	107
6.2.3.1 Die sosiale betekenis van linguistiese verander- likes en die verband daarvan met 'verkeerde' en 'korrekte' taalvorme.....	107
6.2.3.2 Strukturele en funksionele konflik tussen die standaard- en die non-standaardvorme	108
6.2.3.2.1 Strukturele konflik	109
6.2.3.2.2 Funksionele konflik	109
6.2.3.2.2.1 Taalhoudings en funksionele konflik	111
6.2.3.2.2.2 Funksionele konflik in die Afrikaanse spraakgemeenskap	112
6.2.3.2.3 Die hantering van strukturele en funksionele konflik deur die onderwyspraktyk	112
6.3 Die aard van die onderrigmedium	113
6.4 Die rol van die onderrigmedium in die lewenskragtigheid van Afrikaans	114
LITERATUURLYS	116
SAMEVATTING	122
SUMMARY	124

HOOFSTUK I

INLEIDING: PROBLEEMSTELLING EN KONSEPTUELE ORIËTERING

1.1 INLEIDING

Die studieobjek van hierdie ondersoek is, soos in die titel aangedui, Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans in Pretoria. Die onderskeid wat gemaak word tussen twee 'soorte' Afrikaans, dui aan dat Afrikaans nie as homogene entiteit beskou word nie. Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans word egter nie as onafhanklike, aparte studieobjekte gesien nie, maar as dele van die een geheel, nl. Afrikaans.

Die oogmerk van hierdie studie behels hoofsaaklik die ondersoek van reeds gedokumenteerde gegewens en teoretisering oor die aard, omvang en rol of funksie van 'standaardtaal' en 'omgangstaal'. Aansluitend hierby word 'n empiries gegronde maar tentatiewe omlýning gegee van Standaardafrikaans en Pretoriase Omgangsafrikaans.

Omdat die standaardvorm van 'n taal, d.w.s. "standards, prescriptions and proscriptions ... obvious and well-documented" is (Guy 1981:8), word Standaardafrikaans ten eerste ondersoek na aanleiding van gedokumenteerde voorskrifte vir Standaardafrikaans. Ten tweede wil die ondersoeker ook kyk na die gebruik van Standaardafrikaans binne bepaalde kontekste. As gevolg van die aanname dat die standaardvorm van 'n taal nie 'n bepaalde lokaliteit het nie, maar eerder 'n oorkoepelende taalvorm is, word die ondersoek van die gebruik van Standaardafrikaans nie tot binne die grense van Pretoria beperk nie.

Die ondersoek van Omgangsafrikaans word wel gedoen binne 'n bepaalde stedelike opset, d.w.s. in Pretoria, en vorm deel van 'n navorsingsprojek van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria oor Omgangsafrikaans in dié stad. Buiten bepaalde praktiese oorweginge, is die keuse van Pretoria as ondersoekgebied ook gemotiveer deur die belang van Pretoria as 'n stad met 'n hoofsaaklik Afrikaanse karakter binne die Afrikaanse taalgemeenskap. As die hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika, is Pretoria ook die sentrum van die regering, die staatsdiens en die weermag. E.B. van Wyk (1978: 47) is van mening dat "Afrikaans is the language of the civil service, the police, the army ...". Pretoria is verder ook 'n belangrike opvoedkundige sentrum met 'n aantal tersiêre opvoedkundige inrigtings waarvan

die voertaal hoofsaaklik Afrikaans is. Dié stad is van groot nasionale belang en uiteraard is die Afrikaans van die Afrikaanse taalgemeenskap van Pretoria 'n belangrike komponent in die bestudering van Afrikaans in sy geheel.

Die beskrywing van Standaardafrikaans en Pretoriase Omgangsafrikaans vorm dus die sentrale oogmerk van hierdie studie - beskrywings wat verreweg nie aanspraak kan maak op volledigheid nie, maar slegs as 'n bydrae tot die dokumentering van empiriese gegewens oor dié entiteite gesien moet word.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN DOELWITFORMULERING

1.2.1 Afrikaans as heterogene entiteit

Soos reeds in die Inleiding vermeld, word Afrikaans in hierdie studie as heterogene entiteit beskou. Hierdie beskouing van taal het in die verlede binne die Afrikaanse taalkunde wel aandag geniet, soos dit blyk uit die redelik omvattende literatuur wat handel oor die vasstelling en optekening van hoofsaaklik leksikale items wat streeksvariasie toon.

Die verskil tussen hierdie vroeëre studies en meer resente studies oor taal as 'n heterogene entiteit word deur G.R. Guy (1981: 1) as volg saamgevat: "Variation has long been recognized by linguists, ... but it is only relatively recently that we have begun to study it and understand how it fits into the linguistic system." Die aandag het dus in 'n groot mate verskuif na die bestudering van variasie binne die sisteem van die taal.

'n Tweede klemverskuiwing behels 'n verruiming van die beskouing van taalvariasie as streeksgebonde verskynsel tot die beskouing daarvan as die produk van die sosiale lewe van 'n taal. C.J. Fillmore (1973: 276) wys op die noue verband tussen die taalsisteem en die sosiale aard van taal: "There is no way of talking about grammaticality or well-formedness without getting in many ways involved in the details of social interaction by means of language." Die grammatikale ondersoek en beskrywing van taalvariasie word verder aan onder 1.3.2.2 vollediger bespreek.

Die eerste en in der waarheid alles omvattende probleem wat aanleiding gegee het tot hierdie studie spruit uit die relatief min gedokumenteerde feite oor strukturele variasie in Afrikaans. 'n Grammatika wat beskrywend is van Afrikaans in sy geheel kan eers 'n realiteit word na omvattende navorsing oor hierdie tot nog toe onderontginde terrein. As eerste doelwit

wil hierdie studie 'n bydrae maak tot die inwinning en dokumentering van kennis i.v.m. die heterogeniteit van Afrikaans.

1.2.2 Identifikasie en beskrywing van standaardtaal en Standaardafrikaans

1.2.2.1 Die begrip 'standaardtaal' en die entiteit 'Standaardafrikaans'

Een van die sentrale probleme i.v.m. die ondersoek van Standaardafrikaans spruit voort uit 'n poging om 'n bevredigende antwoord te verkry uit die literatuur op die vraag: "Wat is standaardtaal?" Alhoewel daar reeds heelwat geskryf is oor hierdie onderwerp, is die omskrywings daarvan vaag, vol teenstrydighede en meestal spekulatief en filosofies van aard. A.E. Coetzee (1982: 277) wys byvoorbeeld daarop dat De Vries (1980: 111) van mening is "dat niemand 'n wetenskaplike antwoord kan gee oor wat ABN (Algemeen Beskaafde Nederlands) is nie" terwyl sy self, in navolging van J. de Rooij (1982), standaardtaal omskryf as 'n taalvorm wat "nie net aan 'n bepaalde register verbonde is nie; dus nie net aan 'n bepaalde styl, soos die skryftaal of spreektaal nie, nie net in 'n bepaalde gebied voorkom of deur 'n bepaalde groep gebruik word nie." Plaas 'n mens M.C.J. van Rensburg (1983a: 135) se siening hierby dat "Die standaardvorm van Afrikaans ... 'n idealisering (is) van hoe Afrikaans deur sy toonaangewende sprekers gepraat behoort te word", wil mens amper begin twyfel of al die outeurs wel dieselfde begrip en entiteit beskryf.

Die gebrek aan 'n duidelike omskrywing van standaardtaal het tot gevolg gehad dat die ondersoeker dit ten doel gestel het om die begrip standaardtaal en die entiteit Standaardafrikaans, aan die hand van drie hoofkriteria, nl. die status, funksies en vorm daarvan, te ondersoek. Hiervoor is gegewens uit die literatuur asook empiries gefundeerde data gebruik.

1.2.2.2 Standaardnorme en normeringsgronde

Die literatuurstudie oor Standaardafrikaans en die ondersoek van die gebruik van Standaardafrikaans het 'n verdere probleem betreffende Standaardafrikaans aan die lig gebring, nl. die diskrepansie wat bestaan tussen 'n aantal voorgeskrewe standaardtaalnorme en "... die wyse waarop linguisties hoogs gesofistikeerde moedertaalsprekers van Afrikaans Afrikaans in werklikheid gebruik." (Webb & De Villiers 1985: 192).

Verder blyk dit uit die literatuur dat die interpretasie van die terme 'taalnorm', 'standaard', en 'normeringsgrond' uiteenlopend is en dat die

meeste bronne oor hierdie onderwerp geskoei is op O. Jespersen (1925) se sewe 'standaarde' as maatstawwe vir standaardtaal, met weinig nuwe feite en insigte.

Vir die hantering van hierdie probleme is as derde doelwit gestel die ondersoek van en besinning vanuit 'n suiwer linguistiese oogpunt oor die geldigheid van tradisionele gronde waarvolgens taalvoorskrifte gemaak word. Aangesien ongeldige taalvoorskrifte op hulle beurt tot veelvuldige ander probleme kan lei, moet taalkundiges en andere wat hulle met taalnorme bemoei, op wetenskaplike wyse verantwoording doen van die wyse waarop hulle die kenmerke van standaardtaal vasstel en beskryf.

1.2.2.3 Klassifikasie van Standaardafrikaans

Die beskouing van Afrikaans as 'n heterogene taal lei tot die vraag oor die wyse waarop die verskillende taalvorme m.b.t. mekaar en binne die geheel georganiseer is. Die klassifikasie van die verskillende taalvorme vereis dat die taalwerklikheid tot 'n mate geabstraheer word aangesien die grense tussen die onderskeie taalvorme dikwels oorvleuel en redelik vaag is. Wanneer daar dus gepraat word van 'n klassifikasie van die verskillende taalvorme, moet in gedagte gehou word dat daar nie "... some hard social and linguistic boundary dividing the popular and 'standard' varieties" is nie. Die beskouing moet eerder wees dat "the situation ought to be more accurately characterized, following Bailey and Bickerton, as a continuum of lects ..." (Guy 1981: 5).

Dit is veral vanuit die oogpunt van die taalkundige wel nodig om, vir soverre dit moontlik is, insig te verkry in hoe die taalvorme of 'lekte' binne Bailey en Bickerton se 'kontinuum van lekte' georganiseer is. Probleme i.y.m. hierdie organisasie en dan veral die plek wat Standaardafrikaans bekleed, word ondersoek. Die doelwit is om, op grond van empiriese gegewens, 'n aanduiding te probeer gee van hoe Standaardafrikaans as een van die taalvorme van Afrikaans, geklassifiseer kan word.

1.2.3 Identifikasie en beskrywing van omgangstaal en Omgangsafrikaans

Met 'omgangstaal' word verwys na die natuurlike taalvorm wat daaglik deur die lede van 'n taalgemeenskap in 'n verskeidenheid informele situasies gebruik word. Die bestudering en beskrywing van die strukturele aspekte van Omgangsafrikaans is op hierdie stadium nog betreklik jonk en gevolglik is ons kennis daarvan beperk. Die doel is om 'n bydrae te maak tot 'n empiries ge-

fundeerde beskrywing van die Afrikaanse omgangstaal in Pretoria. Aangesien navorsing oor en die dokumentering van die omgangstaal die veld voorberei vir die skryf van 'n grammatika van Afrikaans as heterogene gegewe, is in hierdie studie gekonsentreer op die bepaling van die linguistiese kenmerke van Omgangsafrikaans in Pretoria.

1.2.4 Terminologiese verwarring

'n Probleem wat ook onder die aandag gekom het tydens die literatuurstudie oor taal as heterogene verskynsel, is die verskil in definiëring en toepassing van 'n aantal terme deur verskillende outeurs. 'n Enkele voorbeeld hiervan is die gebruik van die term 'variant' deur H. du Plessis (1983: 49): "... dit blyk dat daar 'n variant van Afrikaans is wat op grond van bepaalde struktuurpatrone te onderskei is van standaard-Afrikaans en dat hierdie variant korreleer met sosiale variasie." A. Coetzee (1982: 275) en F.F. Odendaal (1979: 40) gebruik die term 'dialek' in min of meer dieselfde betekenis, terwyl V.N. Webb (s.j.: 40) 'variëteit' in hierdie verband gebruik.

In ooreenstemming met Webb (s.j.: 40) se beskouing dat "ter wille van die eise van die wetenskap (soos presisie, kontroleerbaarheid, ens.) en ter wille van vakkundige gesprekvoering (sodat ons mekaar kan verstaan), ... dit ... noodsaaklik (is) dat ons terme eenders gebruik," is die uitskakeling van terminologiese verwarring ten doel gestel.

1.2.5 Opvoedkundige probleme

In die laaste instansie word aandag gegee aan 'n probleem wat saamhang met die linguistiese ongelykheid van die ledé van 'n taalgemeenskap, nl. die verband tussen opvoedkundige probleme en taalprobleme. P. Doughty en G. Thornton wys in hierdie verband op die beskouing dat "educational failure ... primarily linguistic failure" is (Trudgill 1975: 1).

As laaste doelwit word gepoog om aan te dui tot watter mate opvoedkundige probleme wel gekoppel kan word aan 'n verskil in linguistiese vaardigheid by kinders, veral m.b.t. die vaardige hantering van die standaardvorm van die taal. Verder word dit ook ten doel gestel om aan te dui op watter wyse kennis i.v.m. strukturele en funksionele variasie in taal aangewend kan word in 'n poging om hierdie probleme te hanteer.

1.3 KONSEPTUELE RAAMWERK

1.3.1 Die Sociolinguistiek

In die breë gesien, maak hierdie ondersoek deel uit van sociolinguistiese navorsing oor Afrikaans. Binne die sociolinguistiek word die studieobjek, nl. taal, primêr beskou as 'n objektiewe werklikheid wat aangewend word as 'n instrument vir kommunikasie tussen mense, d.w.s. 'n middel waardeur sosiale interaksie plaasvind. Die basiese vertrekpunte van die sociolinguistiek behels dat die heterogene aard van enige gegewe taalgemeenskap erken word en dat die ondersoek en beskrywing van 'n taal gedoen moet word met inagneming van die gedifferensieerde wyse waarop die taal deur die lede van die taalgemeenskap aangewend word vir sosiale interaksie.

1.3.1.1 Hoofrigtings in die sociolinguistiek

Die beskouing van taal as 'n heterogene interaksiemiddel open 'n omvangryke studieveld:- 'n studieveld wat aanknopingspunte het met 'n verskeidenheid ander dissiplines soos die sosiologie, die antropologie, die psigologie en die opvoedkunde. As gevolg van die omvang en geskakeerdheid van die studieveld, kan die studieobjek vanuit verskillende hoeke bekyk word. Die drie hoofrigtings wat binne die sociolinguistiek onderskei word, nl. die taalsosiologie, die interaksionele linguistiek (of die etnografie van spraak) en die sosiale taalwetenskap (of gemeenskapsgrammatika), plaas die fokus op verskillende aspekte van die studieobjek en verskil gevolglik ook van mekaar betreffende hul metodologieë.

Die ondersoek van Omgangsafrikaans in Pretoria is uitgevoer binne die teoretiese raamwerk en metodologie van die sosiale taalwetenskap soos dit deur die Amerikaanse sociolinguis, William Labov, sedert 1966 ontwikkel is. Hoewel daar in die ondersoek van Standaardafrikaans ook gepoog is om die beginsels van die sosiale taalwetenskap te handhaaf, het die problematiese aard van die studieobjek sekere aanpassings betreffende die metodologie van data-insameling en data-analise genoodsaak. 'n Uiteensetting van die beginsels en metodologie van die sosiale taalwetenskap volg onder 1.3.1.2.

Enkele aspekte van die taalsosiologie en die interaksionele linguistiek kom egter ook in 'n geringer mate ter sprake in die loop van hierdie studie. Webb (s.j.: 16) wys daarop dat hoewel die drie hoofrigtings binne die sociolinguistiek "... in beginsel onderskeibaar is, hulle nie geskei (is) van mekaar in absolute terme nie. Ondersoeke van die een is dikwels van belang vir die ander. Daarby is daar heelwat oorvleueling tussen die drie."

Die bowegroepse aard van die standaardtaal, die bydrae wat die sosiolinguistiek kan lewer m.b.t. die beplanning van skoolleerplanne sowel as sekere aspekte van taalbeplanning ter bevordering van die taal se toekoms, kom ter sprake in hierdie studie. Dit is onderwerpe wat binne die studieterrein van die taalsosiologie val, 'n studieterrein wat gemoeid is met "... die verhouding tussen grootskaalse entiteite in die maatskappy, en taal ... bv. nasie of ras, en taal onderskeidelik." (Webb s.j.: 16).

Die interaksionele linguistiek hou hom besig met die bestudering van taalgebruik vanuit 'n sosiale perspektief. Standaardafrikaans word in hierdie studie onder meer ondersoek as die taalgebruik van en in bepaalde maatskaplike instellings, nl. die skool en die media, en as sodanig sluit dit aan by 'n studieveld binne die terrein van die interaksionele linguistiek, nl. die pragmatiek.

Bepaalde aspekte van die etnografie van spraak, soos dit veral deur Dell Hymes ontwikkel is, word ook aangeraak. Die etnografie van spraak is onder meer geïnteresseerd in "the abilities the child must acquire, beyond those of producing and interpreting grammatical sentences, in order to be taken as a competent member of its community, knowing not only what may possibly be said, but also what should and should not be said" (Hymes 1974: 26). Die verwerwing van hierdie vermoëns kom ter sprake in die bespreking van opvoedkundige probleme wat in alle waarskynlikheid 'n linguistiese grondslag het.

1.3.1.2 Die Sosiale taalwetenskap (Gemeenskapsgrammatika)

Die sosiale taalwetenskap erken as basiese vertrekpunte die heterogene aard van taalgemeenskappe sowel as die heterogene aard van taal. Variasie in taal, of te wel linguistiese heterogeniteit, word beskou as 'n wesenskenmerk van taal en die sosiale taalwetenskap stel homself ten doel "... om ondersoek in te stel na en 'n beskrywing te gee van die wyse waarop linguistiese middele wat beskikbaar is vir die gemeenskap deur die lede van die gemeenskap aangewend word vir sosiale interaksie." (Webb s.j.: 26).

In die volgende drie onderafdelings word eerstens gekyk na die heterogene aard van die taalgemeenskap en van taal, met enkele toepassings op die Afrikaanse taalgemeenskap en Afrikaans. In die tweede plek word bepaalde kenmerke van linguistiese heterogeniteit kortliks bespreek na aanleiding van navorsingsbevindinge oor die aard van linguistiese heterogeniteit en die verband tussen die heterogene taalgemeenskap en sy taal. Derdens word die

wyse waarop die ondersoek en beskrywing van linguistiese heterogeniteit deur die gemeenskapsgrammatika hanteer word, uiteengesit.

1.3.1.2.1 Heterogeniteit: die taalgemeenskap en taal

(i) Die heterogene karakter van die taalgemeenskap

Die heterogeniteit van 'n gegewe taalgemeenskap word bepaal deur 'n aantal interpersoonlike faktore wat aanleiding gee tot die bestaan van 'n verskeidenheid sub-groepe en sub-kulture binne die gemeenskap as geheel. Die faktore wat meewerk tot die geskakeerde aard van die gemeenskap sluit o.a. in etnisiteit, kulturele identiteit, sosio-ekonomiese status, ouderdom en geslag.

In die Afrikaanse taalgemeenskap is etnisiteit byvoorbeeld 'n belangrike faktor in die vorming van sub-groepe. 'n Jarelange politieke beleid van afsonderlike ontwikkeling, sowel as 'n natuurlike behoefte aan groepsgebondenheid en groepsidentiteit vind weerklank in die verdeling van die Afrikaanssprekende gemeenskap in verskillende groepe, elk met sy eie identiteit en sub-kultuur.

Buiten etnisiteit is die waarde wat binne Westerse gemeenskappe geheg word aan sosio-ekonomiese status, 'n belangrike bydraende faktor in die stratifikasie van taalgemeenskappe. Hoewel sosiale klasverdeling in Westerse beskawings nie die rigiditeit toon wat kenmerkend is van 'n aantal Oosterse gemeenskappe nie, en sosiale mobiliteit aanvaar en selfs positief geëvalueer word, is sosio-ekonomiese status wel 'n primêr bepalende faktor in die heterogene aard van gemeenskappe.

(ii) Die heterogene aard van taal

Omdat verskillende sub-groepe van 'n taalgemeenskap verskil ten opsigte van hul gebruike, gewoontes, godsdiens, lewensbeskouinge, kulturele erfenis, e.d.m., sal die eise wat hulle stel aan hul medium vir kommunikasie ook uiteenlopend van aard wees. Taal is dié middel waarmee 'n hoogs gedifferensieerde taalgemeenskap uitdrukking gee aan sy hoogs gedifferensieerde behoeftes. 'n Heterogene gemeenskap vereis dus 'n heterogene uitdrukkingsmiddel.

Resente sosiolinguistiese literatuur verskaf genoegsame regverdiging vir hierdie beskouing: "Ondersoeke (bv. al Labov se werk) het reeds duidelik laat blyk dat menslike taal inherent heterogeen is. Heterogeniteit is as't ware 'n ontwerpkenmerk van menslike taal: die taalsisteem is by wyse van spreke 'ontwerp' om variasie te akkommodeer." (Webb 1983: 86).

1.3.1.2.2 Die kenmerke van linguistiese heterogeniteit

(i) Linguistiese heterogeniteit is inherent aan taal

R.W. Langacker (1973: 51-52) wys daarop dat "... no two persons have absolutely identical linguistic systems. Any given pair of speakers will differ with respect to some points of syntax, phonology, and vocabulary, whether or not they are normally conscious of these differences." Dit volg hieruit dat inter-individuele variasie in taal nie 'n perifere taalver-skynsel is nie, maar die gevolg is van die verskille in sprekers se taal-sisteme.

Dieselfde spreker se taalgebruik is egter ook onderworpe aan variasie, afhange van die situasie waarin hy hom bevind, die rol wat hy in die be-trokke situasie vertolk, sy gespreksgenote, e.d.m. Hierdie tipe variasie wat bekend staan as intra-individuele variasie is ook inherent aan taal:
- elke individu se linguistiese repertorium stel hom in staat om 'n verskei-denheid kommunikasiesituasies linguisties te kan hanteer.

Dit is die beskouing van die sosiale taalwetenskap dat 'n grammatika wat 'n beskrywing wil wees van 'n gegewe taal, inter-individuele variasie sowel as intra-individuele variasie sal inkorporeer in hierdie beskrywing.

(ii) Linguistiese heterogeniteit is patroonmatig

Deur die navorsing van Labov e.a. (1968, 1970, 1972b) is bevind dat linguistiese heterogeniteit dikwels ordelik en patroonmatig is, en dat hierdie patroonmatigheid dikwels saamhang met 'n kousale verband tussen die heterogene taalgemeenskap en die heterogene taal. Volgens G. Sankoff (1980: xvii - xviii) is die taalstruktuur ook "a product of the social world ...", en kan "the social nature of language use ... constrain, influence and shape language structure."

Die gestruktureerde aard van linguistiese heterogeniteit blyk uit die bevinding dat die voorkoms van linguistiese variante "gekondisioneer word deur linguistiese (of interne) faktore, soos: fonologiese konteks, woord-klas, werkwoordtipe, afstand van bepaalde linguistiese grense, sowel as non-linguistiese/sosiale (of eksterne) faktore ... soos sosio-ekonomiese klas-lidmaatskap, situasie/styl, ras/etnisiteit, ouderdom, godsdiens, geslag, ens. ... Hierdie twee soorte kondisionerende faktore funksioneer sãam, en hulle onderlinge verhouding is dikwels hiërargies van aard." (Webb s.j.: 48). (Opmerking: Volgens die terminologie van die sosiale taalwetenskap, is 'n

'linguistiese variant' een van die realiseringsmoontlikhede van 'n 'linguistiese veranderlike'. In Afrikaans het die fonologiese veranderlike (æy) byvoorbeeld twee moontlike variante, nl. $[\text{əi}]$ en $[\text{æy}]$.)

Dit is die doel van die sosiale taalwetenskap om ordelike heterogeniteit te inkorporeer in die beskrywing van 'n taal se grammatika. Die rol wat eksterne sowel as interne kondisionerende faktore speel in die realiseringsmoontlikhede van linguistiese veranderlikes, word in sodanige grammatikabeskrywing ingesluit.

(iii) Linguistiese heterogeniteit is funksioneel

Taal as sosiale interaksiemiddel en middel tot selfekspresie verrig buiten 'n referensiële funksie, ook 'n aantal ander funksies, meestal funksies van 'n sosiale aard. Die sosiale funksies van taal hou nou verband met linguistiese heterogeniteit. Volgens Milroy & Margrain (1980: 43) is dit die bevinding van verskeie linguiste, o.a. Russell 1977, Bickerton 1975 en Le Page 1968, dat die individu sy taalgedrag vorm na die voorbeeld van die groep of groepe waarmee hy homself van tyd tot tyd wil identifiseer. Hiervolgens word die verskille tussen byvoorbeeld verskillende sosiale en etniese groepe in hul taalgedrag gereflekteer. Terme soos 'Maleier-Afrikaans', 'Griekwa-Afrikaans', 'Bruinafrikaans', 'Witafrikaans' en 'Swartafrikaans' in die Afrikaanse literatuur bevestig die verband tussen die gestratifiseerde Afrikaanse taalgemeenskap en Afrikaans as heterogene uitdrukkingsmiddel.

Die funksionaliteit van linguistiese heterogeniteit hou in die eerste plek verband met die identifiserende aard van bepaalde variante van linguistiese veranderlikes. Volgens Webb (1983b: 86) raak "Veranderlike taalvorme ... soms ingebed in die sosiale orde van die gemeenskap. Hiermee word bedoel dat die verskillende variante van 'n veranderlike soms op gedifferensieerde wyse geassosieer raak met verskillende sosiale groepe, instellings, norme, waardes, rolle en funksies. So het die variant $[\text{ɛi}]$ van die Afrikaanse veranderlike (ki) geassosieer geraak met spesifieke sosiale groepe in die bruin gemeenskap." Bepaalde variante kan dus identifiserend funksioneer aangesien inligting oor o.a. sprekers se sosiale identiteit, herkoms en etnisiteit daardeur oorgedra word.

Linguistiese heterogeniteit kan in die tweede instansie ook demarkerend funksioneer. Alhoewel sekere variante onderkant die bewussynvlak van die gemeenskap is, bestaan ander weer bokant die vlak van bewussyn en raak as sodanig simbolies van die norme en waardes van die groep waarin dit voorkom.

Volgens Webb (s.j.: 59) het hierdie variante wat bokant die vlak van bewussyn voorkom, 'n solidariteitsfunksie: "... dit bind mense saam tot 'n eenheid."

1.3.1.2.3 Die ondersoek en grammatikale beskrywing van linguistiese heterogeniteit

Die feit dat linguistiese heterogeniteit inherent deel is van menslike taal, dat dit gestruktureer is en dat dit funksioneel is, het noodwendig implikasies vir die skryf van 'n grammatika van 'n taal. Die grammatikale beskrywing van 'n taal moet die sosiale inbedding van 'n taal regstreeks reflekteer, d.w.s. bepaalde grammatikareëls en elemente in die taal sal sosiale kondisionerende faktore of sosiale eienskappe inkorporeer. Hierdie standpunt word deesdae algemeen aanvaar in die sosiale taalwetenskap deur o.a. W. Labov, C.J.N. Bailey en D. Hymes. Bailey (1973: V) wys byvoorbeeld daarop dat "... the use of language in its social context is now recognized to have important effects on the grammar."

Die fokuspunt van die gemeenskapsgrammatika is dus "... grootliks die formele grammatika van menslike taal, nl. die taalkode, die taalsisteem." (Webb s.j.: 23). Hiervolgens kan gesê word dat die sosiale taalwetenskap en die sg. 'hoofstroomlinguistiek' met die Transformasioneel Generatiewe Grammatika as belangrikste skool, teoreties gesproke dieselfde doelwit het, nl. die beskrywing van die grammatika van 'n taal. Aangesien die generatiewe grammatika nou 'n hele aantal jare reeds as die belangrikste teoretiese model binne die taalwetenskap beskou word, word 'n aantal uitgangspunte van die sosiale taalwetenskap by wyse van kontras met dié van die generatiewe grammatika uiteengesit. Hierdie kontrastering word nie voorgehou as 'n volledige bespreking van die generatiewe grammatika nie, maar dit word bloot as redelik algemeen bekende vertrekpunt gebruik vir die uiteensetting van die sosiale taalwetenskap se konseptuele oriëntering.

1.3.1.2.3.1 Die generatiewe grammatika vs. die gemeenskapsgrammatika

(i) Die onderskeid: "Competence" en "Performance"

Sentraal in die T.G.-grammatikamodel is die onderskeid wat tussen "competence" (taalvermoë) en "performance" (taalgebruik) gemaak word. Beide die generatiewe grammatika en die gemeenskapsgrammatika stel, teoreties gesien, vir hulself dieselfde studieobjek, nl. die linguistiese vermoë van die moedertaalspreker. Albei het ook dieselfde doelstelling, nl. die beskrywing van 'n grammatika wat 'n verslag sal wees oor hierdie taalvermoë van die moedertaalspreker.

Die lokus van die twee modelle se studieobjek verskil egter en gevolglik sal die inhoud van hul grammatikas ook verskil. N. Chomsky (1977: 40) onderskei tussen "pragmatic competence" en "grammatical competence". Die pragmatiek is hiervolgens "... concerned with the role played by nonlinguistic information such as background knowledge and personal beliefs in our use and interpretation of sentences" en "grammatical competence (with) the knowledge of the grammar of language" (Radford 1981: 2). Die T.G.-grammatika wil laasgenoemde beskryf as 'n model van "the fluent native speaker's knowledge of his language." (Radford 1981: 1).

Vir die beskrywing van "grammatical competence" word die sosiale kontekste van taal weggeabstraheer en word taalvariasie, wat Chomsky in sy vroeëre werke as perifere taalverskynsels beskou het, buite die studiegebied gestel. Hierdie beskouing is volgens die sosiale taalwetenskap 'n verarming en verskraling van die wesenlike aard van taal. Taalvermoë is volgens die sosiale taalwetenskap die geheel van taalkennis wat die lede van die spraakgemeenskap het en wat hulle in staat stel tot sosiale interaksie. Die term 'kommunikatiewe taalvermoë' ("communicative competence") is volgens hierdie sienswyse 'n meer akkurate omskrywing van die studieobjek van die gemeenskapsgrammatika: "Thus 'competence' has been extended from the notion of the mastery of a set of grammatical rules to the mastery of a set of cultural rules which include the appropriate ways to apply grammatical rules in all speech situations possible for that society. The notion of context has been extended to apply not only to linguistic context or environment, but to the socio-situational circumstances of the speech event ..." (Sankoff 1974: 18).

(ii) Databron, data-insameling en data-analise

As gevolg van die verskil in die omskrywings van hul studieobjekte, het die generatiewe grammatika en die gemeenskapsgrammatika hoogs uiteenlopende beskrywings van wat elk as hul databron beskou. Die generatiewe grammatika huldig die standpunt "dat linguistiese intuïesies die enigste toelaatbare bron van linguistiese evidensie is." (Webb 1983a: 229). Hierdie standpunt het daartoe aanleiding gegee dat grammatici meerendeels hul eie taalintuïesies as databron gebruik het.

Die sosiolinguistiese beskouing van taal as heterogene kommunikasiemiddel het tot gevolg dat die databron vir die beskrywing van 'n spraakgemeenskap se kommunikatiewe taalvermoë nie beperk kan word tot enkele persone se taalintuïesie nie. Die taalgedrag van die gemeenskap as geheel word in die

sosiale taalwetenskap as databron gebruik. Guy (1981: 8) beskryf die databron as: "... the natural, unreflecting speech of ordinary users of the language, rather than the intuitions of linguists or informants, or any kind of 'artificial' speech-production."

Die verskillende beskouings van die databron het tot gevolg dat die data-insamelingstegnieke en die analitiese prosedures van die generatiewe en die gemeenskapsgrammatika ook sal verskil. Binne die generatiewe grammatika kan die taalkundige sy data volgens sy taalintuïsie selekteer en beskryf.

Die aard van die data wat deur die gemeenskapsgrammatika ondersoek wil word, vereis dat die sosiale taalkundige 'n datakorpus verkry wat verteenwoordigend is van die natuurlike, ongemontorede taalgebruik van die lede van die spraakgemeenskap. Die verkryging van spontane taalgebruik het die sosiale taalwetenskap voor die problematiese 'waarnemersparadoks' te staan gebring. Ten einde hierdie probleem te oorbrug, is spesifieke veldwerktegnieke vir data-insameling ontwikkel deur Labov en sy medewerkers. (Labov 1966, 1968, 1972b en 1980; Cofer 1972; Poplack 1979; Guy 1981.) In hierdie studie is hoofsaaklik gebruik gemaak van die tegniek wat beskryf word as die sociolinguistiese of individuele onderhoud. 'n Uiteensetting van hierdie tegniek en die wyse waarop dit gebruik is vir die insameling van data oor Pretoriase Omgangsafrikaans volg onder 4.2.2.

Die analise van data in die sosiale taalwetenskap geskied op kwantitatiewe grondslag. Guy (1981: 13) motiveer en omskryf die gebruik van kwantitatiewe data-analise as volg: "Quantitative techniques are required in order to sort out the complex web of interdependencies that permeates language in use. Linguists have always noted how language is fraught with redundancies and interactions between various points in linguistic structure. Every time a speaker makes a choice - of a word, a phrase, a structure, a pronunciation - it influences or even determines other choices. When we add to these purely linguistic considerations the interactions between language and context, the complexity becomes very great. To work out the influences on some particular choice, we must do some kind of multivariate analysis. This is the direction that quantitative analytical methodology in sociolinguistics has been moving ..."

(iii) Grammatikabeskrywings

Aangesien die formulering van grammatikareëls buite die bestek van hier-

die studie val, word hier volstaan met die opmerking dat die beskrywing van "grammatical competence" aan die hand van diskrete, kategoriale grammatikareëls verskil van die beskrywing van kommunikatiewe taalvermoë aan die hand van veranderlikereëls.

G. Sankoff (1980: 70) benadruk die feit dat 'n grammatika diskrete, kategoriale reëls sowel as variasiereëls behoort te inkorporeer: "My position has been that statistically fluctuating performance data need not be interpreted as reflecting underlying competence that is categorical in nature, and that a paradigm representing competence as containing some probabilistic and nondeterministic components is a better approximation to linguistic reality than one that insists on categoriality and determinacy. Note that this does not imply the nonexistence of categorical rules, but simply the existence as well of probabilistic rules."

(iv) Samevatting

Die verskil tussen die twee konseptuele modelle het in sommige kringe in die linguistiek tot 'n punt van dispuut tussen die Chomsky-kamp en die Labov-kamp ontwikkel, wat onder meer al beskryf is as 'n krisis in die linguistiek. A. Neubert (1976: 154) is van mening dat dit onnodig is om in hierdie verband van 'n krisis te praat: "Instead of a 'crisis' I would rather speak of a reappraisal of the status of linguistics as a social science. Sociolinguistics, in my view, is not so much the addition of a new branch to the body of linguistic disciplines. It should be regarded as a new effort to deal more realistically and comprehensively with the fact of language. One of these basic facts is that language is a part of social life. It does not exist in a social vacuum. Language is more than a network of social relationships, although it is that also. But a theory of language, if it is to deserve that name, has to proceed from appearance to essence and 'language' or 'languages' independent of society (of the speech community, the speech event, etc.) are perhaps analytical constructs helpful in the study of certain limited properties but positively unhelpful as axioms underlying the foundations of linguistic science."

HOOFSTUK II

BEGRIPSOMSKRYWING

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om 'n duidelike omskrywing te gee van 'n aantal sentrale begrippe wat ter sprake sal kom in die bespreking van standaardtaal en omgangstaal. Die verband en verskil tussen die begrippe 'dialek', 'variëteit', 'register' en 'styl' binne die groter eenheid, nl. 'taal', sal aangedui word.

Omdat linguïste verskil in hul omskrywing en toepassing van bogenoemde begrippe, is dit nodig om, ten einde latere verwarring te voorkom, by 'n aantal van hierdie begrippe te volstaan met ad hoc-omskrywings. Die doel is nie om bestaande begripsomskrywings teen mekaar op te weeg of te kritiseer nie, maar bloot om 'n ondubbelsinnige omskrywing van elk te gee soos dit vir die doel van hierdie studie aangewend sal word.

2.2 BEGRIPSOMSKRYWING

2.2.1 Verband tussen die begrippe 'taal', 'variëteit', 'dialek', 'styl' en 'register'

Voordat oorgegaan word tot begripsomskrywing, is dit m.i. sinvol om 'n geheelbeeld te kry van die verband tussen die eenhede 'taal', 'variëteit', 'register', 'styl' en 'dialek'. Die klassifikasie word aan die hand van 'n diagram gedoen ten einde duidelik te onderskei tussen die begrippe. Daar moet egter op gelet word dat so 'n diagrammatiese voorstelling noodwendig 'n skewe beeld van die taalwerklikheid is, omdat die verskillende entiteite wat deur die begrippe omskryf word, nie duidelik skeibaar is nie, maar eerder 'n kontinuum vorm. Die diagram is dus nie 'n weergawe van die werklikheid nie, maar 'n abstraksie daarvan ten einde beskrywing te vergemaklik. 'n Bespreking van die grense van en die verhouding tussen die verskillende variëteite volg onder 2.2.4.

Die begrippe 'standaardtaal' en 'omgangstaal' is doelbewus nie by hierdie hoofstuk ingesluit nie, aangesien enkele probleme rondom hierdie begrippe eers in die loop van hierdie studie ondersoek moet word alvorens 'n duidelike omskrywing daarvan gegee kan word. Die klassifikasie en omskrywing van Standaardafrikaans en Pretoriase Omgangsafrikaans word in Hoofstukke III, IV en V gegee.




Diagram (a)

2.2.2 Taal

Die eenheid "taal" kan omskryf word vanuit 'n sosiologiese en 'n linguïstiese oogpunt. Dit is belangrik om daarop te let dat taalstatus primêr ekstra-linguïsties bepaal word: " 'Language' status is not conferred upon a system by linguists, but is established by the society as a whole." (Joseph 1981: 41).

2.2.2.1 Kriteria vir die bepaling van taalstatus

J.E. Joseph (1981) bespreek die twee kriteria "Abstand" en "Ausbau" soos deur H. Kloss (1967: 29) uiteengesit, as moontlike kriteria om taalstatus te bepaal. Volgens Kloss kan "Abstandsprache" geparafraseer word as "language by distance" en "Ausbau" as "language by development". Onder eersgenoemde word nie geografiese afstand verstaan nie, maar wel strukturele afstand. "Abstand" dui dus op die mate waarin een taal struktureel van 'n ander taal verskil. Die kriterium "Ausbau" word hoofsaaklik deur ekstra-linguistiese aspekte bepaal: m.i. dui dit op die mate waarin 'n taalgemeenskap staatkundige en kulturele volwassenheid ontwikkel het.

"Abstand" en "Ausbau" kan gradueel verskil van gemeenskap tot gemeenskap en dit is steeds moeilik meetbare kriteria. Joseph (1981: 44) meen dat taalstatus noukeuriger deur die volgende kriteria bepaal kan word:

- strukturele onderskeibaarheid ("structural distinctiveness")
- strukturele ontwikkeling ("structural development")
- funksionele sfeer ("functional sphere")
- sprekers se selfbeeld ("speakers' self-image")
- sprekers se eenhede van lojaliteit ("speakers' units of loyalty").

Die status van Afrikaans as selfstandige taal was tot redelik onlangs toe 'n problematiese aangeleentheid in die Afrikaanse taalkunde. Die rede hiervoor is geleë in die noue historiese band tussen Nederlands en Afrikaans en die hoër status wat Nederlands in die verlede en, volgens Uys (1983) en Van Rensburg (1983), vandag steeds geniet. Dit het o.a. aanleiding gegee tot beskouings soos dié van Van der Merwe (1968: 36): "... die Nederlands-Afrikaanse siel van ons taal, d.w.s. sy sinsbou en idioom, het onaangetas gebly, sodat Afrikaans in wese suiwer Hollands gebly het."

Gemeet aan Joseph se eerste twee kriteria, nl. strukturele onderskeibaarheid en strukturele ontwikkeling, is die naelstring wat Afrikaans met Nederlands verbind en hom sy selfstandige taalstatus ontsê, reeds geknip. Hierdeur word nie bedoel dat die Diets-Germaanse herkoms en die bepalende invloed wat hierdie herkoms op die struktuur van Afrikaans gehad het, genegeer word nie. E. Raidt (s.j.: 197) som die strukturele ontwikkeling van Afrikaans as volg op: "'n Tydperk van minstens 200 jaar was nodig om die Afrikaanse taalstruktuur te laat ontwikkel. In die ontwikkelingsproses het baie faktore tot die verandering op die gebied van die woordeskat, die fonologiese en morfologiese struktuur, en die sinsbou bygedra."

Met die erkenning van Afrikaans as een van die amptelike landstale van Suid-Afrika, is die funksionele sfeer van Afrikaans grootliks uitgebrei. As gevolg van sy amptelike status, moes die volkstaal van vóór 1925 terreine betree wat tot op daardie stadium deur Engels en Nederlands beset is. Die aanwending van Afrikaans in die sg. hoër- of standaardtaalfunksies word volledig bespreek onder 3.4.3.

Die vorming van Afrikaanssprekendes se selfbeeld is nou verwant aan die verhoging in die status van Afrikaans sedert 1925. Hierdie statusverhoging wat volgens Posthumus (1968: 96) in minder as vyftig jaar tot stand gekom het, het "... vir die Afrikaner die bewys gelewer dat sy taal tot alles in staat is waartoe hyself in staat is. Hy twyfel nie meer nie, en nie-Afrikaners erken Afrikaans ook as 'n volwaardige taal."

Die syfers van die 1980-sensus lewer bewys daarvan dat die sprekers in die onderskeie etniese sub-groepe van die Afrikaanse taalgemeenskap se beskouing van hul eie sosio-kulturele identiteit o.a. gekenmerk word deur 'n lojaliteit teenoor Afrikaans. Volgens hierdie syfers is Afrikaans die eerste huistaal van 2½ miljoen Blankes, 2¼ miljoen Bruines, 15½ duisend Asiërs en 77½ duisend Swartes, (terwyl Engels as eerste huistaal deur 1,7 miljoen Blankes, 324 duisend Bruines, 700 duisend Asiërs en 30 duisend Swartes aangedui is).

Die onafhanklike taalstatus van Afrikaans word dus bevestig deur die mate waarin Afrikaans aan die verskillende kriteria vir die bepaling van taalstatus voldoen. In Hoofstuk III word die invloed wat die historiese verband tussen Nederlands en Afrikaans op Afrikaans gehad het en steeds het, in meer detail ondersoek.

2.2.2.2 Die omvang van 'n taal

In Hoofstuk I is reeds aangedui dat taal in hierdie studie primêr beskou word as sosiale interaksiemiddel. Na aanleiding van hierdie beskouing is die heterogene karakter van taal as instrument vir kommunikasie in heterogene taalgemeenskappe bespreek. Die eenheid 'taal', en dus ook Afrikaans, bestaan volgens hierdie beskouing uit 'n aantal sub-eenhede, wat in 'n mindere of meerdere mate van mekaar verskil. Die term 'variëteit' word gebruik om na hierdie sub-eenhede te verwys.

2.2.3 Variëteit

In homogene spraakgemeenskappe groepeer bepaalde variante van linguï-

tiese veranderlikes dikwels saam "... om gesamentlik die taalgedrag van 'n bepaalde sosiale of geografiese groep te karakteriseer." (Webb s.j.: 61). Die saamgroepering van linguistiese variante kan ook gekoppel word aan die aard van kommunikasiesituasies. So kan formele kommunikasiesituasies gekenmerk word deur die voorkoms van 'n bepaalde groep variante, terwyl informele situasies met 'n ander groep variante geassosieer word.

Die term variëteit word gebruik om te verwys na sodanige karakteriserende saamgroeperings van linguistiese variante. Ferguson en Gumperz (1960: 3) omskryf die kriteria vir 'n variëteit as volg: "A variety is any body of human speech which is sufficiently homogeneous to be analyzed by available techniques of synchronic description and which has a sufficiently large repertory of elements and their arrangements or processes with **broad enough** semantic scope to function in all normal contexts of communication."

Dit is belangrik om daarop te wys dat variëteite ook nie homogene entiteite is nie. Labov (1966) het bevind dat daar 'n aansienlike mate van variasie binne die verskillende variëteite voorkom soos daaruit blyk dat verskillende sosiale tipes in die dialektiese spraakgemeenskap se taalgedrag per definisie verskil. Die individu se idiolek is dus nie "... a perfect replica in miniature of his or her dialect grammar" nie. (Milroy & Margrain 1980: 43-44). Labov het egter verder gevind dat indien die datakorpus groot genoeg is om verteenwoordigend te wees van die sosiale groep se taalgedrag, idiolektiese variasie wel binne die strukturele patroonmatigheid van variëteite geakkommodeer word. Hierdie bevinding word deur Guy (1981: 335) as volg beskryf: "It now appears that speakers of the same speech community are very similar in the structure of overall variation although they may differ in overall rate of use of one variant or another. Idiosyncratic deviations from the common pattern tend to be minor and within the limit of random statistical function."

Deur die ondersoeke van o.a. R.M. Klopper (1976 en 1983), E.F. Kotzé (1983), J.H. Rademeyer (1938), M.C.J. van Rensburg (1982a), V.N. Webb (1983d en ongepubliseer) en H. du Plessis (1983) is aangetoon dat 'n aantal variëteite in Afrikaans onderskei kan word. Die variëteite sluit onder meer in: Bruinafrikaans in Port Elizabeth, Kaapse Afrikaans, Transvaalse Afrikaans, Griekwa-Afrikaans, Maleier-Afrikaans, Werkersklasafrikaans en Johannesburgse Omgangsafrikaans.

2.2.3.1 Fokale variëteit, primêre groepe en dialek

(i) Fokale variëteit: Mense verskil van mekaar betreffende die mate waarin hulle die verskillende variëteite van hul taal suksesvol hanteer. Hierdie verskille kan o.a. toegeskryf word aan 'n verskil in die mate van blootstelling aan of kontak met die onderskeie variëteite van die taal. Die variëteite wat mense die beste beheer, is "... those to which we have the most exposure within our contact group, particularly in the early period of intense speech habit formation." (Joseph 1981: 48-49). Joseph sê verder: "One particular variety is also certain to dominate our experience, and this is the one that will be most natural, most 'native' to us." Hierdie variëteit is dan die spreker se fokale variëteit.

(ii) Primêre groepe: Die belangrikste kriterium vir die fokale variëteit in bostaande definisie van Joseph is dat dit daardie variëteit is waaraan die kind insy taalaanleerstadium grootliks blootgestel is. Onder normale omstandighede is hierdie variëteit dié een wat deur bepaalde groepe mense insy onmiddellike omgewing en ouerhuis gebruik word. Na hierdie groepe sal verwys word as 'primêre groepe'.

Die belangrikste faktore wat 'n kind se omgewing en dus die primêre groepe bepaal, is:

- (a) Die sosio-ekonomiese klas waartoe die gesin behoort. Hierdie faktor sal, veral in 'n stedelike opset, grootliks bepaal in watter gebied die gesin woon, na watter skool die kind sal gaan en dat hy uiteraard met mense wat tot dieselfde sosio-ekonomiese groep hoort, in noue aanraking sal kom.
- (b) Etnisiteit: Etniese groepe toon sterk groepslojaliteit en groepsgebondeheid, onafhanklik van die feit of dit deur wetgewing afgedwing word al dan nie. Motivering vir hierdie aanname spreek duidelik uit die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die Ann Arbor-hofsaak in Amerika (Labov 1982) en wat verder aan in Hoofstuk VI bespreek word.
- (c) Streek: Alhoewel moderne Westerse gemeenskappe 'n toenemende mate van geografiese mobiliteit toon, is streek van herkoms in bepaalde gevalle steeds 'n primêre faktor in die omlýning van primêre groepe en fokale variëteite.
- (d) Geslag: Die wyse waarop die verskille tussen die geslagsgroepe gemanifesteer word, kan minder of meer subtiel wees. Geslagsidentifikasie is egter een van die belangrikste vormende kragte in 'n kind se rypingspro-

ses en samehangend hiermee is die sg. 'manlike taal' en 'vroulike taal' se invloed deel van die kind se identifikasieproses.

(e) Ouderdom: Die verskille tussen ouderdomsgroepe blyk o.a. uit die taalgebruik van die onderskeibare groepe. Labov (1972a: 241-254) het aange-
toon dat identifikasie met en die gevolglike invloed van die ouderdoms-
groep by jeugdiges belangrike linguistiese gevolge het.

(iii) Dialek: Probleme i.v.m. die term 'dialek' is in 'n groot mate toe te skryf aan die betekenis wat dit vir die algemeen sprekende publiek inhou; 'n betekenis wat dikwels gekoppel word aan die tradisionele gebruik in die taalkunde om d.m.v. dié term te verwys na variëteite van 'n bepaalde taal wat in sekere streke voorkom. Inbegrepe by hierdie betekenis van "dialek", is ook 'n mate van subjektiewe evaluering, d.w.s. dat 'n dialek op een of ander wyse 'n 'afwykende' taalvorm is.

Binne die moderne sosiolinguistiek word hierdie term neutraal gebruik: "dialek" word bloot as term gebruik om te verwys na 'n bepaalde soort variëteit van 'n taal.

Betreffende die verskil en verband tussen 'taal' en 'dialek' is al heelwat geskryf. F.F. Odendal (1979: 40-41) bespreek verskeie redes hoekom "die presiese verband tussen die begrippe 'taal' en 'dialek' moeilik wetenskaplik vas te pen (is)." 'n Belangrike aspek wat Odendal noem, is dat "dit in die laaste instansie die sprekers self is wat oordeel of hulle dieselfde dialek praat of nie: dit is hulle (taal)samehorigheid wat bepaal of 'n bepaalde individu of groep hul dialek praat of 'n ander." (1979: 41).

Uit die voorafgaande aanhaling blyk dit dat 'n dialek of dialekte van 'n taal gekenmerk word deur gemeenskaplike norme. Anders as wat dit die geval is met die neutrale term 'variëteit', verwys die term 'dialek' na 'n variëteit wat geassosieer is met die sosio-kulturele identiteit van die spreker. By die identifikasie en beskrywing van dialekte moet die linguïst ook bepaalde sosiologiese kwessies ondersoek en bevredigend beantwoord. Hierdie kwessies behels byvoorbeeld aangeleenthede soos die sosiale struktuur van die spraakgemeenskap, groepsverbondenheid en groepslojaliteit, die norme (insluitend taalnorme) vir sosiale interaksie, e.d.m.

Sosiolinguistiese navorsing (bv. dié van W. Labov, P. Trudgill, D. Hymes, C.J.N. Bailey e.a.) het aangetoon dat fokale variëteite kovarieer met bepaalde ekstra-linguistiese faktore in die taalgemeenskap. Hierdie faktore is nl. dié wat bepalend is vir die vorming van primêre groepe soos bespreek onder 2.2.3.1: (ii), nl. sosio-ekonomiese klas, etnisiteit, streek, geslag en ouder-

dom.

Labov het in sy studies byvoorbeeld van die uitgangspunt uitgegaan dat die omgangstaal van swart laerklassprekers van Amerikaanse Engels 'n variëteit van Amerikaanse Engels is. Hierdie hipotese is deur sy navorsing bevestig: - hy het aangetoon dat "Black English Vernacular" (BEV) 'n eiesoortige struktuur het en dat die sprekers daarvan dieselfde norme handhaaf vir die gebruik en beoordeling van die variëteit. In hierdie geval is dit dus geregverdig om BEV as 'n dialek van Amerikaanse Engels te beskou: - dit kan beskryf word as 'n sosiale dialek/sosiolek sowel as 'n etniese dialek.

Die volgende terme word gebruik om te verwys na die soorte dialekte wat onderskei kan word:

- Sosiale dialek (sosiolek): kovarieer met bepaalde sosiale faktore.
- Etniese dialek: Kovarieer met etnisiteit.
- Streeksdialek (Geografiese dialek): Kovarieer met bepaalde streke.
- Ouderdomsdialek: Kovarieer met ouderdomsgroepe.
- Geslagsdialek: Kovarieer met geslag.

2.2.3.2 Situasionele variëteite: styl en stilistiese variasie

Die terme 'styl' en 'stilistiese variasie' word gebruik om te verwys na die sogenaamde 'situasionele variëteite'. Style is situasiegebonde variëteite van 'n bepaalde taal, d.w.s. stilistiese variasie kovarieer met verskillende kommunikasiesituasies.

Die mate van formaliteit van 'n kommunikasiesituasie wissel as gevolg van sekere faktore soos bv. die aard van die situasie, die gespreksonderwerp, die gespreksgenote, die feit of dit een- of tweerigting kommunikasie is, ens.

M. Joos (1962: 13) het die volgende styltipes, wat vandag algemeen aanvaar word, onderskei: -

Bevroe styl: die mees formele styltipe, hoofsaaklik beperk tot geskrewe taal.

Formele styl: "... is that appropriate to all public and serious expression; to spoken use in legislative assemblies, in courts, in the pulpit; to 'belles-lettres' or artistic literature; to legal and scientific writing." (Cassidy 1968: xi).

Gesprekstyl: die styltype wat bv. gebruik word teenoor 'n onbekende tydens 'n semi-formele kommunikasiesituasie.

Informele styl: die styltype wat gebruik sal word tydens kommunikasie met bekendes in informele situasies.

Intieme styl: Die styl wat gebruiklik is vir kommunikasie met gesinslede en goeie vriende.

Soos in die geval van ander soorte variëteite, is die grense tussen die styltypes nie duidelik afbakenbaar nie. Op die gebied van die leksikon is die afbakening enigszins duideliker: die gemiddelde moedertaalspreker sal 'weet' wanneer hy sal praat van vader x pa x pappie x oukêrel x ou-toppie.

Stilistiese norme vorm deel van die moedertaalspreker se taalkennis. Sprekers verskil egter in die mate waarin hulle die verskillende style suksesvol kan hanteer. Ook hier het die mate van blootstelling aan die verskillende style, veral in die taalaanleerstadium, blykbaar 'n bepalende invloed op individue se vermoë tot stilistiese variasie.

2.2.3.3 Aktiwiteitsgebonde variëteite, sekondêre groepe en registers

(i) Aktiwiteitsvariëteite en sekondêre groepe

Namate 'n kind se sosiale wêreld groter word, word hy lid van 'n verskeidenheid sg. "sekondêre groepe". Die bestaan van hierdie sekondêre groepe sentreer om 'n bepaalde aktiwiteit waarmee die lede van die groep gemoeid is. 'n Individue kan dus lid wees van een of meer sportgroepe, hy kan hoort tot 'n studentegemeenskap of -groep, hy kan lid wees van 'n bepaalde beroepsgroep, ens. Een van die ongeskrewe vereistes vir lidmaatskap van 'n sekondêre groep, is dat 'n persoon die jargon van die groep moet ken.

(ii) Register

Die sekondêre groep bekend as linguïste gebruik die term 'register' om te verwys na wat nie-lede min of meer verstaan onder 'jargon'.

Ferguson en De Bose (1977: 101) beskryf registervariasie as volg: "... (it) reflects the occasion, topic and respective roles of the language users, and hence every individual has a repertoire of registral variation corresponding to a range of different occasions and users of language."

Ferguson en De Bose se omskrywing is m.i. redelik wyd en die onderskeid

tussen stilistiese variasie en registervariasie is steeds vaag. Ek wil graag 'n ad hoc- en nouer omskrywing gee van die term register, nl. dat dit 'n aktiwiteitsgebonde variëteit van 'n taal is wat deur 'n sekondêre groep gebruik word. Hierdie groepe gebruik dus elk 'n bepaalde register wanneer hulle besig is met die aktiwiteite wat eie is aan daardie groepe. So is studentetaal 'n register, d.w.s. 'n variëteit wat studente gebruik wanneer hulle besig is met die aktiwiteit van studentwees.

M.C.J. van Rensburg (1983b: 19) bespreek wat hy noem "eksklusiewe registers": "Enige groep wat sy identiteit wil bewaar deur sy eksklusiwiteit in onverstaanbare of half-onverstaanbare taal te manifesteer, gebruik 'n bepaalde register van 'n standaardvorm daarvan" (1983b: 20). M.i. is alle registers tot 'n mindere of meerdere mate eksklusief: - die eksklusiwiteit van 'n groep word deur die vereiste dat die lede daarvan die register van die groep ken, verseker.

2.3 DIE GRENSE VAN EN VERHOUDING TUSSEN VARIËTEITE

Die onderskeid tussen die verskillende soorte variëteite, d.w.s. dialekte, style en registers, is funksioneel van aard. Die soorte variëteite funksioneer dus op verskillende vlakke van die interaksionele verhouding tussen die gemeenskap en sy taal.

'n Strukturele begrensing van die soorte variëteite is egter baie moeiliker en in bepaalde gevalle bykans onmoontlik. 'n Dialek kan ook byvoorbeeld gebruik word as 'n informele stilistiese variëteit en 'n register kan ook gekenmerk word deur eienskappe van 'n dialek. Claassen (1983: 32) kom byvoorbeeld, na aanleiding van sy ondersoek van die register wat bestempel kan word as 'rugbytaal', tot die gevolgtrekking dat daar weinig verskil is in "... die taalgebruik van die verskillende klasse rugbyspelers (bereken volgens opvoedkundige kwalifikasies)." Rugbytaal as register funksioneer egter ook as 'n informele stilistiese variëteit: "'n Mens moet onthou dat ongeïnhibeerde spraak die natuurlikste vorm van taaluiting kan wees. Die rugbyspeler vra homself nie in die hitte van die stryd of 'n term geldig is of nie. Die natuurlikste vorm word gebruik ..." (Claassen 1983: 33). Hierdie "natuurlike vorm" as aktiwiteitsgebonde register, deel bepaalde strukturele eienskappe met sekere stilisties informele variëteite. Die opvallendste ooreenkoms lê by die gebruik van Engelse woorde en terme. 'n Bespreking van die voorkoms van Engelse woorde in Pretoriase Omgangsafrikaans volg onder 4.2.2.4 en 4.2.3.4.

Die grense tussen linguistiese variëteite is egter feitlik nooit diskreet nie. Halliday (1978: 158) wys daarop dat variëteite onderskei word op grond van karakteristieke "patterns of selection within the range of linguistic variety." Hierdie seleksiepatrone reflekteer egter nie 'n een-tot-een-verhouding tussen variëteite en linguistiese veranderlikes nie: "Die verskille is eerder kwantitatief van aard, d.w.s. die variante van 'n veranderlike kom by alle groepe voor, maar nie in dieselfde mate nie." (Webb s.j.: 56). Strukturele verskille tussen variëteite is dus gradueel van aard en die grense tussen variëteite is gevolglik non-diskreet.

2.4 OPSOMMING

'n Taal as heterogene entiteit bestaan uit 'n aantal variëteite. Onderskeid word gemaak tussen fokale variëteite, situasionele variëteite en aktiwiteitsvariëteite. Nadat 'n deeglike, empiries gegronde beskrywing van hierdie variëteite gemaak is, word onderskeidelik daarna verwys as dialekte, style en registers.

Die afbakening van die variëteite word gedoen om die beskrywing van die heterogene taal te vergemaklik. Alhoewel die verskillende variëteite onderskeibaar is, is hulle in die taalwerklikheid nie skeibaar nie. 'n Taal kan dus beskou word as 'n kontinuum van verskillende soorte variëteite.

HOOFSTUK III

STANDAARDTAAL EN STANDAARDAFRIKAANS

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die term 'standaardtaal' aanvanklik en voorlopig omskryf aan die hand van bepaalde definisies daarvan in die literatuur. Na aanleiding hiervan word tot die slotsom gekom dat die entiteit standaardtaal aan die hand van drie hoofkriteria, nl. die status, vorm en funksies daarvan, ondersoek en beskryf moet word. 'n Bespreking van hierdie drie kriteria volg, met telkense toepassing daarvan op Standaardafrikaans. Op grond van die gegewens i.v.m. Standaardafrikaans word ten laaste 'n herwaardering van Standaardafrikaans gegee.

3.2 ALGEMEEN BESKAAF (AB) EN KULTUURTAAL

In resente, (hoofsaaklik sosiolinguistiese) literatuur, word die term 'standaardtaal' algemeen gebruik. Voorkeur vir dié term bo die ouer 'Algemeen Beskaaf' lê moontlik in die siening dat laasgenoemde term 'n bepaalde waardeoordeel inhou, dat dit "onjuis en kwetsend" (Odendaal 1979: 44) mag wees. Die term 'standaardtaal' word dus in hierdie studie gebruik en aanhalings uit bronne wat betrekking het op 'Algemeen Beskaaf' word as geldend beskou vir standaardtaal, d.w.s. die twee terme word as sinonieme gesien.

Die term 'kultuurtaal' kan beskou word as 'n pre-teoretiese begrip wat in taalpolitiese en taalsosiologiese konteks verwys na dieselfde entiteit as waarna standaardtaal verwys. H.J.J.M. van der Merwe (1968: 79) omskryf Afrikaans as kultuurmedium as: "Die gebruik van Afrikaans uit nasionale oorwegings, d.w.s. ter wille van volk en kultuur ..."

3.3 STANDAARDTAAL EN STANDAARDAFRIKAANS

3.3.1 Standaardtaal

P.L. Garvin (1964: 522) gee die volgende omskrywing van standaardtaal: "a codified form of a language, accepted by and serving as a model to a larger speech community." J.E. Joseph (1981: 7) is van mening dat "the term standard language designates a dialect adapted to serve in exclusive functions of an advanced civilization." Buiten die beskrywing van die funksies,

is Joseph van mening dat 'n standaardtaal ook onderskei word op grond van twee verdere kriteria, nl. die vorm en die status daarvan. Volgens Joseph se beskouing is die kodifisering wat deur Garvin genoem is, 'n funksie van die standaardtaal. Garvin beskou dit egter as 'n kenmerk van 'n standaardtaal. Hierdie aangeleentheid word verder bespreek onder 3.4.3.4.

Volgens die begripsomskrywings wat in hierdie studie gebruik word (Hoofstuk II), sal die standaardtaal (of eerder die standaardvorm van 'n taal), voorlopig omskryf word as 'n variëteit van die betrokke taal wat 'n bepaalde status in die taalgemeenskap geniet en waarvan die vorm tydens die standaardiseringsproses in 'n mindere of meerdere mate aangepas is, hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik nie), om die sogenaamde standaardtaalfunksies te verrig. Hierdie funksies sluit o.a. in dat dit die medium vir die tegnologie en onderwys is, dat dit as breër bo-dialektiese kommunikasiemedium aangewend word en dat dit 'n ideologiese funksie verrig.

3.3.2 Standaardafrikaans

Vir die omskrywing van Standaardafrikaans word twee definisies daarvan, een uit die vroeëre literatuur en een meer recent, gebruik om aan te toon dat die drie omskrywingskriteria nl. vorm, status en funksies, hoewel nie duidelik onderskeibaar nie, tog wel deeglik geïmpliseer word:

- "Afrikaans is vandag 'n kultuurtaal, omdat ons Afrikaans gebruik, nie alleen in ons briewe aan mekaar nie, maar ook in ons koerante, as ons gedigte maak, as ons verhalwe skrywe, as ons wette opstel, of wetenskaplike werke oor wis- en natuurkunde, oor skeikunde, oor plant- en dierkunde, oor wysbegeerte, ekonomie, staatsleer, kuns, ens. Dis 'n kultuurtaal omdat die beste families dit onder mekaar praat in die sitkamer, omdat ons dit gebruik op vergaderings, in ons publieke kantore, in kerk en skool en universiteit. Dis 'n kultuurtaal omdat ons Bybel daarin geskrywe is, omdat dit ons diepste ontroeringe vertolk, omdat die buiteland dit erken as een van die offisiële tale van ons land." (Le Roux 1939: 13).

Le Roux het dit in sy omskrywing hoofsaaklik oor die funksies van Standaardafrikaans. Hy raak ook aan die kwessie van die status van Standaardafrikaans: of Standaardafrikaans deur slegs en deur al die "beste families" gepraat word, is debatterbaar en word onder 3.4.1 verder ondersoek.

- "Die standaardvorm van Afrikaans is 'n idealisering van hoe Afrikaans deur sy toonaangewende sprekers gepraat behoort te word. Dit is die Afri-

kaans wat aan geïstitutionaliseerde instellings gekoppel word - die Afrikaans wat in die Kerk en die Skool gehoor behoort te word, van verhoë af, in Staatsdienskantore, in kultuurliggame, ens. Dit is ook die Afrikaans wat in goedversorgde koerante behoort te staan, en in die meeste van die boeke wat Afrikaanslesers toegelaat word om te lees. Kortom: dié norm van geskrewe en gesproke Afrikaans is 'n teken van Afrikaans se taalstatus - vir 'n standaardtaal bestaan daar 'n besliste vorm waarvolgens hy gepraat en geskryf behoort te word." (Van Rensburg 1983a: 135).

Van Rensburg raak in sy omskrywing aan al drie kriteria, maar wat opmerklik is in sy definisie is die feit dat hy Standaardafrikaans as 'n geïdealiseerde entiteit beskou, 'n taalvorm wat in sy geskrewe en gesproke vorm aan bepaalde normvereistes behoort te voldoen. Die geldigheid van hierdie beskouing sal in die loop van hierdie hoofstuk ondersoek word.

Die term wat voorlopig gebruik sal word om na die standaardvorm van Afrikaans te verwys, is variëteit. Nadat die standaardvariëteit van Afrikaans aan die hand van Joseph (1981) se drie kriteria, nl. vorm, funksies en status ondersoek is, sal gepoog word om 'n herwaardering van Standaardafrikaans te gee.

3.4 DIE STATUS, VORM EN FUNKSIES VAN DIE STANDAARDVARIËTEIT

Joseph (1981) wys daarop dat die drie ontwerpkenmerke van die standaardvariëteit, nl. status, vorm en funksie, nie onafhanklik van mekaar bestaan nie. So kan die eise wat die vervulling van 'n bepaalde funksie aan die standaardvariëteit stel, sekere veranderinge in die vorm daarvan dwingend maak. Die funksie van die standaard as die medium vir skriftelike kommunikasie sal byvoorbeeld, soos in die geval van die eerste Bybelvertaling in Afrikaans, bepaalde vormvereistes daaraan stel. Die vertaalde Bybel sal op sy beurt weer grootliks bydra tot 'n verhoging in die status van die standaardvariëteit.

3.4.1 Status van die standaardvariëteit

Status of prestige is moeilik omskryfbare begrippe, eerstens omdat dit van gemeenskap tot gemeenskap en van kultuur tot kultuur kan verskil en tweedens, omdat dit berus op die subjektiewe oordele van die lede van 'n gemeenskap. Dit is dus nie 'n eienskap wat inherent is aan objekte of mense wat status geniet nie, maar iets wat deur die gemeenskap daaraan toegevoeg word: "... prestige exists not in the person who possesses it, but in the

minds of those with whom he is in contact." (Joseph 1981: 5).

Die status wat die standaardvariëteit geniet, is nie inherent van aard nie, d.w.s. status word daaraan geheg omdat persone wat in die oë van die gemeenskap hoë aansien het, hierdie variëteit gebruik: "A language or dialect acquires prestige as a consequence of the fact that its speakers are (for some non-linguistic reason) prestigious." (Joseph 1980:6).

Die verband tussen die sosiale status van sprekers en die standaardvariëteit word algemeen aanvaar, soos dit uit resente literatuur blyk: "As is usually the case, the language of the upper classes constitutes the national standard ..." (Guy 1981:5). "The speech of prominent or admired people (is) often adopted as a standard or model, although there is no reason to think that any dialect of a language has intrinsic merit over the others." (Langacker 1973: 55).

Die kernidee in al die voorafgaande aanhalings behels dat die standaardvorm van 'n bepaalde taal 'n variëteit van die betrokke taal is wat deur 'n groep wat status of aansien binne die gemeenskap geniet, gebruik word.

Soos reeds onder 3.4 genoem, dra die aanwending van die standaardvariëteit vir die standaardtaalfunksies by tot die aansien of status wat hierdie variëteit geniet. Die prestigevariëteit van 'n bepaalde taal word in die eerste plek dus deur 'n bepaalde groep sprekers in die spraakgemeenskap gebruik as kommunikasiemedium. In die tweede instansie word hierdie prestigevariëteit gebruik om bepaalde funksies te verrig. Die dubbele status wat as gevolg van hierdie twee feite aan die standaardvariëteit toegesê word, lewer bepaalde probleme op met betrekking tot die bepaling van die hoëstatusvariëteit.

3.4.1.1 Bepaling van die standaardvariëteit

Uit die bostaande paragraaf blyk dit dat die bepaling van die standaardvariëteit minstens vanuit twee gesingspunte kan geskied. Eerstens kan dit per objektiewe beskrywing van die taalgebruik van die toonaangewende sprekers in die gemeenskap gedoen word. Ten tweede kan dit gedoen word aan die hand van gedokumenteerde voorskrifte waarvolgens die standaardvariëteit se vorm bepaal word ten einde 'n norm daar te stel vir die funksionele aanwending van die standaardvariëteit.

Afhangende van watter een van hierdie twee gesingspunte aanvaar word

vir die bepaling van die standaardvariëteit, sal die studieobjek en die metodes van ondersoek uiteraard verskil. In die loop van hierdie hoofstuk en in Hoofstuk V sal gepoog word om die standaardvariëteit van Afrikaans vanuit beide gesigspunte te ondersoek en te beskryf.

(i) Standaardafrikaans as preskriptiewe norm

Data i.v.m. die preskriptiewe taalnorme vir Standaardafrikaans is verkry uit bepaalde bronne waarin voorskrifte gegee word oor hoe Afrikaans geskryf en gepraat behoort te word. Die hoofbron wat in hierdie verband gebruik is, is die Taalbulletin van die SAUK. Die voorskrifte in dié bulletin is bepaal deur die Komitee vir Taaladvies (KTA) van die SAUK, wat hulle ten doel stel om "... die 'foute' wat 'oor en oor' begaan word" hok te slaan deur middel van hierdie voorskrifte. (SAUK 1984: 4).

(ii) Standaardafrikaans as die taalgebruik van standaardsprekers

Die verkryging van data oor die standaardvariëteit van Afrikaans as die taalgebruik van 'n bepaalde prestigegroep in die spraakgemeenskap, blyk egter 'n baie meer ambisieuse onderneming te wees. Voordat hierdie data ingesamel kan word, is dit nodig om die sprekerskorps van die standaardvariëteit van Afrikaans te identifiseer. Soos reeds genoem, word hierdie sprekerskorps deur die res van die gemeenskap as 'n elitegroep beskou.

In die Taalbulletin (SAUK 1976) word as een van die algemene leidrade die volgende gesê in antwoord op die stelling dat "baie hoog geplaaste en goed geleerde persone swak Afrikaans praat": "Dit is 'n teenstrydige uitslating. Swak Afrikaans kan alleen deur swak Afrikaners gepraat word. Hoe bepaal 'n mens wat goeie Afrikaans is? Deur na die einste 'goed geleerde' mense te luister."

Dit kan aanvaar word dat met "goeie Afrikaans" in bostaande aanhaling verwys word na Standaardafrikaans. Odendaal (1979: 44) sê egter in hierdie verband dat AB (Algemeen Beskaaf) nie die taal van alle toonaangewende persone is nie. Volgens hom behou hooggeplaastes dikwels, wat hy noem "afwykende vorme" in hul taal a.g.v. onvermoë of moedswilligheid.

Oor die bepaling van die verband tussen die sprekerskorps en standaardvariëteit in die Afrikaanse taalgemeenskap, is daar nog weinig of geen werklike empiries gegrunde navorsing gedoen nie. Omdat so 'n studie 'n volwaardige projek op sigself is, en dit nie binne die bestek van hierdie studie gedoen kan word nie, word die siening van A.S. Kroch (1978: 17) oor wie

die standaardsprekers is, hier aanvaar: "The public prestige dialect of the elite in a stratified community differs from the dialect(s) of the non-elite strata (working class and other) ... The exact relationship between this dialect and the social elite is far from clear at the present. For one thing the dialect seems most characteristic not of an economic and/or political ruling class but of the professional representatives of the dominant culture: i.e. the elite in such professions as academia, the law, business management, medicine and the mass media." Hierdie omskrywing sluit tot 'n groot mate aan by dié van Webb en De Villiers (1985: 197), te wete "... dat die sprekers van SA (Standaardafrikaans) die gegradueerde moedertaalsprekers van Afrikaans is."

Alhoewel hierdie standpunt moontlik aanvegbaar is, word dit by gebrek aan 'n (gepubliseerde) alternatiewe standpunt, as uitgangspunt aanvaar vir die identifisering van die standaardsprekers van Afrikaans. Aangesien hierdie sprekerskorps vir die doeleindes van hierdie studie verskraal is tot 'n aantal verteenwoordigers van die akademiese professie en die massamedia, moet 'n omlýning van die taalgebruik van hierdie sprekerskorps as 'n voorlopige (en onvolledige) beskrywing van die standaardvariëteit van die gegradueerde moedertaalsprekers van Afrikaans beskou word.

3.4.2 Vorm van die standaardvariëteit

Soos vroeër reeds genoem, het die status sowel as die funksies van die standaardvariëteit 'n bepalende invloed op die struktuur en vorm daarvan. Alhoewel die invloed van die funksies en die status in die praktyk nie altyd duidelik van mekaar te onderskei is nie, word ter wille van 'n meer sinvolle bespreking gepoog om hierdie onderskeid wel te handhaaf.

3.4.2.1 Die invloed van standaardtaalfunksies op die strukturele en leksikale eienskappe van die standaardvariëteit

Onder 3.4.3 word in meer detail ingegaan op die onderskeie funksies van die standaardvariëteit. In hierdie bespreking gaan dit hoofsaaklik oor die wyse waarop die standaardvariëteit se vorm beïnvloed word deur die funksies wat hy moet verrig.

'n Bepaalde variëteit van 'n taal is nie sonder meer 'bevoeg' om in standaardtaalfunksies gebruik te word nie. Hierdie 'bevoegdheid' word verkry tydens 'n proses van standaardisering waar hoofsaaklik aan die vorm van die variëteit geskaaf word. Die 'skaafproses' behels twee hoofaktiwiteite, nl. uitbreiding deur die toevoeging van strukturele en leksikale

elemente, en kontrole, d.w.s. die wering van 'ongewenste' elemente uit die variëteit wat gestandaardiseer word.

3.4.2.1.1 Uitbreiding van die standaardvariëteit

Joseph (1981: 123) gee die volgende rede vir uitbreiding: "As the language is put to use in prestige functions appropriate to standards, inadequacies continuously come to light and must be remedied." Afrikaans het hom in 1925 met die amptelike erkenning daarvan in sodanige posisie bevind: "Tog was Afrikaans destyds nie veel meer as 'n veldtaal nie. Die verheffing daarvan tot landstaal het geweldige eise daaraan gestel." (Van der Merwe 1968: 90).

Die ontwikkelende standaard word as't ware deur sy nuwe gebruiksfere gedwing om uit te brei. Die mate van uitbreiding hou direk verband met die snelheid en omvang van die kulturele ontwikkeling van die taalgemeenskap. (Joseph 1981: 124). In die geval van Afrikaans moes hierdie ontwikkeling noodgedwonge teen 'n geweldige tempo geskied: "... die oorgang in 1925 (was) baie skielik. Kans vir geleidelike aanpassing was daar nie. Afrikaans is met 'n pennestreek op gelyke voet gestel met 'n taal wat oor eeue heen die oorgang van volkstaal tot staatstaal kon meemaak en groot hoogtes bereik het." (Posthumus 1968: 93).

3.4.2.1.1.1 Remediële en kosmetiese uitbreiding

Joseph (1981: 154 & 155) onderskei tussen twee tipes uitbreiding, nl. remediële en kosmetiese uitbreiding. Die term remediële uitbreiding verwys volgens hom na "... those elements that actually fill or obviate a substantial inadequacy in language, no matter on what level (phonological, lexical, etc.)". Joseph is van mening dat kosmetiese uitbreidings egter nie lei tot die uitbreiding van 'n taal se "... capabilities of expression" nie. Kosmetiese uitbreidings het waarskynlik hoofsaaklik sosiale betekenis.

Alhoewel die skeidslyn tussen die twee tipes uitbreiding redelik vaag en onderhewig aan subjektiewe beoordeling is, wil dit m.i. voorkom asof remediële uitbreiding o.a. genoodsaak word deur die eise wat die standaardtaalfunksies aan die standaardvariëteit stel, terwyl bepaalde aspekte van die status van die standaardvariëteit, kosmetiese uitbreiding inisieer. Soos onder 1.3.1.2.2: (iii) aangedui, is dit die beskouing van die sosiale taalwetenskap dat die sosiale funksies wat 'n taal verrig, net so belangrik is as die referensiële funksies daarvan. In die lig van hierdie beskouing

skep die relatiewe waarde wat Joseph aan remediële en kosmetiese uitbreidings heg, m.i. ietwat van 'n skewe beeld. Kosmetiese uitbreidings is net so substansieel soos remediële uitbreidings, aangesien vormlike aspekte van die taal wat 'n sosiale statusfunksie verrig, daardeur tot stand kom.

Kosmetiese uitbreidings word verderaan onder 3.4.2.2.1 bespreek. Remediële uitbreiding word hoofsaaklik bewerkstellig deur ontlening aan 'n ander taal of tale.

3.4.2.1.1.2 Ontlening: Natuurlike en doelbewuste ontlening

Die wyse waarop 'n taal uitbrei, verskil van taal tot taal, maar dit behels hoofsaaklik ontlening aan 'n ander taal of tale of die skepping van eie vorme. Joseph (1981: 127) onderskei tussen ontlening as natuurlike verskynsel in taalkontaksituasies en ontlening met die doel om die standaardvariëteit uit te brei ten einde standaardfunksies te kan verrig. Na e.g. sal verwys word as 'natuurlike ontlening' en na lg. as 'doelbewuste ontlening'.

(i) Doelbewuste ontlening in Afrikaans: Vernederlandsing

Afrikaans het in die loop van sy geskiedenis heelwat natuurlike ontlenings geken, maar met die amptelike status wat hy in 1925 verkry het, het dit noodsaaklik geword om ook doelbewus te ontleen. Die brontaal vir hierdie ontlenings was Nederlands, eerstens as gevolg van die noue verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands, en tweedens as gevolg van die reaksie teen Engels op kulturele en politieke vlak.

Die mate waarin Afrikaans hom tot Nederlands gewend het, blyk uit die volgende stellings: "Wel kan die jong taal uit Nederlands put, en dit het hy ook ruimskoots gedoen ..." (Posthumus 1968: 93). Posthumus sê verder dat die primêre bron van die Sentrale Vaktaalburo aan die begin Nederlandse woordeboeke was: "Elkeen wat moes vertaal weet hoe dié bron letterlik leeg gesuig is." (1968: 94). Van Rensburg (1983a) en M.D. Uys (1983) bespreek ook die aanleuning van Afrikaans by Nederlands in hierdie tydperk en verwys daarna as "die vernederlandsing van Afrikaans".

Volgens Van Rensburg (1983a: 139-140) is die enkele positiewe gevolg van hierdie vernederlandsing die verhoging in status wat dit vir Afrikaans meegebring het. As gevolg van die lae aansien wat Afrikaans in hierdie stadium gehad het, is die vernederlandsing egter té ver gevoer: "Baie kenmerke van die tipiese Voortrekker-Afrikaans is na omstreeks 1930 as nie-standaard aangevoel, nie waardig genoeg vir Afrikaans se nuwe status nie,

en is op die agtergrond gedwing." Hierdie siening word gestaaf deur Posthumus (1968: 93): "Die opvatting dat 'n landelike volkstaal 'n skamele woordeskat het, is in alle gevalle twyfelagtig en in die geval van Afrikaans beslis onwaar. Die landelike Afrikaner van die 19de eeu, met sy taal wat in 1925 landstaal geword het, was 'n man wat nagenoeg elke beroep van dié dae moes beoefen."

Doelbewuste ontlenings kan beskou word as een van die wyses waarop remediële uitbreiding plaasvind. Dit is veral op die gebied van die leksikon waar daar in Afrikaans 'n groot aantal voorbeelde van hierdie tipe remediële uitbreiding te vinde is. Van Rensburg (1983a: 139) beskryf die gevolge van hierdie tipe remediële uitbreiding as volg: "Die hoër persentasie Nederlandse woorde in ons woordeboeke as waartoe die Afrikaanse - hoofsaaklik plattelandse - volkstaalvorme self in staat was, was een van die redes waarom die bestending van die Afrikaanse eievorme nie voltooi kon word nie. Dit wemel van Nederlandse woorde en onafrikaanse sintaksisstrukture in die Bybelvertaling - veral in die 1933-vertaling. Vakterme het baie sterk by Nederlands aangeleun. Onderwysers en ander geleerdes, regs-lui, predikante en amptenare wat pas uit Nederland teruggekeer het, het die taalsaak van die Afrikaanssprekende plattelander, met baie in sy taal wat aan lae-status Nederlandse dialekte laat dink het, ook nie juis aangehelp nie." Voorbeelde van doelbewuste ontlenings word deur Van Rensburg (1983: 144-148) en Uys (1983: 177-250) gegee.

Doelbewuste ontlening as remediële uitbreidings is 'n nodige en regverdige proses in die uitbreiding van die standaardvariëteit, mits dit plaasvind met uitbreiding as doel. Indien remediële uitbreiding egter plaasvind ten koste van bestaande taalvorme en met die doel om die status van die ontlenende taal daardeur te verhoog, sal die standaardvariëteit waarin die ontleende vorme opgeneem word, noodwendig heelwat van sy natuurlike aard inboet. (Van Rensburg 1983a: 140).

Hierdie doelbewuste ontlenings uit Nederlands in Afrikaans sedert 1925 hou belangrike implikasies in vir die huidige beskouing van Standaardafrikaans, veral m.b.t. heelwat van die preskriptiewe norme vir die standaardvariëteit. Die aard van hierdie implikasies word verderaan vollediger ondersoek.

(ii) Natuurlike ontlening in Afrikaans

Natuurlike ontlening kom hoofsaaklik voor in taalkontaksituasies. Een van die komponente van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans, is die in-

vloed wat o.a. Engels, Duits, Frans, Hottentots en Maleis veral op die woordeskat van Afrikaans gehad het. Die huidige kontaksituasie tussen Afrikaans en veral Engels, het ook heelwat natuurlike ontlenings tot gevolg.

Natuurlike ontlenings in die standaardvariëteit ten einde hierdie variëteit uit te brei om die standaardtaalfunksies te verrig, was in die geval van Afrikaans egter seldsaam. As gevolg van die rol wat Engels in die geskiedenis van Afrikaans gespeel het, word natuurlike ontlenings aan Engels tot 'n groot mate deur die kontroleproses uit die standaardvariëteit van Afrikaans geweier. Hierdie aangeleentheid word vollediger bespreek onder 3.4.2.1.2.1.

3.4.2.1.2 Kontrole van die standaardvariëteit

Kontrole is, soos reeds genoem, die proses waardeur bepaalde 'ongewenste' linguistiese variante uit die standaardvariëteit geweier word. Hierdie 'ongewenste' variante kom gewoonlik in een of ander van die ander variëteite van die spreektaal voor.

Kontrole van die standaardvariëteit is 'n noodwendige gevolg van die uitbreiding daarvan: "In the normal development of a standard language, however, the two forces maintain an unsteady balance, the scale tipping in alternate directions throughout the life of the language." (Joseph 1981: 166).

Hierdie balansverskuiwing is duidelik te bespeur in die ontwikkeling van Afrikaans tot 'n standaardtaal. Die aanvanklike stadium van grootskaalse uitbreiding is in die afgelope paar dekades in 'n groot mate vervang met 'n proses van kontrole. Die posisie van Afrikaans m.b.t. die werking van die twee kragte is egter tot 'n sekere mate uniek, omdat daar nie, soos gewoonlik die geval is, slegs twee tale by betrokke was en is nie. In die geval van Afrikaans, is en was Nederlands sowel as Engels in hierdie proses betrek.

In die volgende twee onderafdelings volg 'n bespreking oor wie taalkontrole toepas en die gronde waarop kontrolebesluite geneem word. Tweedens word die posisie van Afrikaans met betrekking tot Engels en Nederlands ondersoek.

3.4.2.1.2.1 Taalkontroleurs en die kriteria vir taalkontrole

Twee belangrike vrae wat beantwoord moet word in 'n bespreking van

taalkontrole is:

(i) Wie het die outoriteit en mag om taalkontrole toe te pas, d.w.s. wie is die kontroleurs?

(ii) Wat is die kriteria vir taalkontrole?

(i) 'n Taalkontroleur kan 'n individu of 'n instansie wees. In die geval van Afrikaans tree instansies soos die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Taaldiensburo en die Komitee vir Taaladvies van die SAUK op in hierdie hoedanigheid. Individue wat 'n aandeel het in taalkontrole sluit o.a. in leksikograwe, grammatici, onderwysers, redakteurs en subredakteurs van dagblaie en tydskrifte asook in die uit-saaiwese. Die geldigheid van die taalvoorskrifte van hierdie persone en instansies word direk bepaal deur die kriteria waarop hulle besluite gegrond is.

(ii) Oor die kriteria vir taalkontrole en -voorskrifte is die literatuur redelik vaag. Webb (1983d: 372-373) gee 'n aantal redes vir hierdie onduidelikheid. 'n Kwessie wat Webb aanraak maar nie bevredigend opklaar nie, is die terminologiese verwarring rondom die begrip 'norm'. Boshoff (1963: 26-40) gebruik byvoorbeeld, in navolging van Jespersen (1925), die term 'standaard' in dieselfde betekenis as wat Odendal (1979: 64-79) die term 'norm' en Webb (1983d) die term 'normeringsgrond' gebruik.

Oor die definiëring van die term "norm" wil ek my by Van Wyk (1978: 100) aansluit: " 'n Norm is dus, ... 'n attribuut van 'n saak of sake self en nie iets wat van buite af daaraan opgelê is of daaroor uitgeoefen word nie." Hieruit spreek dit dus vanself dat taalnorme inherent aan 'n taal is, en dat taalgebruiksnorme "natuurlike, meestal onbewuste, maatstawwe waaraan die gepastheid van taaluitings deur taalgebruikers beoordeel word" is. (Van Wyk 1978: 100). Volgens Webb (1983d: 377) is taalgebruik dus deur en deur genormeer, d.w.s. "alle variëteite van 'n taal (is) genormeer, geskik en gepas vir verskillende sosiale en situasionele kontekste." Taalnorme lê dus, soos Webb (1983d: 375) tereg aandui "op die interseksie-punt van 'n aantal terrein van die lewe ... nl. die sosiale, die psigologiese en taal ..." Om te praat van byvoorbeeld "die norm van styl", "die norm van historisiteit" e.d.m. (Odendal 1979), is volgens hierdie redenasie, terminologies foutief. Die terme "norm" in Odendal en "standaard" in Boshoff verwys m.i. na wat Webb noem "normeringsgronde", d.w.s. gronde wat in die tradisionele taalkunde as ekstern tot taal beskou is en waarvolgens

besluite geneem word oor die aanvaarbaarheid of gepastheid, al dan nie, van taalgebruiksvorme.

Webb (1983d: 381-388) lewer kritiek op die geldigheid van die verskillende normeringsgronde en kom tot die gevolgtrekking dat Jespersen se demokratiese standaard (in terme van die terminologie hier gebruik dus die demokratiese normeringsgrond), die enigste manier is om taalnorme vas te stel. Hy verskaf vervolgens 'n voorlopige raamwerk waarvolgens sosiolinguïstiese norme volgens die demokratiese normeringsgrond bepaal en uiteindelik beskryf kan word in die vorm van veranderlikereëls. Die "normveranderlikes" wat Van Wyk (1978: 103-106) bespreek, word ingesluit onder die "eksterne kondisionerende faktore in sosiolinguïstiese prosesse" (Webb 1983d: 384), en word as sodanig geïnkorporeer in hierdie veranderlikereëls.

Taalnorme word dus uiteindelik beskryf deur grammatikareëls, en reëls wat nie op demokratiese wyse bepaal is nie, is bes moontlik nie 'n geldige beskrywing van die betrokke taal se sisteem nie. Volgens Joseph (1981: 180) kan die reëls van 'n gestandaardiseerde taal 'n beskrywing of 'n weerspreking wees van die norme. In hierdie verband sê hy: "The greater the number of non-normal rules a standard language possesses, the more likely it is to be perceived as 'artificial'."

Besluite oor taalkontrole moet dus gebaseer wees op "the usage of the majority of cases. In other words, the prescription - which I will henceforth call the rule - may be based on an empirical description of the norm." (Joseph 1980: 179).

Kontrolebesluite oor taalvorme in Afrikaans deur genoemde instansies en persone is tot 'n groot mate bepaal of beïnvloed deur die posisie van Afrikaans met betrekking tot Nederlands en Engels tydens die standaardisering van Afrikaans. Die kontaksituasie tussen Afrikaans en Engels het tot op hede ook 'n invloed op die aard van hierdie kontrolebesluite.

3.4.2.1.2.2 Die posisie van Afrikaans m.b.t. Nederlands en Engels

In die 18de en 19de eeu, toe Afrikaans nog hoofsaaklik gesproke volkstaal was, het 'n toestand van diglossie ontstaan t.o.v. Nederlands as hoëfunksietaal en Afrikaans as laefunksietaal. Vir die 'opheffing' van die status en vorm van Afrikaans in die 20ste eeu is, soos reeds genoem, met die goedkeuring van gesagsinstansies, swaar geleun op die hoër Nederlands. Die diglossiesituasie tussen Afrikaans en Nederlands is hierdeur, en ook veral omdat Nederlands hier ter plaatse nie meer gepraat is nie, opgehef.

In hierdie proses was Nederlands die 'amptelike' bron vir uitbreiding, d.w.s. Nederlands is aanvaar as die hoërstatus taal.

Engels is in die loop van hierdie proses 'amptelik' nie as hoërstatus taal ten opsigte van Afrikaans beskou nie. Of dit wel altyd die 'nie-amptelike' beskouing, d.w.s. die beskouing van die Afrikaanssprekendes was, is te betwyfel. J.C. Steyn (1977: 194) haal die volgende gedeelte uit M.E.R. se My beskeie deel aan om die prestige van Engels in Suid-Afrika te illustreer: "Toe ek 'n kind was, was die Engelse voorbeeld in vele dinge op ons dorp baie sterk." En verder: "Vanaf gedwonge Engels en strafbare moedertaal het ons meisies gekom tot gewillige en gladder hantering van Engels op skool, op straat en onder mekaar." Ook C.J. Langenhoven het in van sy werke gehekel met die 'Engelsheid' van statusbewuste Afrikaners.

Met die verstedeliking van die verarmde plattelandse Afrikaner in die dertigerjare, het die amptelike status van Afrikaans min waarde gehad om aan Afrikaans 'n skyn van aansien te gee in die stedelike gemeenskappe. Hoewel daar volgens my wete nie navorsing gedoen is hieroor nie, is die waarskynlikheid sterk dat daar in 'n stad soos Johannesburg 'n diglossiesituasie ontstaan het vir die Afrikaanssprekende, met Engels as hoërstatus taal en Afrikaans as laerstatus taal. Anders as wat dit die geval was met Nederlands, het ons hier te make met 'n konkrete taalkontaksituasie en die onvermydelike gevolg daarvan, nl. taalbeïnvloeding. Namate die Afrikaanssprekende stedeling se maatskaplike en ekonomiese posisie verbeter het, het sy taal ook meer mededingend geword ten opsigte van Engels. Die hoër status van Engels en die noue kontaksituasie tussen Afrikaans en Engels moes egter spore gelaat het op die Afrikaanse spreektaal.

Die kontroleproses van die afgelope aantal jare was en is steeds primêr daarop gemik om Anglisismes en Engelse vorme uit Afrikaans te weer. In hierdie poging het Afrikaans dikwels weer sy Nederlandse borswering aange-trek, soos dit blyk uit voorskrifte soos die volgende in die jongste Taalbulletin van die SAUK: "Braaf is Nederlands en beteken goed, gaaf, deug-saam en nie dapper nie" (p.38).

Oor die meriete of nadele van taalpurisme word nie hier uitgebrei nie. Wat op hierdie stadium wel van belang is, is 'n objektiewe waarneming van die invloed wat hierdie kontroleproses op die standaardvariëteit van Afrikaans gehad het en vandag nog het. Dié invloed word gemanifesteer in 'n al hoe groter wordende gaping tussen die Afrikaans wat voorgeskryf word en die Afrikaans wat gepraat word, ook deur sprekers wat sonder twyfel as stan-

daardsprekers beskou word. Een van die vele voorbeelde wat gebruik kan word ter ondersteuning van hierdie stelling, spreek uit die volgende situasie: Tydens 'n formele vergadering het 'n professor in Afrikaans drie maal verwys na "'n student wat baie angstig is om met sy kursus aan te gaan", maar probleme ondervind, want hy is "in die longmasjien in".

Die gevolgtrekking wat m.i. gemaak kan word, is dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat voorgeskrewe Standaardafrikaans tot 'n meerdere of mindere mate verskil van die standaardvariëteit van Afrikaans soos dit deur die standaardsprekerskorps gebruik word. Na e.g. sal verderaan verwys word as Superstandaardafrikaans, en na lg. as Standaardafrikaans.

3.4.2.2 Die invloed van die status van die standaardvariëteit op die strukturele en leksikale eienskappe daarvan

Buiten die status wat die standaardtaalfunksies aan die standaardvariëteit verleen, is die prestigewaarde van hierdie variëteit grootliks toe te skryf aan die aansien wat standaardtaalsprekers in die oë van die taalgemeenskap geniet. Uitbreiding en kontrole van die standaardvariëteit vind ook plaas deur die minder of meer bewustelike toedoen van die standaardsprekers. Die tipe uitbreidings wat op hierdie wyse plaasvind, kan meestal geklassifiseer word as kosmetiese tipe uitbreidings (Joseph 1981: 155). Kontrole van die standaardvariëteit het weer 'n duidelike konserwatiewe of behoudende inslag.

3.4.2.2.1 Kosmetiese uitbreidings

Kroch (1978: 19) wys op bepaalde aspekte van 'n standaardvariëteit wat m.i. geklassifiseer kan word as uitbreidings van die kosmetiese aard. Hy beweer dat "... there is both experimental and historical evidence that prestige dialects require special attention to speech, attention motivated not by the needs of communication, but by status consciousness."

Volgens Kroch is sprekers van die elitegroep geneig om sg. "elaborate styles" in te voer en by ander prestige-groepe te leen. Anders as wat dit die geval is by die omgangstaal, is die prestige-variëteit geneig om die uitspraak van geleende vorme te behou. Daar word volhard in hierdie neiging lank nadat die omgangstaal reeds die uitspraak van die geleende vorme geassimileer het aan die eie uitspraakpatrone.


Dit wil voorkom asof hierdie neiging wel voorkom in die Afrikaans van standaardsprekers. 'n Informele ondersoek van die taalgebruik van die standaardsprekerskorps, waar lg. geïdentifiseer is volgens die kriteria wat

vroeër in die hoofstuk uiteengesit is, lewer kenmerke wat m.i. kosmeties van aard is. Hoewel die verlaging van /ε/ na [æ] voor 'n /k,l,r,x/, waarskynlik wel een van die fonologiese reëls van die standaardvariëteit is, word sg. 'vreemde woorde' blykbaar hierby uitgesluit. Na aanleiding van die reaksie van sprekers op die gebruik van [æ] in hierdie tipe woorde, wil dit lyk asof hierdie uitspraakvorme gestigmatiseer is. Enkele voorbeelde hiervan is:

	<u>Standaardvariant</u>	<u>Gestigmatiseerde variant</u>
<u>eksperiment</u>	[εksperəment]	[ækspæriment]
<u>aspek</u>	[aspək]	[aspæk]
<u>televisie</u>	[teləvisi]	[tæləvisi]
<u>konteks</u>	[kɔntɛks]	[kɔntæks]
<u>seks</u>	[sɛks]	[sæks]

Die [æ]-variant kom wel algemeen voor in die sg. 'vreemde woorde' in Pretoriase Omgangsafrikaans (vergelyk 4.2.3.2.1). Die moontlikheid bestaan m.i. dat die uitsluiting van bepaalde woorde met betrekking tot die inwerking van genoemde fonologiese reël in Standaardafrikaans, o.a. toegeskryf kan word aan die inhiberende invloed van nie-linguistiese faktore.

Opmerking: Om die graad van verlaging van /ε/ aan te dui, word die volgende fonetiese en diakretiese tekens gebruik: [æ], [æ[↓]] en [ɐ]. Die variant [æ] toon relatief die minste verlaging, terwyl [æ[↓]] effens laer is as [æ]. Beide [æ] en [æ[↓]] val binne die toleransiearea van /ε/. Volgens Du Plessis (1983: 51) "... val die sentraal, middellae [ɐ] op die onderste grens van die Schwa-gebied." Die posisie van hierdie drie variante op die vokaalkaart is min of meer die volgende:



3.4.2.2.2 Kontrole en die konserwatiewe aard van die standaardvariëteit

Kroch (1978: 30) is van mening dat die konserwatisme van die prestigevariëteit gekoppel is aan die algemeen konserwatiewe waardesisteem van die sosiale elite en dat juis dit 'n aansluitingspunt tussen die literêre taal en die gesproke standaardvariëteit vorm: "From this standpoint the conservatism of the literary language has basically the same source as that of the spoken prestige dialect, since the standards of the literary language are set by the elite."

L. Bloomfield (1964: 393-4) het in hierdie verband gesê: "... the standard language, closely tied up with the literary language, tends to become archaic (that is, to ignore the changes of the last generations) ...". Die mening van McDavid (1979: 11) is dat "... a literary tradition may preserve, in a special status, limbo forms that are no longer part of everyday discourse."

Die volgende voorskrif uit die Taalbulletin (SAUK 1983: 52) wat oorge neem is uit Van der Merwe (1975: 78), illustreer die konserwatiewe en behoudende aard van die standaardvariëteit: "DROM: Die woord drom word veral op die platteland gebruik vir 'n konka of 'n drom paraffien, petroldrom, hoewel daar reeds jare teen die gebruik geveg word. Of daardie stryd teen drom egter enige sukses gehad het, is vir die KTA nie duidelik nie.

:Onthou: Drom is nog steeds 'n Anglisisme vir 1. 'n trom/trommel (benaming vir 'n slaginstrument, of vir 'n roterende silindriese onderdeel van bv. 'n dorsmasjien. 2. 'n konka (of vat) 3. oortrommel (miskien beter bekend as trommelvlies). Voorts: ons gebruik drom in Afrikaans slegs as 'n s.nw. en wel vir 'n saamgedronge menigte."

Nog 'n voorbeeld wat die behoudende aard van die standaardvariëteit illustreer, is Steyn (1978: 78) se bespreking van die posisie van die persoonsvorm in bysinne. Steyn werk met twee moontlike variante van hierdie linguistiese veranderlike: Die a-variant het die bysinwoordorde SVO (bv. Die rede is dat hulle neem twee vakke) en die b-variant het die SOV-bysinwoordorde (bv. Die rede is dat hulle twee vakke neem). Die a-variant is volgens Steyn 'n spreektaalvariant, terwyl die b-variant eerder in die skryftaal aangetref sal word.

Steyn wys op gevalle waar die a-tipe variant wel in die skryftaal voorkom, en kom tot die gevolgtrekking: "... die a-variant kom in die spreektaal in alle stylvorme voor en ook by sprekers uit alle streke en sosiale lae van die taalgebied." (1978: 78). Hierdie beskouing word ondersteun

deur die data wat vir hierdie studie ingesamel is. 'n Enkele voorbeeld word hier genoem: Tydens 'n formele toespraak deur die rektor van 'n Afrikaanse universiteit is o.a. die volgende sin gebruik: "Ons het uitgewys dat ons kan nie in die middel van die jaar 'n kursus staak nie."

In antwoord op die vraag wat die taalkundige en/of taalpolitikus aan hierdie tipe "foute" kan doen, sê Steyn (1978: 95): "Die minste is seker wel om nie 'n variant soos die a-variant as korrek te erken vir die skryftaal of vir voorbereide tekste bv. vir toesprake, lesings, die radio en die televisie nie." Hierdie sienswyse word weerspieël in die SAUK se Taalbulletin (1983: 45): "Dat (Woordorde): Die omgekeerde woordorde volg op dat. Ons moet noulettend wees hierop want dit is een van die foute wat die meeste voorkom in nuusbuletins. Bv. Ons het baie gehoor dat hierdie All Blacks is baie goed. Moet wees: Ons het baie gehoor dat hierdie All Blacks baie goed is."

Odendal (1979: 72-75) se "norm van die skryftaal" en "norm van styl" word waarskynlik gebruik as normeringsgronde in die bepaling van taalvoorskrifte soos dié in die vorige paragrafe. Die feit dat oortredings van hierdie voorgeskrewe norm voorkom in die skryftaal, in formele situasies, deur standaardsprekers en in "vorbereide tekste vir die radio en televisie", is m.i. aanduidend daarvan dat Afrikaans waarskynlik besig is om t.o.v. die bysinwoordorde na dat weg te beweeg van die SOV-orde. Die konserwatiewe aard van die standaardvariëteit blyk daaruit dat hierdie waarskynlik natuurlike verandering aan die hand van preskriptiewe norme uit Standaardafrikaans geweer word.

3.4.3 Funksies van die standaardvariëteit

In enige ontwikkelende taalgemeenskap ontstaan daar gewoonlik 'n behoefte aan 'n algemene taalvorm wat gebruik kan word in die vervulling van funksies wat die hele gemeenskap raak. Hierdie standaardtaalfunksies sal vervolgens bespreek word aan die hand van Joseph (1981) se uiteensetting daarvan en daar sal gepoog word om aan te dui hoe die standaardvariëteit van Afrikaans vir dié funksies aangewend word, of daardeur beïnvloed word.

3.4.3.1 Breër, bo-dialektiese kommunikasiemedium

Met betrekking tot hierdie funksie kan gesê word dat die standaardvariëteit as 'n lingua franca funksioneer, indien ons onder hierdie term verstaan dat dit verwys na die "function or circumstance in which a language serves, with no implications regarding its structure." (Joseph 1981: 74).

Joseph sê ook verder: "... every standard language serves as a koine or lingua franca in some measure."

3.4.3.1.1 Die standaardvariëteit as mediataal

In sy funksie as medium vir breër kommunikasie, is die standaardvariëteit o.a. die medium van die radio en televisie. Volgens mnr. A. Lee (persoonlike onderhoud), taaladviseur van die SAUK, is dit die ongeskrewe beleid van die SAUK om persone met opvallende "dialektiese uitspraak" nie as aanbieders van die meer formele programme, soos bv. die nuus en aktualiteitsprogramme, te gebruik nie. By implikasie kan dus gesê word dat hierdie funksie van die standaardvariëteit wel erken word deur instansies soos die SAUK.

Twee belangrike aspekte wat verband hou met hierdie funksie van die standaardvariëteit is die mate waarin die mediataal die taal van die taalgemeenskap beïnvloed en die kwessie van vertaling vanuit ander tale in die standaardtaal. M.b.t. eersgenoemde is Joseph (1981: 84) en Webb (persoonlike mededeling) dit eens dat die aandeel wat die radio en televisie het in die verspreiding en aanleer van die standaardvariëteit deur die taalgemeenskap, gering is. Joseph gee die rede hiervoor: "Television and radio are of limited linguistic influence because, although they continually spout the standard at the dialect-speaking listener, the latter cannot reply and receive the feedback (both positive and negative) necessary for efficient assimilation of the language."

Die radio- of televisie-aanbieder word ook nooit 'n persoonlike model nie, d.w.s. daar ontstaan nie 'n band van solidariteit tussen die omroeper en die luisteraar nie. Die spraakgemeenskap se taal word dus nie na die voorbeeld van die mediataal gevorm nie, as gevolg van die gebrekkige identifikasie van die lede van die spraakgemeenskap met die omroepers.

Die opname van 'n aantal uitdrukkings uit gewilde programme deur die publiek, soos byvoorbeeld: "Ek voel beswaard" of "Nie sodat jy dit sal agterkom nie", is nie teenvoorbeelde vir die beskouing wat in die vorige paragraaf uiteengesit is nie. Die rede hiervoor is dat sodanige uitdrukkings hoogs periferaal is tot die taalgedrag van die gemeenskap en dat hulle gewoonlik 'n kortstondige lewe het.

3.4.3.1.2 Die standaardvariëteit as vertaaltaal

In verband met vertaling uit ander tale, sê die Taalbulletin (SAUK 1984: 5): "Die materiaal wat van die georganiseerde nuusagentskappe gekoop

word, is deur die bank 'Engels, alles Engels'." Dus is die "nuustaal" van die SAUK in 'n groot mate "vertaalafrikaans". F. Ponelis het in 'n lesing wat hy op 4/10/83 by die Universiteit van Pretoria gelewer het, daarop gewys dat daar o.a. as gevolg van die vertaalbaarheidseis wat aan Afrikaans gestel word, bepaalde taalversteuringsverskynsels in Afrikaans te bespeur is.

Joseph (1981: 85) is egter van mening dat vertaling ook kan lei tot uitbreiding ("elaboration") van die vertaaltaal: "In the context of translation, elements from the source language can be 'forced' into the target language with greater ease."

Die argument dat ontlening en beïnvloeding aanvaarbaar is in gevalle waar daar sogenaamde 'leemtes' in die vertaaltaal bestaan, vind egter nie in die praktyk neerslag nie. Die vraag of beïnvloeding en ontlening lei tot die 'reduksie' of 'uitbreiding' van die vertaaltaal, kan nie simplisties beantwoord word nie. 'n Grondige studie van hierdie onderwerp, kan m.i. kosbare inligting verskaf oor die toekoms van Afrikaans.

Enkele voorbeelde van taalvorme in Afrikaans wat waarskynlik toegeskryf kan word aan vertaling vanuit Engels, word vervolgens gegee. Persoonlike kommentaar oor die kwessie of hierdie tipe voorbeelde gevalle is van taalversteuring of taaluitbreiding, word weerhou omdat, soos reeds genoem, hierdie aangeleentheid 'n diepgaande ondersoek verg voordat sodanige kommentaar gelewer kan word. Die voorbeelde is verkry uit die Taalbulletin (SAUK 1984) en word in die lig van die voorskrifte oor hierdie voorbeelde, nie deur die KTA as gevalle van taaluitbreiding beskou nie.

- (a) "Aanduidings: Daar is aanduidings dat (korrek). Die aanduidings is dat is 'n regstreekse vertaling van the indications are: Moet lui: Daar is aanduidings dat." (p.10).
- (b) "Donkiejare: 'n Engelse slang-uitdrukking (donkey's years) wat ontoelaatbaar in Afrikaans is." (p.50).
- (c) "Elke: Die volgende is anglisties: Ek verwag hom elke tweede/derde/sesde maand. Dit moet wees al om die ander maand, al om die drie maande, al om die ses maande." (p.57).
- (d) "Handig: Die uitdrukking: Dit kom handig in (te pas) is 'n Anglistisme vir dit kom goed te pas.
: Tik is 'n baie handige vak. Moet wees: nuttige." (p.78).
- (e) "Insluitend: Insluitend is Anglisties. Die toergeselskap, insluitende drie gidse, is vasgekeer. Moet wees: onder wie, met inbegrip van, wat

drie gidse insluit. Groot reserwes steenkool, insluitende steenkool en uraan. Moet wees: waaronder." (p.90).

- (f) "Kleurryk: Kleurvol is anglisisties. Gebruik kleurryk." (p.103).
- (g) "Rof: Rof is 'n Anglisisme. Moet wees: ru.: 'Die wedstryd was baie rof.' Moet wees: 'Die wedstryd was baie ru' of 'Dit was 'n baie ruwe wedstryd'." (p.163).
- (h) "Staan: Staan word in baie gevalle onder die invloed van Engels gebruik, meerendeels om is of het aan te dui. 'Die oproep staan in verband met ...' Moet wees: is in verband met. 'Hy staan geen kans nie.' Sê: '... hy het geen kans nie ...' (p.179).

3.4.3.2 Ideologiseringsfunksie

Hierdie funksie het hoofsaaklik betrekking op die standaardtaal as simbool van nasionale eenheid en solidariteit. Die mening bestaan dat die standaardiseringsproses waarvolgens 'n bepaalde variëteit van die taal van 'n ontwikkelende taalgemeenskap tot die standaardtaal ontwikkel, ontken word deur die bewuswording by 'n volk van sy eie nasionaliteit. Die standaardisering van Afrikaans hang in alle waarskynlikheid ten nouste saam met die Afrikaner se nasionale bewuswording. Die doelstelling van die Afrikaanse Taalgenootskap ondersteun hierdie siening: "1) om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is en dat dit ook as skryftaal moet gebruik word; 2) om 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteitsgevoel aan te kweek en te ontwikkel" (Van der Merwe 1968: 87).

3.4.3.2.1 Taalstandaardisering

Joseph is van mening dat 'n sinvolle ondersoek en bespreking van 'n standaardtaal 'n studie van die ontwikkeling daarvan (d.w.s. die standaardiseringsproses), insluit: "Thorough knowledge requires that the subject's development be traced, starting from the deepest discernable roots" (Joseph 1981:12). Waardevolle kennis oor Standaardafrikaans kan ingewin word deur 'n uitgebreide studie oor die standaardisering van Afrikaans. Ek wil vervolgens net kortliks na bepaalde aspekte van die standaardisering van Afrikaans kyk.

Die standaardiseringsproses waaraan Afrikaans onderhewig was, verskil van die standaardiseringsproses waarvolgens die standaardvariëteit in bv. Engeland en Amerika onderhewig was. In laasgenoemde gevalle het standaardisering behels "... the acceptance and codification of a norm based on the

vernacular language of the culturally dominant people." (Smith & Lance 1979: 128). In die geval van Afrikaans het standaardisering 'n kunsmatige ingreep op die taal wat op natuurlike wyse aan die ontwikkel was, behels. Soos reeds genoem, word daar hierna deur sekere taalkundiges verwys as die "vernederalisering van Afrikaans". Volgens Van Rensburg (1983a: 139-140) hou hierdie tipe standaardisering bepaalde gevolge in vir die taal: "'n Taal kan ook van 'n ander taal se aansien gebruik maak om hom van sy ondergeskikte status te verlos, om hom in sy 'verandering' (m.i. standaardisering) aan te help. Dit is vandag nie algemeen bekend dat Nederlands hierdie rol nog taamlik onlangs moes speel nie. Ook nie in watter mate Afrikaans wel weer vernederalis het na sy erkenning as amptstaal in 1925 nie. Die hoër persentasie Nederlandse woorde in ons woordeboeke as waartoe die Afrikaans - hoofsaaklik plattelandse - volkstaalvorme self in staat was, was een van die redes waarom die bestending van Afrikaanse eievorme nie voltooi kon word nie." Verder sê hy ook: "Baie kenmerke van die tipiese Voortrekker-Afrikaans is na omstreeks 1930 as nie-standaard aangevoel, nie waardig genoeg vir Afrikaans se nuwe status nie, en is op die agtergrond gedwing. Hierdeur is die ontwikkelingslyn van Afrikaans versteur." (p.140). Hierdie Afrikaans wat as 't ware in die studeerkamer geskep is, is gekodifiseer (vergelyk 3.4.3.4) en deur die owerheid as Standaardafrikaans voorgelê: - 'n proses waardeur die basis vir 'n kunsmatige standaardvariëteit, Superstandaardafrikaans, gelê is.

3.4.3.2.2 Superstandaardafrikaans as preskriptiewe norm

Die superstandaardvorm van Afrikaans (voorbeeld hiervan word in Hoofstuk V gegee), het grootliks 'n kunsmatige karakter en dit kon sedert 1930 hierdie kunsmatige aard nie afskud nie. Volgens Uys (1983: 147) word Nederlands steeds as buitenorm vir Afrikaans gebruik: "Selfs vandag nog blyk dit dikwels dat Afrikaners nie heeltemal van hul minderwaardigheid teenoor Nederlands ontslae geraak het nie. Heimlik voel sommige 'taalbewustes' nog vandag dat Nederlands tog maar die fatsoenlike taalvorm bied en eintlik nagevolg behoort te word." Ter staving van hierdie siening noem sy o.a. die kontrole van Anglisismes aan die voorbeeld van Standaard-Nederlands.

Volgens W. Haas (1982: 6) ontstaan so 'n superstandaard deurdat linguïste 'n buitenorm, of te wel die beskrywing van 'n ander taal/tale se grammatika neem as raamwerk vir die beskrywing van die eie taal. Hy sê i.v.m. Engels die volgende: "For centuries linguists were content to apply to their own native tongue whatever framework of description had been found

appropriate for Greek or Latin. They did not learn from the ancient grammarians how to ask the appropriate questions; they simply transferred to their own languages the answers those questions had elicited from the data of Greek or Latin. As a result other languages were, to a considerable extent, misdescribed. And it is this prescriptive misapplication of precious tradition ... (that) were in conflict with prevailing usage and, therefore, with any adequate description of it." Hy noem vervolgens voorbeelde van hierdie foutiewe voorskrifte in Engels, o.a. die gebruik van die voornaamwoord in voorwerpsposisie: "It is I" i.p.v. die algemeen gebruikte "It is me." In die Taalbulletin van die SAUK (1984: 82-83) vind ons 'n soortgelyke tipe voorskrif i.v.m. "hom-sinne":

"a) Hier is hy die taak gegee om ...

b) Hy is gevra om ...

Die KTA sê dat hy in sin (a) deur hom vervang moet word, maar hy in sin (b) in orde is. Om die verskil in die twee gevalle duidelik te laat uitkom, keer die woordorde om en laat die sin met Toe is begin.

a) Toe is die taak aan hom gegee.

b) Toe is hy gevra om."

Verder word gesê dat die sin "As hy 'n kans gegun word ..." nie aanvaarbaar is nie, en dat die korrekte vorm is: "As hom 'n kans gegun word ..."

Die kernvraag i.v.m. voorskrifte van hierdie aard, nl. op watter gronde hierdie norme berus, kom hier weer eens onder bespreking. Haas (1982: 6) sê i.v.m. die voorbeelde wat hy gebruik: "the lesson to be learned from such failures is, of course, that we should be aware not of prescriptive norms but only of deriving them from inadequate descriptions." Hierdie kwessie oor die normeringsgronde word weer beskou onder die kodifiseringsfunksie (3.4.3.4) van die standaardvariëteit.

3.4.3.3 Medium vir tegnologie en onderwys

Een van die maatstawwe waaraan die ontwikkelingspeil van 'n nasie gemeet word, is die stand van sy tegnologiese ontwikkeling. Tegnologiese ontwikkeling het ook 'n belangrike invloed op die taal van 'n gemeenskap: "Technology is a function appropriate to the standard language." (Joseph 1981: 90).

Suid-Afrika het in die afgelope paar dekades geweldige tegnologiese ontwikkelinge geken en midde hierin staan die Afrikaanssprekende Suid-Afri-

kaner. Sprekend hiervan is die groot aantal vaktermpublikasies wat tans beskikbaar is. Volgens Joseph het die tegnologiese funksie van die standaardvariëteit 'n sterk invloed op die leksikon en sintaksis van 'n taal.

Die standaardvariëteit is ook die medium van onderrig. Op hierdie funksie en die aanwending van Standaardafrikaans as onderrigmedium, word in die laaste hoofstuk uitvoeriger ingegaan.

3.4.3.4 Kodifisering

Kodifisering van 'n taal word algemeen beskou as die grammatikale beskrywing van 'n taal. 'n Beskrywing van die fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese komponente, sowel as die leksikon, word by 'n grammatikabeskrywing inbegryp.

Volgens Joseph is kodifisering 'n funksie van die standaardvariëteit: "One may regard codification as a standard language function having linguistic form as its sole and specific domain. (1981: 94). In die literatuur word kodifisering deur 'n aantal linguïste (o.a. Garvin 1964: 521) nie as 'n funksie nie, maar wel as 'n kenmerk van die standaardtaal beskou.

Die aanvaarding dat die standaardvariëteit dien as model vir die kodifiseringsproses, lê m.i. ten grondslag van die beskouing van kodifisering as 'n funksie van die standaardvariëteit. Alternatiewelik kan die gekodifiseerde standaardtaal beskou word as 'n produk van die kodifiseringsproses: die standaardvariëteit word dus daardeur gekenmerk dat dit gekodifiseer is.

Die beskouing van kodifisering as hetsy 'n funksie of 'n kenmerk van die standaardvariëteit hou nie probleme in vir die kodifiseringsproses nie. Dit wil egter voorkom asof die wyse waarop kodifisering plaasvind, wel enigsins problematies kan wees.

3.4.3.4.1 Kodifisering: 'n Preskriptiewe of 'n deskriptiewe aktiwiteit?

Anna Coetzee (1982: 276) bespreek die onderskeid wat Wolfram en Fasold (1974: 18-19) maak tussen formele en informele standaardisasie: "Formele standaardisasie geld vir vorme wat vir die taal voorgeskryf word deur die grammatikaboeke, woordeboeke en taalakademies." "Informele standaardisasie vind sonder die hulp van preskriptiewe boeke of akademies plaas. Dit is die normalisasie in die rigting van 'n bepaalde vorm van taalgebruik met 'n statusaspek." Sy sê verder: "Sosiale struktuur speel dus by informele standaardisasie 'n groot rol."

Die linguïese primêre doel is om deskriptief, en nie preskriptief nie, te werk te gaan: "The linguist's proper concern is to describe how people speak, not to prescribe how they ought to speak." (Haas 1982: 1). Haas wys egter verder daarop dat die taalwetenskaplike wel die verantwoordelikheid moet aanvaar dat sy deskriptiewe taalanalise uiteindelik preskriptief aangewend sal word.

Met formele standaardisasie word o.a. gepoog om 'n preskriptiewe norm daar te stel. Dat daar wel 'n behoefte aan 'n preskriptiewe norm bestaan in enige ontwikkelde taalgemeenskap, is nie te betwyfel nie. Die belangrike vraag is egter: Wat is die normeringsgronde van hierdie preskriptiewe norme?

Webb (1983d: 378-380) gee 'n kritiese beskouing van die normeringsgronde wat Boshoff (1963: 26-40) en Odendal (1979: 70-79) bespreek en kom onderskeidelik tot die volgende gevolgtrekkings: In verband met Boshoff sê hy: "Sy slotsom is dat taalgeleerdes die norme van Afrikaans moet bepaal, met verantwoordelike toepassing van die sewe standaarde." Laasgenoemde is o.a. die gesagstandaard, die aardrykskundige standaard, die aristokratiese standaard en die demokratiese standaard. Oor Odendal se siening sê Webb: "Ook hy wys op problematiese aspekte van elk, maar gee ten slotte geen oplossing vir die normeringsprobleem nie."

In aansluiting by Webb, word hier kortliks gewys op 'n aantal probleme wat hierdie normeringsgronde skep en reeds in die verlede geskep het m.b.t. die formele standaardisasie van Afrikaans.

- Vroeër in hierdie hoofstuk is reeds gekyk na die invloed wat die 'norm van 'n ander taal' op 'n taal kan hê. Odendal (1979: 72) sê hieroor: "Die beskouing dat die norme van een taal vir ander van krag is, is volkome foutief; meer nog, dit is onsinnig." Verder ook: "Nederlands kan nie aan Afrikaans voorskryf hoe hy daar moet uitsien nie." Nogtans word die norm van Nederlands, hoofsaaklik as gevolg van 'n 'anglismevrees', steeds vir Afrikaans gebruik. Dit blyk duidelik uit die volgende soort 'taalvoorskrifte' wat in die Taalbulletin van die SAUK (1984) voorkom:

"Belangeloos: Die Komitee vir Taaladvies beveel aan dat hierdie woord gebruik word in die betekenis van onbaatsugtig en nie in die betekenis van sonder belangstelling nie. Belangeloos beteken dus: sonder betaling, sonder om eie voordeel te soek. Eng: disinterested (belangeloos) en nie uninterested (sonder belangstelling) nie." (p.29).

"Braaf: Braaf is Nederlands en beteken goed, gaaf, deugsam en nie dapper nie." (p.38).

"Eventueel: Eventueel beteken miskien en nie uiteindelik nie." (p.59).

Die norm van 'n ander taal het in die geval van Afrikaans, soos vroeër reeds bespreek, dus bes moontlik bygedra tot die vorming van Superstandaard-afrikaans.

- Die norme van suiwerheid en historisiteit (Odendal 1979: 75-78) hang m.i. in die geval van Afrikaans nou saam met die norm van 'n ander taal. In die standaardiseringsproses van Afrikaans is, soos reeds genoem, die stryd om taalsuiwerheid hoofsaaklik teen die invloed van Engels gevoer en die sterkste wapen in die stryd was (en is dikwels steeds) die historiese band tussen Afrikaans en Nederlands.

- Odendal (1979: 73) bespreek ook "die norm van styl." Die omskrywing van hierdie norm is verwarrend, omdat daar m.i. nie duidelikheid is oor wat hier met "styl" bedoel word nie en omdat "goeie" of "korrekte" taalgebruik gelykgestel word aan standaardtaal en aan verhewe styl. Volgens Diagram a in Hoofstuk II word style beskou as situasionele variëteite en word die formele of verhewe styl aangewend in bepaalde funksionele sfere van die standaardvariëteit, bv. in die kerk. Webb (1983d: 379) sê dat hierdie "gelykstelling van Standaard-Afrikaans met formele taalgebruik", bepaalde probleme lewer: "Formele gesproke styl is per definisie sterk gemonitorde spraak en Labov (1978: 208) het in hierdie verband reeds aange-
toon dat die spreekstyl vol inkonsekwentheid en onsistematiesheid is." Hierdie bevinding van Labov hou die implikasie in, dat indien 'n beskrywing van die meer formele stilistiese variëteit as die beskrywing van die standaardvorm van die taal beskou word, die kunsmatige en onnatuurlike aard van die standaardvorm verhoog word. Anders gestel: indien styl as normeringsgrond aanvaar word, is die kans goed dat die uiteindelige beskrywing van die taal 'n beskrywing van 'n superstandaard sal wees.

- S.P.E. Boshoff (1963) en M. de Villiers (1977) se siening dat taalkundiges moet besluit oor die aanvaarbaarheid al dan nie van taalvorme impliseer dat die taalkundige se taalintuïsie aanvaar moet word as basis vir normering van die standaardvariëteit. Sodanige standpunt kan daartoe lei dat daar 'n nog groter gaping tussen die taal en sy voorgeskrewe standaardvariëteit ontstaan. Webb (1983d: 379) voer as rede hiervoor aan: "omdat linguïste se intuïtiewe oordele sterk beïnvloed word deur hul teoretiese verwagtinge,, en omdat linguïste dikwels van mekaar verskil t.o.v. hul lin-

guistiese oordele."

Die sosiolinguistiese standpunt is, simplisties gestel, dat die standaardvorm van 'n taal bepaal moet word op grond van die bestudering van die taalgedrag van die standaardtaalsprekers. Hiervolgens sal die preskriptiewe norme vir formele Standaardafrikaans dus gegrond wees op 'n deskriptiewe analise van die gebruik van Standaardafrikaans deur standaardspreekers in formele kontekste. In Hoofstuk V word 'n aantal preskriptiewe norme vir Standaardafrikaans (d.w.s. Superstandaardafrikaans), gekontrasteer met die vorme wat in formele situasies deur standaardspreekers van Afrikaans gebruik word.

3.4.3.5 Medium vir die geskrewe taal

Een van die belangrike aspekte in die standaardisering van 'n taal, is die ontwikkeling van die skryftaal. Die proses, en die probleme wat daarmee ondervind is, is in die geval van Afrikaans goed gedokumenteer.

Volgens Joseph (1981: 109-110) en H. Kloss (1967: 33) is die bepalende kriterium vir geskrewe standaardtaal, dat dit gebruik word vir non-fiksie, d.w.s. vir handboeke en handleidings oor alle onderwerpe, staatsdokumente, nuusblaaie, ens. Gemeet aan hierdie kriterium het geskrewe Afrikaans dus reeds sy wasdom bereik.

Soos reeds bespreek onder 3.4.2.2, is die geskrewe taal, as gevolg van sy meer permanente aard, konserwatiewer as die gesproke taal en het die geskrewe taal 'n invloed op die gesproke standaard. Letteruitspraak kan as voorbeeld dien van hierdie tipe invloed, bv.

benodigdhede [bəno:dəxtʰe:də] en poësie [puisi].

3.4.3.5.1 Die invloed van die skryftaal op die taalstruktuur

Strukturele aspekte van 'n taal word ook deur hierdie beïnvloeding geraak. Die onvastheid van die Afrikaanse bysinvolgorde in die spreektaal en die verskil tussen die spreektaal en die skryftaal betreffende bysinvolgorde kan as voorbeeld dien. (Vergelyk die bespreking onder 3.4.2.2.)

3.5 'N HERWAARDERING VAN STANDAARDAFRIKAANS

Gesien vanuit 'n sosiolinguistiese oogpunt, is Standaardafrikaans een van die variëteite waaruit Afrikaans as heterogene taal bestaan. Die standaardvariëteit word van die ander variëteite onderskei op grond daarvan dat

- dit: (i) deur die taalgemeenskap as 'n statusvariëteit beskou word;
 (ii) met betrekking tot bepaalde vormlike aspekte van die ander
 variëteite verskil; en
 (iii) gebruik word vir die verrigting van standaardtaalfunksies.

Die standaardvariëteit van 'n taal ontleen in die eerste instansie gewoonlik sy status aan die feit dat dit deur 'n bepaalde prestigegroep in die taalgemeenskap gebruik word. Aan die begin van die standaardiseringsproses van Afrikaans, is daar egter op die status van Nederlands gesteun om Afrikaans se aansien te verhoog. Dit is hoofsaaklik bewerkstellig deur Nederlands as buitenorm te gebruik in die bepaling van 'n groot aantal Standaardafrikaansvorme. Op grond hiervan word die aanvanklike standaardisering van Afrikaans as 'n 'onnatuurlike' proses beskou, as gevolg waarvan Standaardafrikaans, in 'n mindere of meerdere mate, 'n kunsmatige karakter verkry het.

Hoewel Standaardafrikaans 'onnatuurlik' tot stand gekom het, moet die strukturele kenmerk daarvan, volgens die beskouing van die sosiolinguïstiek, huidig op demokratiese wyse bepaal word. Webb en De Villiers (1985: 193) is van mening dat die standaardtaal 'n waarneembare taalvorm is en dat die "... strukturele en funksionele eienskappe daarvan empiries vasgestel (kan) word." Volgens hierdie beskouing is die standaardtaal 'n objektiewe werklikheid, d.w.s. 'n variëteit van die betrokke taal wat deur 'n bepaalde groep sprekers in bepaalde situasies gebruik word.

Die beskouing van die standaardtaal as 'n objektiewe werklikheid staan in kontras met die tradisionele siening daarvan, waarvolgens standaardtaal gesien word "as 'n ekstern genormeerde bowegroepse taalvorm." (Webb en De Villiers 1985: 193). Die omskrywing van Van Rensburg (1983a: 135) van die standaardvorm van Afrikaans as "... 'n idealisering van hoe Afrikaans deur sy toonaangewende sprekers gepraat behoort te word", sluit aan by die beskouing van die standaardtaal as geïdealiseerde entiteit.

Die verskil in beskouing van die standaardtaal, nl. as objektiewe werklikheid of as geïdealiseerde taalvorm, het tot gevolg dat die vormlike aspekte van die standaardvariëteit verskillende bepaal sal word. Soos reeds genoem, sal die bepaling van die strukturele kenmerke van die standaardvariëteit in eersgenoemde geval deskriptief en op demokratiese wyse geskied. Dit impliseer dat die standaardsprekerskorps van 'n spraakgemeenskap geïdentifiseer word (vergelyk 3.4.1.1.1: (ii) in hierdie verband) en dat die gebruiksnorme sowel as die evaluatiewe norme van hierdie sprekers deur die

gebruikmaking van bepaalde ondersoektegnieke vasgestel word (vergelyk Webb en De Villiers 1985: 199-200, Webb 1983d: 381 en Labov 1978: 117 i.v.m. die tegnieke vir die bepaling van evaluatiewe taalnorme).

Die beskouing van die standaardtaal as 'n geïdealiseerde taalvorm het tot gevolg dat die bepaling van die strukturele eienskappe daarvan preskriptief geskied en dat eksterne normeringsgronde gewoonlik gebruik word vir die bepaling van standaardnorme (vergelyk 3.4.2.1.2.1: (ii), 3.4.2.2.2 en 3.4.3.4.1 in hierdie verband).

Die gevolgtrekking waartoe gekom is na aanleiding van die ondersoek van die strukturele en leksikale kenmerke van die standaardvariëteit van Afrikaans vanuit die twee verskillende gesingspunte, is dat daar 'n aantoonbare verskil is tussen 'n aantal taalvorme wat demokraties bepaal is en dië wat bepaal is aan die hand van eksterne normeringsgronde. Op grond hiervan is die onderskeid gemaak tussen Standaardafrikaans en Superstandaardafrikaans, waar laasgenoemde "... 'n fiktiewe 'variëteit' van Afrikaans (is) wat gekonstitueer is deur vorme wat op basis van ongeldige oorewegings voorgeskryf is." (Webb en De Villiers 1985: 202).

Uit die aard van die bevinding deur sosiolinguistiese ondersoeke dat taalvariëteite inherent nie homogeen is nie (vgl. 2.2.3 in dië verband), word in ooreenstemming met die beskouing van Coetzee (1982: 278-280) aanvaar dat twee stilistiese variëteite van Standaardafrikaans, nl. formele en informele Standaardafrikaans, onderskei kan word. Webb en De Villiers (1985: 202) omskryf hierdie twee stilistiese variëteite as volg:

"FSA (Formele Standaardafrikaans) is 'n werklike variëteit wat gekonstitueer is deur kenmerke wat vasgestel is op basis van die taalgedrag van tersiër opgeleide moedertaalsprekers van Afrikaans in formele situasies, d.w.s. in sg. hoë funksie-Afrikaans, aangevul met die kenmerke wat hierdie sprekers self as toepaslike norme bestempel."

"ISA (Informele Standaardafrikaans) is 'n werklike variëteit wat gekonstitueer is deur kenmerke wat vasgestel is op basis van die taalgedrag van tersiër opgeleide moedertaalsprekers van Afrikaans in spontane, informele situasies, d.w.s. in die sg. lae funksie-Afrikaans van die standaardsprekers."

In Hoofstuk V word Superstandaardafrikaans en formele Standaardafrikaans met betrekking tot 'n aantal taalvorme met mekaar gekontrasteer. (Hoewel die bestaan van informele Standaardafrikaans erken word, word die strukturele kenmerke daarvan nie in hierdie studie ondersoek nie.) 'n

Klassifikasie van die drie standaardvorme van Afrikaans en die verhouding van hierdie vorme met betrekking tot die ander variëteite van Afrikaans, word aan die einde van Hoofstuk V gegee. Enkele gevolge van die bestaan van 'n superstandaard as preskriptiewe norm sal in Hoofstuk VI ondersoek word.

HOOFSTUK IV

OMGANGSTAAL EN OMGANGSAFRIKAANS4.1 OMGANGSTAAL4.1.1 Begripsomskrywing

Die term 'omgangstaal' word in hierdie studie in 'n nie-tegniese sin gebruik en wel as 'n pre-teoretiese sambreelterm wat verwys na die spontane, ongemonitorde taalgebruik van die lede van 'n taalgemeenskap. In hierdie verband word aangesluit by G.K. Schuring (1984: 2) se omskrywing van die term, nl. dat dit verwys na "... die gesproke informele taal wat die lede van 'n gemeenskap in die daaglikse omgang met mekaar praat."

Gegewe die bostaande omskrywing van omgangstaal, blyk dit dus dat omgangstaal primêr 'n situasionele variëteit is. Die situasies waarin omgangstaal voorkom, is informeel van aard en die taalgebruik is eweneens informeel. Labov (1970: 181) omskryf hierdie "colloquial style" as: "...the style in which the minimum attention is given to the monitoring of speech."

Labov het in sy navorsing oor Black English Vernacular (BEV) bevind dat omgangstaal struktureel sistematies is: "Vernacular rules are more consistent than rules used in formal styles ...", omdat die omgangstaal "... reflects the rule-systems learned in pre-adolescent years, unmodified by the superposed rules acquired in later life." (1971: 461).

Twee belangrike kwessies spruit voort uit hierdie bevinding van Labov, nl. eerstens dat ons méér oor die werklike aard van taal en die verskillende variëteite daarvan sal leer deur 'n studie van die omgangstaal, en, in die tweede instansie, dat die fokale dialek waarmee die kind in sy taalaanleerstadium in aanraking kom, hoofsaaklike natuurlike, ongemonitorde omgangstyl is.

4.1.2 Omgangsvariëteite

Die omgangsvariëteite wat kan voorkom in 'n taalgemeenskap, kan m.i. in twee hoofgroepe verdeel word, nl. dié wat primêr variëteite van dieselfde moedertaal is en tweedens, dié wat as gevolg van 'n vermenging van twee of meer tale ontstaan. Laasgenoemde tipe sluit omgangstale in soos koines, pidgins en moontlik ook lingua francas.

In hierdie studie word op die eerste tipe, nl. omgangsvariëteite van dieselfde moedertaal, gekonsentreer. In 'n gestratifiseerde taalgemeenskap word al die dialekte wat in die gemeenskap voorkom ook in informele situasies gebruik. Die veronderstelling is dus dat die verskillende etniese, sosiale en geografiese dialekte bepaalde eiesoortige strukturele en leksikale kenmerke sal toon tydens spontane, ongemonitorde taalgebruik. Indien die standaardvariëteit ook as 'n dialek van die taal beskou word, hou dit verder in dat die omgangstaal van standaardsprekers ook bepaalde verskille sal toon met formele standaardtaal. In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat die twee stilistiese variëteite, nl. formele en informele Standaardafrikaans onderskei kan word.

4.1.3 Linguistiese kenmerke van omgangstaal

Volgens Dell Hymes (1971: 63-90) is daar vier dimensies waaraan 'n omgangstaal gemeet kan word om vas te stel of dit 'n koine is, nl. linguistiese aard, linguistiese oorsprong, gebruiksomvang en afstand van die norm. Uit die literatuurstudie oor die kenmerke van omgangstaal, sowel as 'n analise van die data wat vir hierdie studie ingesamel is, blyk dit dat die omvangsvariëteite van dieselfde moedertaal ook tot 'n groot mate aan die hand van die eerste dimensie, nl. linguistiese aard, bespreek kan word.

In Hoofstuk V word 'n aantal variante van Omgangsafrikaans gekontrasteer met die vorme in Superstandaardafrikaans en Standaardafrikaans. Die vierde dimensie aan die hand waarvan 'n omgangstaal volgens Hymes ondersoek kan word, nl. afstand van die norm, word deur hierdie voorbeelde geïllustreer. Die ander twee dimensies, te wete gebruiksomvang en linguistiese oorsprong, word nie in hierdie ondersoek bespreek nie, aangesien dit hoofsaaklik as kriteria gebruik word by die beskrywing van omgangstale wat as gevolg van taalvermenging ontstaan.

Met linguistiese aard word verwys na die fonologiese, morfologiese, sintaktiese, semantiese en leksikale kenmerke van 'n taalvariëteit. In hierdie verband het Schuring (1984: 34) reeds aangetoon dat omgangstaal "... o.m. gekenmerk word deur sametrekings, variasies, vereenvoudigings en informele woorde."

4.1.3.1 Sametrekings

Volgens Akmajian, Demers & Harnish (1979: 184) is "... a well-known difference between formal and informal language styles in English (and

indeed in many other languages) that the informal style can be characterized as having a greater amount of abbreviation, shortening, contraction and deletion."

Kroch(1978: 19) noem ook "... such features as simplified articulation, replacement or loss of perceptually weak segments ..." as kenmerkend van wat hy "... popular dialects" noem. Dit stem tot 'n groot mate ooreen met die bevindinge van Labov (1972a: 13) dat BEV gekenmerk word deur o.a. "simplification of consonant clusters" en "weakening of final consonants".

4.1.3.2 Variasies

Volgens Schuring (1984: 36) kom variasies voor "op alle vlakke van taalbeskrywing." Met hierdie term kan enersyds verwys word na vorme in die omgangstaal wat variante is van die standaardvorm, en andersyds vorme in die omgangstaal is wat variante van mekaar is. (Soos vroeër reeds aangetoon, word die term linguistiese veranderlike hier gebruik om te verwys na 'n taalvorm wat variasies toon en na elk van hierdie variasies word verwys as variante van die linguistiese veranderlike.)

4.1.3.3 Informele woorde

Schuring (1984: 38) omskryf hierdie kenmerk as volg: "Soos ander style word die informele styl onder meer deur 'n aantal woorde gekenmerk wat oorewegend wel in informele, maar nie in formele situasies (nie), gebruik word."

Die tipe woorde wat kenmerkend van omgangstaal is, is o.a. dié wat saamhang met taboe-onderwerpe, stopwoorde, nuutskeppinge of slangwoorde en ongewysigde of gedeeltelik gewysigde leenwoorde.

4.1.3.4 Vereenvoudigings

Alhoewel sekere sametrekings ook as vereenvoudigings geklassifiseer kan word, gaan dit hier hoofsaaklik oor vereenvoudigings op sintaktiese en morfologiese vlak. Vereenvoudigings behels byvoorbeeld dat "... verb forms are analogically regularized, noun classes are simplified and syntactic structures become progressively less complex." (Nida & Fehderhau 1970: 152-3 soos aangehaal deur Schuring 1984: 38).

4.2 OMGANGSAFRIKAANS

4.2.1 Omskrywing

Op grond van die voorafgaande omskrywing van omgangstaal, kan Omgangs-

afrikaans voorlopig as volg beskryf word: Omgangsafrikaans omsluit die onderskeie dialektiese variëteite van Afrikaans wanneer hierdie variëteite op spontane, ongemontorede wyse deur die sprekers in informele kommunikasie-situasies gebruik word.

Hierdie omskrywing hou bepaalde metodologiese implikasies in vir 'n ondersoek van die omgangstaalvorm van enige van die dialektiese variëteite wat moontlik in Afrikaans onderskei kan word.

4.2.2 Metodologiese implikasies

Volgens Webb (1983c) het die algemene doelwit van die taalondersoek, sowel as die spesifieke kwessies wat ondersoek word, 'n direkte bepalende invloed op die veldwerktegnieke wat gebruik sal word vir die insameling van data.

Die algemene doelwit van enige sosiolinguistiese taalondersoek is die bestudering en beskrywing van taal in sy volle heterogeniteit, d.w.s. "... die bestudering van die gemeenskap se grammatika" (Webb 1983c: 229). Dit hou in dat "die aandag op die omgangstaal val (en dus nie net op die sg. standaardtaal nie) soos dit gebruik word in spontane talige interaksie ..." (Webb 1983c: 229). Die metodologiese implikasies van sodanige doelwit is in die eerste plek, dat die datakorpus uit taalgebruiksgevalle in informele sowel as formele kommunikasiesituasies verkry word, en dat hierdie data in die tweede instansie, eksperimenteel en introspektief aangevul word.

Die probleme rondom die verkryging van spontane taalgebruik in informele situasies is deur Labov e.a. (1966, 1968, 1972 a, 1980) ondersoek en bespreek en 'n effektiewe veldwerkteorie is deur hom ontwerp om die probleme tot 'n groot mate te bowe te kom.

Die insameling van data oor Omgangsafrikaans vir hierdie studie is gedoen in ooreenstemming met Labov se voorgestelde veldwerkmetodologie. (Vgl. ook Milroy & Margrain 1980, Payne 1976, Poplack 1979 en Guy 1981 vir 'n bespreking van hierdie veldwerktegnieke.)

Die spesifieke doelwit van hierdie studie, nl. 'n ondersoek van die Omgangsafrikaans van sprekers wat tot die middellaer sosio-ekonomiese groep in Pretoria hoort, het ook verdere metodologiese eise gestel. In die eerste plek is van die aanname uitgegaan dat verskillende groepe binne die gemeenskap geïdentifiseer kan word op basis van sosiale veranderlikes soos sosio-ekonomiese status, met die verwagting dat hierdie sosiale groepe

gekenmerk word deur eiesoortige taalgedrag.

In stedelike gemeenskappe word sosio-ekonomiese status hoofsaaklik bepaal deur faktore soos opvoedingspeil, beroep en inkomste, waar veral lg. faktor determinerend is in die saamgroepering van die onderskeie sosio-ekonomiese groepe in verskillende woongebiede. Verskeie linguïste, o.a. Milroy & Margrain (1980), Bickerton (1975) en Labov (1972a) se bevindinge stem ooreen met dié van Le Page (1968): "... the individual creates his system of verbal behaviour so as to resemble those common to the group or groups with which he wishes from time to time to be identified."

Hans du Plessis (1983: 49) kom in sy ondersoek oor Omgangsafrikaans in Johannesburg tot die gevolgtrekking dat 'n variëteit, wat met die sosio-ekonomiese status van die sprekers kovarieer, wel in Afrikaans bestaan: "... dit wil tog uit die inligting wat verkry is, blyk dat daar 'n variant (= variëteit) van Afrikaans is wat op grond van bepaalde struktuurpatrone te onderskei is van standaard-Afrikaans en dat hierdie variant (= variëteit) korreleer met sosiale variasie."

Soos in die geval van Du Plessis se ondersoek oor Johannesburgse omgangstaal (JOT), is woongebied in die ondersoek van Pretoriase Omgangsafrikaans (POA), as kriterium gebruik vir die omlýning van die laermiddelklasgroepe in Pretoria. Die twee woongebiede, Danville en Villieria, is op grond van statistiese syfers van 'n RGN-ondersoek in die sosiologie deur Schurink (1975), i.v.m. die inwoners se inkomste, opvoedingspeil en beroepe, geselekteer as verteenwoordigend van hierdie sosio-ekonomiese groep.

Die kriteria wat verder gebruik is vir die steekproefsamestelling is:

- (a) dat Afrikaans die moedertaal van die informante moes wees;
- (b) dat die informante minstens tydens hul taalaanleerstadium in Pretoria woonagtig moes wees; en
- (c) dat die samestelling van die steekproef eweredig verteenwoordigend moes wees m.b.t. geslag en ouderdom.

'n Poging om sosiale netwerke te vind, (vgl. Labov e.a. 1968, en Milroy & Margrain 1980 oor sosiale netwerke), was nie baie suksesvol nie en gevolglik is gehou by die verteenwoordigende steekproef as beginnel vir die keuse van informante.

As tegniek vir data-elisitering is hoofsaaklik gebruik gemaak van indi-

viduele onderhoude wat op band opgeneem is. Voorsorgmaatreëls om die onderhoudsituasie so ontspanne as moontlik te maak, en die sg. "observer's paradox" van Labov te minimiseer, is getref. Dit is byvoorbeeld nie aan informante bekend gemaak dat die ondersoek 'n taalondersoek is nie, anonimiteit is aan hulle gewaarborg en daar is gepoog om die informante op hul gemak te stel met die bandopnemer. Aan die veldwerkers se kant is gepoog om die afstand tussen hulle en die informante sover moontlik te verklein en 'n gemoedelike atmosfeer te skep. Formele aanspreekvorme en sg. 'geleerde woorde' is vermy, die veldwerkers se kleredrag was informeel en die reeks 'gespreksmodules' wat op dié van Labov en sy medewerkers geskoei is, is in informele Afrikaans vertaal. Hierdie gespreksmodules is as riglyne vir die gesprekke gebruik, waar dit die doel was om vertellings uit te lok en die vraag-en-antwoordkommunikasie tot 'n minimum te beperk. Die vrae is dus gerig op onderwerpe wat die informante se aandag sou wegneem van die onderhoudsituasie. Die duur van elke onderhoud was \pm een uur.

Data is slegs geneem uit dié gedeeltes van die onderhoude waar informante volgens die oordeel van die ondersoeker spontaan gesels het en op hulle gemak was. Hierdie data is vervolgens geklassifiseer as foneties/fonologiese, morfologiese, sintaktiese of leksikale kenmerke.

Aangesien dit nie die doelwit van hierdie studie is om 'n beskrywing te gee van die struktuur van die sosiale variëteit wat moontlik in Pretoria voorkom nie, maar bloot om vas te stel of die Omgangsafrikaans van die laermiddelgroep kenmerke toon wat dit onderskei van Standaardafrikaans, is die data nie in reëlterme beskryf nie, maar bloot taksonomies weergegee. So 'n beskrywingsformaat is natuurlik nie sonder meer minderwaardig nie, soos Hymes (1977: 35) sê: "The work of taxonomy is a necessary part of progress toward models of sociolinguistic description ... and explanatory theories."

4.2.3 Kenmerke van die Omgangsafrikaans van die laermiddelklassprekers in Pretoria

Die analise van die data oor die Omgangsafrikaans van die laermiddelklassprekers in Pretoria het aan die lig gebring dat die kenmerke van hierdie sosiale en stilistiese variëteit geklassifiseer kan word volgens die linguistiese kenmerke van omgangstale soos dit onder 4.1.3 bespreek is, nl. sametrekking, variasies, vereenvoudigings en informele woorde.

Soos reeds genoem, word die kenmerke taksonomies weergegee. In hierdie weergawe is daar ook nie gepoog om 'n onderskeid te tref tussen taal-

vermoë- ("competence") en taalgebruikskenmerke ("performance") nie. (Aan die einde van hierdie hoofstuk onder 4.3 word enkele opmerkings gemaak oor die moontlikheid dat sekere van hierdie kenmerke as taalvermoëkenmerke en ander as taalgebruikskenmerke geklassifiseer kan word.)

4.2.3.1 Sametrekking, reduksie, weglating en verkorting

In die literatuur word daar nie duidelik onderskei tussen sametrekking en verkorting aan die een kant, en reduksie en weglating aan die ander kant nie. Die behoefte aan 'n duidelike onderskeid tussen hierdie vier terme het wel in hierdie studie ontstaan, en gevolglik word die volgende ad hoc-omskrywings van elk van hierdie terme aanvaar:

- Sametrekking en reduksie: Die terme 'sametrekking' en 'reduksie' word gebruik om te verwys na die twee stappe in die reduksieproses van twee woorde waarvolgens die sametrekking van die twee woorde die reduksie daarvan moet voorafgaan ten einde grammatikale sinne te lewer.

Volgens Akmajian, Demers en Harnish (1979: 184) is "(a) the dropping of the subject of the sentence and (b) the dropping of the auxiliary verb, ... two central features of the abbreviated style of informal language." Indien die hulpwerkwoord van vol vorme soos bv. "Do you want some coffee?" weggelaat word, is die resultaat 'n grammatikale sin, nl. "∅ You want some coffee?" Indien die onderwerp weggelaat word, is die sin egter ongrammatikaal, nl. *"Do ∅ want some coffee?" .

Die rede vir die ongrammatikaliteit van *"Do ∅ want some coffee?" is dat die proses waardeur die hulpwerkwoord in die onderwerp saamgetrek word, die reduksie van die onderwerp moet voorafgaan:

Vol vorm: "Do you want some coffee?"

Sametrekking: "D'ya want some coffee?"

Reduksie: :∅ Want some coffee?"

In hierdie studie word die term 'reduksie' gebruik om te verwys na die weglating van vorme wat eers sametrekking ondergaan het.

- Weglating: Die term 'weglating' word hier gebruik om te verwys na sinsdele waar daar nie sg. saamgetrekte vorme van die vol vorme voorkom in die reduksieproses nie. Die verkorte vorm "∅ You want some coffee?" is dus die resultaat van weglating van die hulpwerkwoord. Nog 'n voorbeeld van weglating is die verlies van die negatiefpartikel in 'n sin soos: "Ek kan nie onthou wat's die skool se naam ∅".

- Verkorting: Met die term 'verkorting' word verwys na verkortingsverskynsels op foneties-fonologiese vlak, soos byvoorbeeld assimilasië, vokaalreduksie en konsonantweglating.

4.2.3.1.1 Sametrekking en reduksie

Die data oor Omgangsafrikaans in Pretoria lewer 'n groot aantal voorbeelde van sametrekking, maar voorbeelde van reduksie (d.w.s. die nulvorm) is selde aangetref. Die enigste hulpwerkwoord wat sametrekking ondergaan, is die hulpwerkwoord van tyd, nl. het, terwyl die sametrekking van die kopelwerkwoord is/was ook algemeen voorkom.

Sametrekking (hulpww het)

- a) Hy't nou pas begin skoolgaan (Hy het → Hy't)
- b) Sy't 'n ou gehad (Sy het → Sy't).

Reduksie

- a) Is die ou hier oorkant die straat, \emptyset eenkeer vir my 'n brief geskryf ek moet daar kom kuier. (hy het > hy't > \emptyset).

Hierdie voorbeeld van reduksie geskied volgens die reëls soos deur Akmajian, Demers en Harnish voorgestel en voldoen ook aan die vereiste deur hulle gestel vir reduksie, nl. dat die weggelate dele weer herwinbaar moet wees.

4.2.3.1.2 Weglating

(i) Lidwoord

- (a) Is by so \emptyset duur plek wat hulle mansklerë verkoop.
- (b) \emptyset Afgelope dae het ek maar min gekyk.
- (c) \emptyset Gowerment sorg vir my.

(ii) Negatiefpartikel

- (a) Ek kan nie onthou wat's die skool se naam \emptyset .
- (b) Ja, vroeër was dit ook so, ek het nooit onveilig gevoel my hele lewe lank wat ek hier bly \emptyset .
- (c) Was net van die "gholf-course" af diekant toe, was nie plantasië \emptyset .
- (d) Jy weet jy kan dit nie voor ander iemand sê \emptyset , hy moet dit self ondervind hoe lyk dit daar.

(e) Ja, hy't nie lank gevat \emptyset , toe's hy gesond.

iii) Voorsetsel

(a) Hy en sy maat is \emptyset vennootskap saam.

(b) ... maar in haar jong tyd het sy ook \emptyset baie plesiere toe gegaan.

iv) Voornaamwoord

(a) En toe't ons ete gehou, \emptyset was verskriklik baie mense.

(b) Ek is veral lief \emptyset om na haar toe te gaan.

(c) My pa was baie lief \emptyset om haar te glo.

(d) Ek wou ook nog verder gegaan het, maar waar kom die geld \emptyset , jy moet alles betaal dit nou.

4.2.3.1.3 Verkorting

i) /r/-weglating

Enkele voorbeelde is aangeteken:

eers [e:s]

eerste [e:stə]

huurders [hʏ:dərs]

vergeet [fəxe:t]

verander [fəʔanər]

verkeerd [fəke:ʔrt]

hierso [hirsə]

vriendelik [finlək]

weer [ve:ʔə]

partydae [pətəira:ʔə]

verjaarsdag [fəja:rsdax]

verkoop [fəkuʔp]

klaar [klaʔə]

ii) /d/-assimilasie

hierdie [hiri]

perde [pæ:rə]

verander [fəʔanər]

is die [əs-i]

oorkant die [o:rkani]

want die [vani]
 afgehandel [afxəfiənəl]
 vriende [frinə]
 woorde [vo:rə]
 op die [ɔpi]
 Saterdag [sa:təra:^hə]
 onderwysers [ɔnərvəisərs]
 kinders [kənərs]
 tande [tanə]
 volgende [fɔxənə]
 wilde [vələ]
 wiskunde [vəskənə]
 wonder [vɔnər]
 oogkundige [o:xkənəxə]

iii) Nasalering

Dit wil voorkom of nasalering nie 'n algemene verskynsel is by die informante nie, en dat dit grootliks tot die volgende woorde beperk is. Die ongenasaleerde vorme het by sommige informante voorgekom:

ons [ɔ:s] / [ɔ•s]
 mense [mɛ:sə]
 kans [kã:ns]
 Afrikaans [afrikã:nts] / [afrikã:s]
 grens [xrɛ:s]
 dans [dã:s] / [dã:ns]

4.2.3.2 Variasies

Die voorkoms van twee of meer variante van 'n linguistiese veranderlike is in sommige gevalle 'n aanduiding van 'n tussenstadium in die natuurlike veranderingsproses van 'n taal. In die geval van Afrikaans kan dit ook moontlik aanduidings wees van 'n toenemende verandering vanaf 'n sintetiese taal na 'n analitiese taal, en voorbeelde van hierdie tipe variasie sal dus ook as vereenvoudigingskenmerke geklassifiseer kan word.

Soos reeds genoem, word variasie aangetref op alle vlakke van taalbeskrywing. Uit die data oor die Omgangsafrikaans van laermiddelklassprekers in Pretoria, is die volgende voorbeelde van variasie aangeteken:

4.2.3.2.1 Foneties/Fonologies

- (i) Die linguistiese veranderlike (ε) toon drie duidelike variante in die klankomgewing voor /r/, /l/, /x/ of /k/, nl. [æ], [æ[↓]] en [ɐ]. (Vgl. Du Plessis 1983: 57).

$$|\varepsilon| \rightarrow \left\{ \begin{array}{l} [\text{æ}] \\ [\text{æ}^{\downarrow}] \\ [\text{ɐ}] \end{array} \right\} / \begin{array}{l} - \quad /k/ \\ \quad \quad /l/ \\ \quad \quad /r/ \\ \quad \quad /x/ \end{array}$$

Enkele voorbeelde:

ek [æk] / [æ[↓]k]
 getrek [xətræk]
 elektriese [ilæktrisə]
 seks [sæks]
 Checkers [tʃækərs] / [tʃɛkərs]
 Tech [tæ[↓]k]
 verder [fæ:dər]
 lekker [læ[↓]kər]
 Technikon [tæ[↓]xnikon]
 ernstig [ærənstəx]
 wêreld [væ[↓]rəlt]
 gek [xæ[↓]k]
 televisie [tələvisi]

- (ii) Die drie egte diftonge [əi] [əu] en [əy] toon die volgende variante:

(əi) → [ai] / [aj]

kry > [krai]
 geëindig > [xə[?]aindəx]
 ydel > [aidəl]
 meisie > [maisi]
 aktiwiteite > [aktivitaitə]
 tyd > [tait]
 leiding > [laidəŋ]
 hy > [hiai]
 kyk > [kaik]
 sy > [sai] / [saj]

(æy) (→ [əi]) → [ai]

huise > [ɦaisə] / huis > [ɦais]
 uit > [ait]
 Huisgenoot > [ɦaisxənoː^ət]
 luister > [laistər]

(æu) → [au]

ouma > [auma]
 outjie > [auci]

(iii) Vokaalbreking is 'n algemene verskynsel.

Beklemtoonde (e:) toon die volgende variante:

[ɪː^jə] bv. nee > [nɪː^jə] (ook [nɪː^ja])
 gewees > [xəvɪː^jəs]
 partykeer > [pətəiçɪː^jər]
 leer > [lɪː^jər]
 reeks > [rɪː^jəks]
 week > [vɪː^jək]

[eː^jə] bv. weer > [veː^jə]
 weet > [veː^jət]
 steel > [steː^jəl]
 nee > [neː^jə]
 lees > [leː^jəs]

[eː^ə] bv. verbeel > [fərbeː^əl]
 meer > [meː^ər]
 weer > [veː^ər]

Beklemtoonde (o:) toon die volgende variante:

[^əuː] / [^əuː] bv. gekoop > [xək^əuːp]
 verkoop > [fək^əuːp]
 hoor > [w^əuːr]

[^wuː^ə] bv. dood > [du^wət]
 groot > [xru^wət]
 kool > [ku^wəl]
 soort > [su^wərt]

[oː^ə] bv. Huisgenoot > [ɦaisxənoː^ət]
 gebore > [xəboː^ərə]

[o:~ə] bv. bo > [bo:~ə]

(iv) Onronding van geronde voorvokale.

Hierdie verskynsel kom baie algemeen voor:

bv. kuier > [kəijər]

huis > [həis]

huurhuis > [hi:rhəis]

hulle > [hələ] ens.

4.2.3.2.2 Morfologies

(i) Adjektiewe: trappe van vergelyking

Die opvallendste variasie op morfologiese vlak in die data oor Omgangsafrikaans in Pretoria, is die variante vorme van die trappe van vergelyking by adjektiewe. Uit die voorbeelde wil dit voorkom asof die onderskeid tussen die meer- en mees-vorme en die -er en -ste- vorme nie meer gehandhaaf word nie, aangesien die twee vorme dikwels saam gebruik word:

- (a) Dis dié wat ek maar meer altyd liewerster daar voor kom want dis meer bietjie huisliker.
- (b) ... hulle kom seker meer goed met ons oor die weg.
- (c) En natuurlik die een, "Grease", is 'n baie meer tienerflik, en dit was baie meer 'n pretflik, maar "Saturday Night Fever" het 'n baie meer dieper storie gehad.
- (d) Dit was baie meer 'n mensliker storie as "Grease".
- (e) Nee, ek maak hulle meer selfstandiger groot as wat ek.
- (f) Sy is in Volksskool en is een van ons meeste groot vyande in daai streek.

(ii) Meervouds- en Verkleiningsvorme

Slegs enkele voorbeelde van variasie is aangetref:

Meervoud

buste

nurste

bruilofs

wonderes

skowwe (= skofte)

Verkleining

snortjie

(iii) Ge- by die verlede deelwoord

Variasie m.b.t. hierdie veranderlike is gering:

geontplof het
 het geontmoet
 het geërken.

4.2.3.2.3 Sintakties

Voorbeelde van sintaktiese variasie wat hieronder gegee word, is variante van die standaardvorme. Die standaardvariant is egter ook deur die informante gebruik.

(i) Voornaamwoord 'dit' as voorsetselvoorwerp: Daarvan → Van dit

- (a) Want dit hou ons glad nie van nie.
- (b) Ek kan nie geweld vat nie, ek hou nie van dit nie.
- (c) ... maar dié is nie as gevolg van dit nie.
- (d) Ja, bly in die "Council", is hulle eiendom, maar meeste van dit het hulle verkoop.

Hierdie linguistiese veranderlike toon ook 'n nul-variant:

- (a) Ek is veral lief \emptyset om na haar toe te gaan.
- (b) My pa was baie lief \emptyset om haar te glo.

(ii) Betreklike voornaamwoord as lid van 'n voorsetselgroep: Voorsetsel-skeiding

- (a) Is omtrent al wat ek rêrig van hou.
- (b) Etenstye moet jy by die huis wees, behalwe as dit nou gebeur wat jy nie kan help voor nie ...
- (c) Ek is nie bang nie, as Coen miskien uitgaan, laat, of hy mense moet gaan sien wat hy moet "tender" voor, huise voor of planne voor, dan bly ek alleen ...
- (d) Want hierdie twee seuntjies wat ek nou van praat, is hier in Silverton gebore.
- (e) Dit sou net die skof gewees het wat ek op sou gegaan het.
- (f) Maar daar was enetjie wat ek baie jammer voor was, dis hierdie jongste enetjie.

- (g) Ja, hierdie waar ek in is.
- (h) In die vak waar jy die meeste presteer, dit geniet jy die meeste.
- (i) Dis die meisie wat ek mee uitgegaan het.
- (j) Dit is die onderwyser wat ek nou van praat.

(iii) Herhaling van voorsetsels

- (a) ... ek het in '26 al uit die skool uit man.
- (b) Ek help haar brei, want sy vat aan breiwerk aan van ander mense.
- (c) Baie van die mans het vir haar goedjies geskree uit die verhoor uit.
- (d) Ons is al vriendinne vanaf standerd ses af.
- (e) Ek het heelwat goed wat so in die familie in is.
- (f) Dan gee ek hom krag af van die kar af tot hy "gestart" het.

(iv) Herhalingskonstruksies

J. Vorster (1976: 24) sê in sy referaat oor persoonsvormherhaling, dat 'n sekere konstruksie aangetref word "wat volop in gesproke Nederlands (en Afrikaans) voorkom, maar nie in die skryftaal aangetref word nie." Hierdie herhalingskonstruksies word deur J. Steyn (1976: 26) beskou as voorbeelde van "spreektaal-afwykinge wat 'n mate van reëlmatigheid vertoon, maar geen teken is van sintaktiese verandering nie."

Steyn se siening dat hierdie herhalingskonstruksies nie aanduidend is van veranderinge in die sintaktiese struktuur nie, is heel waarskynlik in die kol. Op grond van die data oor Omgangsafrikaans in Pretoria wil dit egter voorkom of sy tipering van herhalingskonstruksies as "spreektaal-afwykinge wat 'n mate van reëlmatigheid toon" minder akkuraat is. Herhalingskonstruksies kom so algemeen voor in die omgangstaal dat dit m.i. eerder as 'n spreektaalkenmerk as 'n spreektaalafwyking beskou moet word. In die tweede plek toon hierdie konstruksies sodanige mate van strukturele reëlmatigheid dat die moontlikheid van 'n sintaktiese stylreël m.i. hier met vrug ondersoek kan word.

Enkele voorbeelde van hierdie herhalingskonstruksies word gegee:

- (a) ... ek het in hospitaaldienste het ek klerklike werk gedoen.
- (b) Ek het een jaar in Nelspruit het ek gewees.
- (c) In haar geval, sy't baie swaar het sy geboorte geskenk aan die baba.

- (d) Sy't my twee keer het sy my gehelp met die kinders.
- (e) Bietjie om sakgeld te kry, want hulle wil, tweede Januarie, wil hulle bietjie Suidkus toe gaan.
- (f) Ekke het vir hom gesê ekke wil graag vir my verjaarsdag wil ekke van daardie Honda Pasolatjies hê.
- (g) Maar ons gaan eintlik meeste gaan ons die vakansie gaan ons eintlik soontoe.
- (h) Nee, ek gaan nou eers Dinsdag gaan ek vir 'n doktersondersoek.
- (i) En ek was al saam met my een vriendin, Eveleen, was ek al by die Staats-teater gewees ...

4.2.3.2.4 Leksikaal

Schuring (1984: 36-38 & 41-42) konsentreer in sy bespreking van variasie as linguistiese kenmerk van omgangstale hoofsaaklik op variasies wat op leksikale vlak voorkom: "'n Variasie wat dikwels genoem word, is dat sommige leenwoorde wel en ander leenwoorde nie, of slegs gedeeltelik, fonologies aangepas is aan die ontvangende taal."

As gevolg van o.a. die kontaksituasie tussen Afrikaans en Engels is moderne leenwoorde asook leenvertalings in Omgangsafrikaans byna uitsluitlik van Engelse oorsprong.

Die eerste tipe variasie wat wel voorkom, is dat 'n leenwoord òf ver-afrikaans word, òf volledig as Engelse woord gebruik word:

by. <u>direct</u>	:	[da:ræk] x [da:iræk]
<u>start</u>	:	gestart x "start"
<u>board</u>	:	geboard x "board"
<u>like</u>	:	gelaaik x "like" (laaik)
<u>nurse</u>	:	nurste
<u>parking light</u>	:	"park"-liggie x "parks"
		"oraait" x -

In die tweede plek word Engelse sowel as Afrikaanse woorde vir dieselfde saak gebruik. Du Plessis (1983: 61) se opmerking oor hierdie verskynsel in JOT is moontlik ook van toepassing vir Omgangsafrikaans in Pretoria: "Hierby moet egter daarop gewys word dat die gebruik van veral Engelse woorde baie nou saamhang met kodewisseling ..." Du Plessis is van mening dat die kodewisseling tussen Afrikaanse en Engelse woorde vir die-

selfde saak "korreleer met 'n vrees vir sosiale stigma" (1983: 53).

Voorbeelde van hierdie tipe variasie is:

"army"	x	weermag
"flat"	x	woonstel
"girls"	x	meisies
"job"	x	werk
"motorbike"	x	motorfiets

Die volgende Engelse woorde het o.a. ook algemeen voorgekom:

"baby"	"bands"
"bargains"	"council"
"cleaner"	"crowd"
"dice"	"fan"
"flickers"	"gang"
"heater"	"mechanic"
"meantime"	"pavement"
"safety belt"	"scrap yard"
"sad"	"worry"

4.2.3.3 Vereenvoudigings

Schuring (1984: 42) onderskei tussen twee soorte vereenvoudigings, nl. gelykskakelings en strukturele vereenvoudigings.

Gelykskakelings as vereenvoudigings word as volg omskryf: "selecting from among a number of equivalent features ... those which are more general and more urban and suppressing those which sound local or rustic." (Samarin 1971: 134). Hiervolgens wil dit voorkom of 'n omgangstaal in sy vormingsproses bepaalde vormlike en funksionele kenmerke of prosesse deel met die standaardvariëteit. Soos in die geval van die standaardvariëteit, is die omvangsvariëteit ook onderhewig aan 'n tipe kontroleproses, maar die taal-kontroleurs is in hierdie geval die lede van die spraakgemeenskap. Die wyse waarop die kontrole toegepas word, nl. deur die seleksie van vorme wat "... more general or more urban ..." is, eerder as die vorme wat "... local or rustic" klink, het tot gevolg dat die omgangsvariëteit, net soos die standaardvariëteit, 'n breër, bo-dialektiese funksie kan verrig. Die aard en die omvang van die data wat ingesamel is vir hierdie studie is egter van so 'n aard dat die kwessie van gelykskakelings nie volledig ondersoek kon word nie. Gevolglik word die bespreking beperk tot strukturele vereenvoudigings.

Strukturele vereenvoudigings omskryf Schuring aan die hand van Ferguson (1971: 145) se beskrywing daarvan: "... the possibility of rating some part of a language (e.g. a paradigm, a construction, an utterance, a clause type, a phonological sequence) as in some sense simpler than another comparable part in the same language or another language." Volgens hierdie omskrywing sou die meeste van die sametrekings en weglatings en veral verkortings wat onder 4.2.3.1 bespreek is, as vereenvoudigings geklassifiseer kan word.

Die term 'vereenvoudigings' word in hierdie bespreking beperk tot vorme in die omgangstaal wat moontlik aanduidend daarvan is dat ontslae geraak word van struktureel afwykende vorme. Hiermee word bedoel dat taalvorme wat kenmerkend is van 'n sintetiese taal in Afrikaans as oorwegend analitiese taal, vervang word met die vorme wat kenmerkend analities is. Voorbeelde en die bespreking van hierdie tipe vereenvoudigings volg onder 4.2.3.3.1: (i), 4.2.3.3.2: (i) en (iii). Ten tweede word voorbeelde wat moontlik aanduidend daarvan kan wees dat die aantal elemente in Afrikaans verminder word, ook as vereenvoudigings geklassifiseer. Voorbeelde van hierdie tipe vereenvoudiging word onder 4.2.3.3.1: (ii) en 4.2.3.3.2: (ii) gegee.

4.2.3.3.1 Strukturele vereenvoudigings op morfologiese vlak

(i) Trappe van vergelyking

Die variasie wat aangetref is by die trappe van vergelyking van adjektiewe, kan moontlik ook gesien word as 'n aanduiding van 'n proses wat morfologiese vereenvoudiging tot gevolg kan hê. (Vergelyk 4.2.3.2.2: (i).) Die moontlikheid bestaan dat ons hier te make het met 'n tussenstadium in die verandering van die vorme wat kenmerkend is van 'n sintetiese taal (nl. -er en -ste) na dié van 'n analitiese taal (nl. meer en meeste). Uit die voorbeelde wil dit voorkom asof die informante nie onderskei tussen woorde wat meer of meeste aan die een kant, of -er en -ste aan die ander kant, neem nie, en dat beide vorme dikwels saam gebruik word.

(ii) Dat / omdat / sodat → lat

Dit is opmerklik dat lat algemeen gebruik word in die plek van dat of omdat of sodat.

(a) Elke Vrydag gee sy my so twee rand lat ek help in die huis.

(b) Ek het my kinders eerlik vertel wat gaan vir wat, lat hulle nie in misverstande moet kom nie.

- (c) So ek is eintlik bly lat daardie huise so bly, solat daai tipe mense darem ook kan 'n woonplek hê.
- (d) Maar ons het gesien in die koerante lat hulle meen dis 'n ster wat geontplof het.
- (e) Die skole wat ons so gedruk het lat ons toe moes terugkom Transvaal toe.
- (f) En hy sal nie daarvan hou lat ander ... byvoorbeeld lat daar fotografe is wat mens af te neem.
- (g) So ek was nie so dronk lat ek onnodig moeilikheid gesoek het of enigiets of lat ek nie geweet het lat ek moeilikheid soek nie, want ek weet ek was nog by myself.
- (h) Net om snaaks te wees lat die ander nie kan verstaan nie.

4.2.3.3.2 Strukturele vereenvoudigings op sintaktiese vlak

Die klassifikasie van sintaktiese variante as vereenvoudigings hou sekere problematiese implikasies in. Deur die term 'vereenvoudiging' word geïmpliseer dat die sintaktiese variant op een of ander wyse eenvoudiger is as 'n ouer vergelykbare vorm in die variëteit, wat dan meer kompleks sou wees.

Sou voorbeelde van variante wat aanduidend is van die taal se verandering in die rigting van 'n analitiese taal, as vereenvoudigings beskou kan word; vice versa, is 'n sintetiese taal kompleks as 'n analitiese taal? Hoewel 'n analitiese taal morfologies wel eenvoudiger is as 'n sintetiese taal, is die sintaktiese komponent daarvan weer kompleks as dié van 'n sintetiese taal. Wat egter wel as moontlike vereenvoudigings gesien kan word, is die neiging in 'n oorwegend analitiese taal om ontslae te raak van tipiese sintetiese kenmerke. Die vereenvoudiging is dus daarin geleë dat die taal se 'dubbelslagtigheid' in terme van sintetiese en analitiese kenmerke geleidelik verander in die rigting van 'eenslagtigheid', d.w.s. die uitskakeling van sintetiese kenmerke ten gunste van analitiese kenmerke.

Hierdie vereenvoudigingsproses kan gesien word in gevalle waar die onderskeid tussen sintetiese en analitiese vorme vervaag het, bv. in die geval van die adjektiewiese trappe van vergelyking (2.3.2.2: i), of in gevalle wat Steyn (1976: 26) beskryf as "variante wat min of meer dieselfde semantiese en stilistiese waarde - samevattend: 'kommunikatiewe waarde' - het en miskien op verandering kan dui.

(i) Weglating van "dat" by bysinne + onafhanklike bysinwoordorde

(Vgl. in hierdie verband Ponelis 1979: 440 en Steyn 1976: 46-48).

- (a) Hulle pa het vir hulle gesê \emptyset as hulle voor Kersfees kan op 'n horlosie kyk, dan sal hy vir Kersvader vra om vir hulle elkeen 'n horlosie te bring.
- (b) Toe's dit so vreeslik donker is, \emptyset die een ou glo het amper stuipe gekry.
- (c) Toe't die bure ons gou hospitaal toe gevat, want jy weet \emptyset jy's dan nou so skok lat hulle wil nooit hê \emptyset jy moet self ry nie.
- (d) Hulle het vir my gesê \emptyset ek kan òf by hulle werk, of ek kan kies of in Pretoria te werk, of in Johannesburg of Verwoerdburg.
- (e) Is die ou hier oorkant die straat, eenkeer vir my 'n brief geskryf \emptyset ek moet daar kom kuier.

(ii) Verledetydsvorming (preteritum)

- 'n Aantal preteritumvorme wat in die data oor Omgangsafrikaans voorkom, is variante van die standaardvorm. Volgens Ponelis (1979: 265) is "die atipiese preteritumpatrone aan die wyk voor vorme met die oorheersende het". Variante wat veral opvallend is, is dié van die kopulakonstruksie met wees:

- (a) ... en by sy vorige baas waar hy gewerk het, het hy baie sleg behandel gewees.
- (b) En toe gaan hy nou stad toe en toe't hy altyd in homself gekeer gewees.
- (c) Ek het so baie keer in 'n bakleierey gewees.

- Die vorm was plus verlede deelwoord is ook redelik dikwels aangetref:

- (a) Behalwe, sy't so ou daar gehad, Tom Jones of so iets, maar hy was so jazz-goed gespeel.
- (b) ... want dit was in die agterplaas afgespeel.
- (c) Ek was iets gesê en my ma het my met sulke groot oë aangekyk.
- (d) Ek was nog nooit in die stad gery sonder my man nie.
- (e) Sy was saam met my in President Krugerskool ingekom.

- By die preteritumvorme van passiewe word die is dikwels vervang met was. Hierdie neiging raak ook die passiewe vorm gebore:

- (a) Toe ons daar gebore was, toe't my pa daarso 'n paar huise, erwe gekoop.
- (b) Maar kyk daar, ek was gebore in 1909, en dit is in Wonderboom-Suid.
- (c) Ek was so opgebring, ek kan nie.
- (d) Al die ouers ... moeders was eenkant gevat, en gepraat hoe jy jou kind moet hanteer.

(iii) Neweskikking

Uit 'n vergelyking van die verskillende soorte komplekse sinne wat in die datamateriaal voorkom, is dit opmerklik dat die grootste aantal komplekse sinne òf neweskikkend òf bysinne is wat ingelyf word deur skakeladjunkte.

Die voorbeelde van neweskikking word tentatief geklassifiseer onder vereenvoudigings, aangesien 'n neweskikkende konstruksie (SVO, SVO) moontlik gesien kan word as 'n eenvoudiger sintaktiese konstruksie as wat die geval is met ondergeskikte bysinne. Voorbeelde van bysinne wat deur skakeladjunkte ingelyf word, word nie as vereenvoudigings beskou nie, aangesien die ingelyfde sinne die SOV-woordorde het.

- (a) Die kleintjie het hier voor gespeel met die water en ek het haar toe agtertoe gevat en ek het haar geslaan en hy't uitgekóm en hy vra nou hoekom huil sy so en ek het toe nie geantwoord nie en hy loop my by en hy slat my.
- (b) Sy't 'n outjie gehad wat hier gekóm het en die outjie het my nou gelaak en ek kan nou mos nie daarvoor gehelp het nie.
- (c) Dan ons posman kom en die posman kom en hy gooi in elkeen se bussie hierso.
- (d) Nee, hy was in die Tegniese skool gewees en hy't nog altyd belang gestel in sulke dinge, en toe hy nou, ek dink hy was in standerd nege, en toe't hy 'n radio-amateurkursus gaan loop, want hy hou niks daarvan om hierdie burgerband goed nie, want dit is nou nie goed genoeg vir hom nie en toe't hy nou radio-amateur geword en hulle is by die Tuks né, het hulle 'n klub, en dan gaan hulle gewoonlik met kompetisies uit en so, en ek dink hy't baie geld wat my ma-hulle altyd vir hom moet gee vir sy toerusting en goed wat hy moet koop, maar ek dink hy geniet dit nogal.

(e) Ja, dit is heel aangenaam, maar partydae is dit nie so lekker nie, want onderwysers is kwaai, en as hulle ons slaan, ek hou nie baie daarvan nie.

4.2.3.4 Informele woorde

'n Aspek wat grootliks opgeval het, is dat namate informante meer op hul gemak raak en hul taalgebruik al hoe minder gemonitor is, die gebruik van Engelse woorde toeneem. Die volgende woorde het redelik tot baie algemeen voorgekom:

"army"

"baby"

"bands"

"bargains"

"council" (by ouer sprekers)

"cleaner"

"crowd"

"direct" [da:ræk] / [da:iræk]

"dice"

"flat" (= woonstel)

"fan" (= waaier)

"flickers"

"geboard"

"gang"

"gestart"

"gelike" ("gelaai")

"girls"

"heater"

"job"

"like / laaik": bv. Ek laaik my Stones, ek laaik my Hot Rocks, ek laaik my Underground, ek laaik my Heartbreakers, ek laaik hulle almal.

"long run" : bv. Maar as jy dit so uitwerk op die long run, dan eind van die maand is die pay oraait.

"motorbike" [mæudərba:ik]

"mechanic"

"meantime"

"nurste"

"oraait"
 "park" liggie/"parks"
 "pavement"
 "safety belt"
 "scrap yard"
 "sad"
 ek moet die "show" hou
 "worry"

4.3 GEVOLGTREKKINGS

Die doelwit wat onder 1.2.3 gestel is, nl. om 'n bydrae te lewer tot 'n empiries gefundeerde beskrywing van Pretoriase Omgangsafrikaans, is in hierdie hoofstuk hanteer deur 'n taksonomiese uiteensetting van bepaalde linguistiese kenmerke van POA te gee. Hierdie kenmerke is geklassifiseer as sametrekings, reduksies, weglatings en verkortings, variasies, vereenvoudigings en informele woorde, in ooreenstemming met Hymes (1971) se dimensies aan die hand waarvan die linguistiese kenmerke van omgangstale beskryf kan word.

Die gevolgtrekkings wat gemaak word na aanleiding van hierdie analise van die Omgangsafrikaans van laermiddelklassprekers van Pretoria, moet as tentatief en in sommige gevalle selfs as spekulatief beskou word, hoofsaaklik omdat die data in hierdie studie nie kwantitatief geanaliseer is nie.

4.3.1 POA en die gemeenskapsgrammatika

Soos in Hoofstuk I en onder 4.2.2 aangedui, is die ondersoek van POA binne die raamwerk van die sosiale taalwetenskap uitgevoer. Aangesien dit die doelwit van die gemeenskapsgrammatika is om 'n grammatikale beskrywing van die kommunikatiewe taalvermoë van 'n gegewe spraakgemeenskap se moedertaalsprekers te gee, is dit wenslik om hier aan te dui of die geïdentifiseerde linguistiese kenmerke van POA deel uitmaak van hierdie groep se kommunikatiewe taalvermoë, en of hulle 'slegs' gebruiksverskynsels is.

'n Aantal van die kenmerke van POA moet waarskynlik eerder taalgebruiksverskynsels beskou word, nl. die weglating van die lidwoord, voorsetsels en voornaamwoorde (2.3.1.2: (i), (iii) en (iv)). M.i. is die ander kenmerke van POA wel in grammatikareëlterme verklaarbaar. Dit is dus wel moontlik dat hierdie kenmerke, na 'n kwantitatiewe analise, aan die hand van veranderlikereëls beskryf sal kan word.

Die kenmerke wat waarskynlik deel is van die kommunikatiewe taalvermoë van die laermiddelklas Afrikaanssprekendes van Pretoria sluit o.a. in:

Fonologies: /ε/ verlaging; vokaalbreking; ontronding en die variante van die egte diftonge (4.2.3.2.1).

Morfologies: Trappe van vergelyking, meervouds- en verkleiningsvorme en ge- by verlede deelwoorde (4.2.3.2.2).

Sintakties: Daarvan → van dit en voorsetselskeiding (4.2.3.2.3: (i) en (ii)), onafhanklike bysinwoordorde (4.2.3.3.2: (i)) en herhalingskonstruksies (4.2.3.2.3: (iv)).

Die wyse waarop een van bogenoemde kenmerke moontlik deur 'n veranderlikereël hanteer kan word, word vervolgens bespreek. Die veranderlikereël vir die linguistiese veranderlike (ε) sal byvoorbeeld as moontlike variante van hierdie veranderlike [ε] [æ] [æ[↓]] en [ɐ] hê. Die struktuurvoorwaardes vir die voorkoms van die variante [æ], [æ[↓]] en [ɐ] sal in die eerste plek linguisties van aard wees, nl. dat hierdie variante voorkom indien hulle gevolg word deur een van die konsonante /k/, /l/, /r/ of /x/. Non-linguistiese voorwaardes sal egter ook by hierdie reël ingebou moet word. In die eerste plek sal aangedui moet word dat sg. 'vreemde woorde' uitgesluit word van die inwerking van hierdie reël by hoër sosio-ekonomiese groepe (of by standaardsprekers). Die voorwaardes vir die voorkoms van hetsy [æ] [æ[↓]] of [ɐ] is eweneens non-linguisties, d.w.s. hulle voorkoms word waarskynlik gekondisioneer deur faktore soos sosio-ekonomiese status en ouderdom. Elk van hierdie linguistiese en non-linguistiese voorwaardes sal voorsien word van 'n waarskynlikheidswaarde, d.w.s. 'n waarde wat aantoon wat die moontlikheid is dat 'n gegewe variant onder gegewe voorwaardes sal voorkom.

Indien die linguistiese kenmerke van POA op hierdie wyse beskryf kan word, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat ons nie hier te make het met "... instances of sloppy speech ..." nie, maar wel met kenmerke "... (which) are formed by a regular rule". (Akmajian, Demers & Harnish 1979: 186). Indien dit wel die geval is, moet hierdie kenmerke ook vervat word in die strukturele beskrywing van Afrikaans in 'n gemeenskapsgrammatika.

4.3.2 POA as variëteit van Afrikaans

In hierdie ondersoek is van die standpunt uitgegaan dat POA van die

laermiddelklassprekers moontlik 'n sosiale en stilistiese variëteit van Afrikaans is, en 'n ondersoek van die linguïstiese kenmerke van POA het getoon dat daar wel 'n beduidende verskil is tussen POA en Standaardafrikaans.

Die kenmerke van POA toon 'n groot mate van ooreenkoms met die kenmerke van Johannesburgse Omgangsafrikaans (JOT) wat deur Du Plessis (1983) geïdentifiseer is. Hierdie ooreenkoms laat die vermoede ontstaan dat die grense van 'n omgangsvariëteit van die laermiddel sosiale groepe wyer as dié van Pretoria is. Die klassifikasie van POA as 'n sosiale dialek van Afrikaans kan dus vermoedelik nie gemaak word nie. In hierdie verband moet moontlik eerder gedink word aan 'n ondersoek en beskrywing van die Omgangsafrikaans van genoemde sosiale groep in die stedelike gemeenskappe wat binne die Pretoria-, Johannesburg- en Witwatersrandarea val.

Die mate waarin POA en JOT van Standaardafrikaans verskil, is baie minder as wat Black English Vernacular byvoorbeeld van Amerikaanse Engels verskil (Labov 1982). Die afstand tussen Bruinafrikaans en Standaardafrikaans (Webb 1983b en Klopper 1976 & 1983) blyk ook groter te wees as die afstand tussen POA en Standaardafrikaans. Probleme wat POA-sprekers mag ondervind met die hantering van Standaardafrikaans sal dus uiteraard nie so groot wees as in die geval van sprekers van Black English Vernacular en sprekers van Bruinafrikaans nie. Bepaalde aspekte van die aard van hierdie probleme word in Hoofstuk VI verder ondersoek.

4.3.3 Rigtingwysers in verband met die nut van die ondersoek van POA en soortgelyke ondersoeke

Enkele aspekte van die waarde wat ondersoeke soortgelyk aan dié van POA mag inhou, word vervolgens kortliks aangedui. Hierdie bespreking word nie as gevolgtrekkings op grond van die data in hierdie hoofstuk voorgedra nie, maar wel as moontlike rigtingwysers vir toekomstige navorsing.

- Labov (1971) se bevinding dat die struktureëls van die omgangstyl 'n groter mate van reëlmatigheid toon as dié van die formele styl, open 'n navorsingsveld vir die Afrikaanse taalkunde waardeur waardevolle inligting oor die struktureëls van natuurlike Afrikaans ingewin kan word.

- Die beskrywing van die strukturele en funksionele aspekte van die Afrikaanse variëteite kan met vrug gebruik word in die onderrig van Afrikaans. Die onderwyser kan sy taak, d.w.s. om die kind vertrouwd te maak met die hantering van Standaardafrikaans, bes moontlik met meer sukses uitvoer indien

hy meer weet van die funksionele en strukturele verskille tussen Standaardafrikaans en die kind se fokale dialek.

- Die tipe data wat in 'n ondersoek soos dié van POA ingewin word, kan moontlik ook aanduidend wees van die rigting van taalverandering. Kroch (1978) wys daarop dat natuurlike fonologiese veranderinge en die assimilasië van geleende vorme in die formele prestige-variëteit gestuit word deur die konserwatiewe aard van hierdie variëteit. Die omgangsvariëteite daarenteen, deel nie hierdie konserwatisme met die prestige-variëteit nie en gevolglik kan hierdie prosesse op natuurliker wyse verloop. 'n Aantal van die kenmerke wat as vereenvoudigingskenmerke van POA bespreek is, kan moontlik aanduidend wees van natuurlike veranderinge in Afrikaans, bv. die variasie met betrekking tot die trappe van vergelyking by adjektiewe en die verandering van die ondergeskikte bysinwoordorde na dat na 'n hoofsinvolgorde.

HOOFSTUK V

N VERGELYKING TUSSEN SUPERSTANDAARD-,STANDAARD- EN ONGANGSAFRIKAANS5.1 Databronne

In hierdie hoofstuk word in die eerste instansie 'n taksonomiese uiteensetting gegee van die linguistiese veranderlikes in Afrikaans wat onderskeibare variante toon in Superstandaard-, Standaard- en Omgangsafrikaans. Tweedens word hierdie variante in tabelvorm gegee ten einde 'n vergelyking tussen die variante te vergemaklik. In sommige gevalle word die ooreenstemmende vorm in Algemeen Beskaafde Nederlands (ABN), soos dit aan die begin van hierdie eeu voorgekom het, ook in die kolom vir superstandaardvorme gegee. Die doel hiermee is om empiriese bewyse te lewer vir die hipotese dat ABN as eksterne normeringsgrond gebruik is in die standaardisering van Afrikaans. In die kolom vir Omgangsafrikaans word in sommige gevalle ook voorbeelde van vroeë Transvaalse Afrikaans (VTA) gegee om die ooreenkoms tussen hedendaagse en vroeëre omgangsvariante te illustreer. Voorbeelde van ABN en VTA is verkry uit Van Rensburg (1983) en Uys (1983).

Die voorbeelde van superstandaardvorme is versamel uit bronne wat primêr preskriptief is met betrekking tot die Afrikaanse taalgebruik. In hierdie verband is hoofsaaklik gebruik gemaak van die taalvoorskrifte in die jongste Taalbulletin van die SAUK en handboeke oor die Afrikaanse grammatika. Eersgenoemde bron word ook aangevul deur data uit twee persoonlike onderhoude met mnr. Carel van der Merwe, Hoofredakteur van SAUK-Radionuus en opsteller van die Taalbulletin, en mnr. Alewyn Lee, taaladviseur van die SAUK. Die voorskrifte in die Taalbulletin word bepaal deur die Komitee vir Taaladvies van die SAUK (KTA) wat bestaan uit 'n aantal professore in die Afrikaanse taalkunde.

Met Standaardafrikaans word verwys na gesproke Afrikaans wat in formele situasies gebruik word deur standaardsprekers. Die probleem i.v.m. die identifikasie van die standaardsprekerskorps is reeds in Hoofstuk III bespreek. Beroep en by implikasie ook tersiêre opleiding is as kriteria gebruik by die identifikasie van hierdie sprekerskorps, wat dan bestaan het uit senior amptenare en dosente van die Universiteit van Pretoria, asook aanbieders van die meer formele programme van die SAUK.

Die voorbeelde van Omgangsafrikaansvariante is verkry uit die data oor Omgangsafrikaans van die laermiddelklassprekers in Pretoria (POA), asook gepubliseerde data van 'n aantal Afrikaanse taalkundiges wat op hierdie gebied werk, o.a. Du Plessis (1983), Van Rensburg (1983), Steyn (1976) en Webb (1983b).

5.2 'N TAKSONOMIESE UITEENSETTING VAN LINGUISTIESE VERANDERLIKES IN SUPERSTANDAARDAFRIKAANS, STANDAARDAFRIKAANS EN ONGANGSAFRIKAANS

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	ONGANGSAFRIKAANS
5.2.1 <u>Foneties/Fonologies</u>			
5.2.1.1 <u>Vokaalverlaging</u>			
$(\varepsilon) + \left\{ \begin{array}{l} /k/ \\ /l/ \\ /r/ \\ /x/ \end{array} \right\}$	<p>Volgens Lee word nōg die [ε] nōg die verlaagde [æ[↓]] of [e] aanvaar as variante in die keuring van nuuslers deur die SAUK. Die subjektief aanvaarde variant is [æ].</p>	<p>(a) [æ] bv. <u>ek</u> [æk]; <u>werk</u> [værk]; <u>melk</u> [mælk]. 'n Aantal woorde vorm 'n uitsondering, bv. <u>aspek</u>, <u>eksperiment</u>, <u>ekstra</u>. Dit wil voorkom dat die [æ] in hierdie woorde negatief geëvalueer word. (Stigmatiseerder).</p> <p>(b) [ε]. Hierdie streeksvariant kom voor by sekere standaardsprekers en word blykbaar nie negatief geëvalueer nie. (Merker met positiewe evaluasie.)</p>	<p>(a) [æ] [æ[↓]] en [e] : al drie variante kom voor in POA. (JOT: [e] : wigverlaging volgens Du Plessis 1983.)</p> <p>(b) [ε] as streeksvariant is ook 'n variant van Omgangsafrikaans.</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
5.2.1.2 <u>Vokaalbreking</u>			
(a) Beklemtoonde (e:)	(a) <u>meet</u> : [me:t]	(a) Beklemtoonde (e:) realiseer as [e: [̂] ə] of [Iə].	(a) (i) [I [̂] ə]: <u>gewees</u> [xəvI [̂] əs]
(b) Beklemtoonde (o:)	(b) <u>boot</u> : [bo:t]	(b) Beklemtoonde (o:) realiseer as [o: [̂] ə] of [uə].	(ii) [I [̂] a]: <u>nee</u> [nI [̂] a] (iii) [e: [̂] ə]: <u>weet</u> [ve: [̂] ət] (iv) [e: [̂]]: <u>meer</u> [me: [̂] r] (POA)
	- De Villiers (1983: 23) se beskouing van die breking van hierdie twee vokale as "gewestelike of dialektiese allofone" en Le Roux en Pienaar (1927: 48-53) se beskrywing daarvan as "gewestelike diftonge", dui aan dat die ongebreekte vorme beskou word as die standaarduitspraak.		(b) (i) [u [̂]]: <u>gekoop</u> [xək [̂] p] (ii) [u [̂]]: <u>hoor</u> [w [̂] r] (iii) [u: [̂]]: <u>groot</u> [xru: [̂] t] (iv) [o: [̂]]: <u>gebore</u> [xəbo: [̂] rə] (v) [o: [̂]]: <u>bo</u> [bo: [̂]] (POA)
	- Die vorme in ABN was: [e:] bv. in <u>steek/steken</u> , <u>kreeft</u> , ens. [o:] bv. in <u>over</u> , <u>kloof</u> , <u>boos</u> , ens. (Uys 1983)		- M. de Villiers (1983: 223) beskou die breking van hierdie twee vokale as gewestelike (dialektiese) allofone: "die breking van dieselfde foneme (d.i. /e/ en /o/ deur die vokale te rek met 'n dowwe /ə/ agteraan, sodat ons by benadering die uitspraak 'wéet' en 'boëm' kan hoor, (is) 'n uitspraak wat dikwels Transvaals genoem word."

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
<p>5.2.1.3 <u>Ontronding</u></p> <p>(y) (ø:) (œ) (œy)</p>	<p>- Die vokale moet gerond uitgespreek word en ontronding moet "afgekeur word as onversorgde uitspraak." (De Villiers 1983: 2-33)</p>	<p>Die geronde sowel as die ongeronde variante kom voor. Voorbeelde van die ongeronde variante is:</p> <p>(i) <u>ekskuus</u> [ɛkskis] (ii) <u>verkleur</u> [fɛrkle:r] (iii) <u>hulle</u> [ɦələ] (iv) <u>skuil</u> [skœil]</p>	<p>- Le Roux en Pienaar (1927: 48, 49 & 53) het in 1927 reeds hierdie variante beskryf as "gewestelike diftonge": "In die binnelande word e: uitgespreek as iə." "In die binnelande word hierdie vokaal (o) gewoonlik uitgespreek as 'n diftong uə."</p> <p>- Opmerking: Die vraag is of die voorkoms van [iə] en [uə] uitgebrei het sedert 1927 en of taalkundiges hierdie twee vokale in Afrikaans foutiewelik beskryf het, d.w.s. is hulle beskrywings op die Nederlandse norm i.p.v. empiriese waarneming gebaseer? Uys (1981: 34) se redenasie oor die herkoms van gebreekte vokale lewer tentatiewe bewyse dat lg. die geval is.</p> <p>- Die ontronde variante kom die algemeenste voor in POA.</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
<p>5.2.1.4 <u>Egte diftonge:</u></p> <p>(a) [æy] (b) [œu] (c) [əi]</p>	<p>(a) [æy] <u>lui</u> [læy] (b) [œu] <u>oud</u> [œut] (c) [əi] <u>ry</u> [rəi]</p>	<p>(a) [æy] en [əi] (b) [œu] (c) [əi]</p>	<p>(a)(i) [ai]: <u>huis</u> [ɦais] <u>luister</u> [laistər] (ii) [əi] (Ontronding) (iii) [æy] Kom selde voor. (Die proses behels waarskynlik: [æy] → [əi] → [ai]) (POA) (b)(i) [au]: <u>ouma</u> [auma] <u>outjie</u> [auci] (ii) [œu]: Kom algemeen voor. (POA) (c)(i) [ai]/[aj]: <u>ydel</u> [aidə1] <u>sy</u> [saj] (ii) [əi]: Kom algemeen voor. (POA)</p>
<p>5.2.1.5 <u>Nasalering</u></p> <p>Vokaal + [n] + frikatief → genasaleerde, gerekte vokaal + ø + frikatief</p>	<p>- "Nasalering is beperk tot bepaalde vokale in bepaalde woorde en omstandighede. Dit is hoofsaaklik /ä:, ɛ:, ɔ:/ wat genasaleerd voorkom, en wel by gewone, nie afgeleide volkswoorde, nie by geleerde woorde nie. Ons vind dit dus nie normaalweg by woorde soos <u>konsul</u>, <u>sensasie</u>, <u>tonsuur</u>, <u>transendeer</u>, <u>insinueer</u>, <u>insi-</u></p>	<p>Die genasaleerde sowel as ongenasaleerde variante kom voor. Informele waarneming dui op 'n hoër voorkoms van die genasaleerde variante, maar dit wil voorkom asof sprekers nie 'n onderskeid maak tussen die sg. volkswoorde en geleerde woorde nie: 'n persoon wat nasaleer sal albei tipes nasaleer.</p>	<p>- Die bevinding i.v.m. nasalering in Pretoriase Omgangsafrikaans stem ooreen met dié van Du Plessis (1983: 55) oor JOT: "Dit blyk uit die gegewens dat nasalering al minder voorkom hoe laer 'n mens in die sosiale stratifikasie afgaan." - Die enkele genasaleerde variante in Pretoriase Omgangsafrikaans:</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
	<p>dent, ens. nie." (De Villiers 1983: 2: 34).</p> <p>- Volgens Lee (SAUK) was nasalering vroeër jare 'n kriterium by die keuring van omroepers. Dit is nie meer die geval nie.</p>		<p><u>ons</u> [õ:s], <u>mense</u> [mẽ:sə], <u>kans</u> [kã:s], <u>Afrikaans</u> [afrikã:nts] of [afrikã:s], <u>grens</u> [xrẽ:s], <u>dans</u> [dã:s]</p>
5.2.1.6 <u>Vokaalrondding</u>	<p>(a) <u>sewe</u> [se:və]</p> <p>(b) <u>pa</u> [pa:]</p> <p>- ABN: geen ronding van /e:/ bv. in <u>spelen</u>, <u>tegen</u>, <u>veel</u>, <u>breken</u>, <u>zevende</u>. (Uys 1983 en Van Rensburg 1983.)</p>	<p>(a) Geen ronding van /e:/.</p> <p>(b) 'n Effense ronding van die /a/ of /a:/ is by sommige sprekers opgemerk, maar die voorkoms daarvan by dié groep is baie beperk.</p>	<p>(a) - Pretoriase Omgangsafrikaans toon nie die geronde variant nie.</p> <p>- Volgens Van Rensburg (1983: 140) kom die omvangsvariant [ø:] voor, bv. <u>speul</u>, <u>seuwe</u>, <u>veul</u>. Hierdie vorme het ook voorgekom in VTA.</p> <p>(b) By enkele van die informante uit die jonger groep het die variant [a:w] voorgekom: <u>skraal</u> [skra:w], <u>skaam</u> [ska:w], <u>sake</u> [sa:w].</p>
5.2.1.7 <u>Affrikate</u>	<p>(a) <u>situasie</u>: [sətyfiɑ:si] <u>aktuaris</u>: [aktyfiɑ:rəs]</p> <p>(b) <u>junior</u>: [jyniɔr]</p>	<p>(a) [satʃufiɑ:si]/sətyfiɑ:si [aktʃufiɑ:rəs]</p> <p>- <u>Opmerking</u>: Die eenparige gevoel van <u>sewe</u> dosente en senior dosente wat tydens 'n informele ondersoek bepaal is, kom daarop neer</p>	<p>(a) Die enigste variant is [sətʃufiɑ:si].</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
	- ABN het nie die affrikate [tʃ] en [dʒ] nie, Engels het hulle wel. Die meeste grammatikahandboeke van Afrikaans erken [tʃ] as 'n klank met beperkte voorkoms in Afrikaans, maar noem [dʒ] glad nie as 'n klank wat in Afrikaans voorkom nie.	dat hulle wel die uitspraak [sətyɦa:si] in formele omstandighede sal gebruik, maar dat hierdie uitspraak grootliks vooraf gemonitor word. Volgens hierdie informante is hulle "heelyd bewus daarvan hoe hulle <u>situasie behoort uit te spreek</u> ". In minder formele omstandighede is almal dit eens dat die uitspraak [sətʃuɦa:si] gebruik word. (b) [junier] en [dʒuni ^j er].	
5.2.2 <u>Morfofonologies</u>			
5.2.2.1 <u>Woordklem</u>			
(a) <u>kontak</u> en <u>kontrak</u>	(a) <u>konták</u> en <u>kontrák</u>	(a) <u>konták</u> en <u>kóntak</u>	Die variante <u>kóntak</u> , <u>miníster</u> , <u>áspek</u> en <u>télefoon</u> is die algemeenste in Pretoriase Omgangsafrikaans.
(b) <u>minister</u>	(b) <u>miníster</u>	(Die gebruik van <u>kóntak</u> as werkwoord kom ook voor.) (b) <u>miníster</u> en <u>mínister</u>	
(c) <u>aspek</u>	(c) <u>aspék</u>	(c) <u>aspék</u> en <u>áspek</u>	
	(d) <u>telefóon</u>	(d) <u>telefóon</u> en <u>télefoon</u>	
	- Volgens T.H. le Roux (1968: 173) kry ons by hierdie woorde sg. "uitspraakanglisismes": "Dit is tog immers 'n reël van ons taal - soos trouens ook van Nederlands - dat meerlettergrepige woorde van Romaanse oorsprong gewoonlik nie die hoofklem		

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
5.2.3 <u>Morfologies</u>	op die eerste lettergreep kry nie, in teëstelling met Engels..."		
5.2.3.1 <u>Adjektiewe: trappe van vergelyking</u>	- "Graadtrappe word in die eerste plek morfologies uitgedruk deur die suffikse <u>-er</u> en <u>-ste</u> by die vergroten-de en oortreffende trap onderskeidelik. Naas hierdie morfeme word die graadwoorde <u>meer</u> en <u>meeste</u> ook by trapvorming gebruik." (Ponelis 1979: 278)	Beide die (a) en (b)-variante kom algemeen voor.	(a) Beide variante word in dieselfde sin gebruik in POA: (i) "Dis dié wat ek maar <u>meer</u> altyd <u>liewerster</u> daar voor kom want <u>dis meer</u> bietjie <u>huisliker</u> ." (ii) "Nee, ek maak hulle <u>meer selfstandiger</u> groot as wat ek." (iii) "Saturday Night Fever het 'n <u>meer dieper</u> storie."
(a) <u>-er</u> en <u>-ste</u>	- "MEER, MEES: Die KTA dring daarop aan dat die uit-gange wat die trappe van vergelyking aandui, verkieslik is bo die gebruik van <u>meer</u> en <u>mees</u> . bv. <u>kwistig: meer</u> kwistig, <u>mees</u> kwistig i.p.v. <u>kwistiger</u> en <u>kwistigste</u> . Die komparatief en die superlatief word in Afrikaans gevorm deur die toevoeging van <u>-er</u> en <u>-ste</u> aan die grondwoord in onderskeidelik die tweede en derde trap van vergelyking. Dis egter 'n reël om in meersillabige woorde wat op <u>-e</u> uitgaan, gebruik te maak van <u>meer</u> en <u>mees</u> in respektiewelik die kompara-		(b) <u>Meer</u> word gebruik by bekende woorde of woorde met morfologies onverwante graadtrappe; bv. (i) "Sy is in Volksskool en is een van ons <u>meeste groot</u> vyande in daai <u>streek</u> ." (ii) "... hulle kom seker <u>meer goed</u> met ons oor die <u>weg</u> ."
(b) <u>meer</u> en <u>die meeste</u> .			

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
5.2.3.2 <u>Verlede deelwoord</u> <u>(ge-)</u>	<p>tief en superlatief, bv. <u>Tevrede: meer tevrede, mees tevrede.</u> Daar bestaan 'n ongesonde neiging dat hoe onbekender die woord is, hoe meer word van meer gebruik gemaak." (SAUK Taalbulletin: 126).</p> <p>- "In die voltooide deelwoord in Afrikaans gebruik ons deurgaans <u>ge -</u>, behalwe in die volgende gevalle: Werkwoorde wat met be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-, begin, neem nie 'n <u>ge-</u> in die voltooide deelwoord nie. Tweelettergropige woorde wat op <u>-eer</u> eindig kry ook nie noodwendig 'n <u>ge-</u> vooraan nie, bv. <u>probeer, makeer, regeer, studeer, waardeer, parkeer, loseer.</u> Die <u>ge- lose</u> vorm word ook aanvaar by <u>Baklei en lawaai.</u>" (SAUK Taalbulletin: 66).</p>	<p>- Variante wat verskil van die voorgeskrewe vorm is beperk, behalwe vir die opvallende gebruik van <u>geprobeer</u> in Afrikaanse koerante.</p>	<p>Variante van die voorgeskrewe vorm is aangetref in POA:</p> <p>(i) <u>geontplof het</u></p> <p>(ii) <u>het geontmoet</u></p> <p>(iii) <u>het geërken.</u></p>
5.2.4 <u>Sintakties</u>			
5.2.4.1 <u>Weglating</u>			
5.2.4.1.1 <u>Lidwoord</u>	<p>- "Die weglating van dié vind te veel plaas, maar die gebruik al dan nie van</p>	<p>Variante met weggelate lidwoord is nie opgeteken nie.</p>	<p>Die variante sonder die lidwoord sowel as dié met die lidwoord kom voor.</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
	<p>die lidwoord die in Afrikaans is nog <u>T</u>ank nie opgeklaar nie." (SAUK Taalbulletin: 47). 'n Aantal voor-skrifte van die Taalbulletin lui:</p> <p>- "In gedrang kom. Moet wees: In <u>die</u> gedrang kom." (p.67)</p> <p>- "In <u>die</u> landsbelang (korrek)." (p.111)</p> <p>- "Ons praat van soveel grade onder vriespunt. Nie onder die vriespunt nie." (p.212)</p> <p>Volgens Van der Merwe (SAUK), het die "lidwoord krag in Afrikaans: hy sê wat jy wil sê sterker as wanneer jy hom nie gebruik nie."</p>		<p>Voorbeeld van e.g.:</p> <p>(i) "∅Afgelope dae het ek maar min gekyk."</p> <p>(ii) "Is by so∅duur plek wat hulle mansklere verkoop." (POA)</p>
5.2.4.1.2 <u>Negatiefpartikel</u>	Dubbele negatief met die tweede ontkenningpartikel (<u>nie</u>) aan die einde van die sin.	Weglating van tweede negatiefpartikel kom <u>nie</u> algemeen voor nie.	Weglating van die tweede <u>nie</u> is redelik algemeen, bv. (i) "Ja, hy't nie lank gevat∅, toe's hy gesond." (ii) "Ek kan nie onthou wat's die straat se naam∅." (POA)
5.2.4.2 Weglating van voornaamwoordelike antedente by ingelyfde sinne	'n Groep werkwoorde neem 'n v.nw. (gewoonlik <u>dit</u> of <u>daar-</u>) as <u>verpligte</u> voorwerp saam met 'n ingelyfde sin:	Weglating van die <u>verpligte</u> v.nw. kom algemeen voor: "Dit lyk my of die <u>dit</u> en <u>daar-</u> al	Die variant sonder die v.nw. is baie algemeen: (i) "Ek is veral lief ∅ om na haar toe te gaan." (POA)

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
<p>5.2.4.3 V.nw. 'dit' as voorsetselvoorwerp:</p> <p>'Daarvan' 'Daarvoor' 'Daarmee' 'Daarop'</p>	<p>"Hy stel <u>daarin</u> belang om handel te <u>dryf</u> (korrek). Nie: Hy stel belang om handel te dryf." (SAUK Taalbulletin: 29)</p> <p>- Die voorskrif is dat <u>daar</u> + die voorsetsel onmiddellik na mekaar moet voorkom (Steyn 1976: 51).</p> <p>"Ons sê: <u>daarmee saam</u> (Nie: <u>saam met dit</u>);</p>	<p>hoe makliker uitgelaat word, terwyl dit aan die ander kant ook moontlik raak om hulle in te prop waar hulle miskien nie hoort nie. Aan die een kant dus onvastheid, en by die gebruikers van 'versorgde taal' onsekerheid." (Steyn 1976: 40):</p> <p>(i) "Wetenskaplikes sal, wat hul navorsingswerk betref, \emptyset net nie meer kan bekostig om te ignoreer ... (Professor op 'n simposium)." (Steyn 1976: 40)</p> <p>(ii) "Nadat hierdie onderwerp behandel is, moet studente \emptyset in staat wees om die volgende vrae te beantwoord." (Taalkundedosent):</p> <p>- Die variante:</p> <p>(a) daar \mp voorsetsel; en</p> <p>(b) voorsetsel (+ ander sinsdele) + <u>dit</u>, kom beide voor.</p>	<p>(ii) "My pa was baie lief \emptyset om haar te glo." (POA)</p> <p>(iii) "Ja-nee, hier is \emptyset oraaits man, ek ken die laaste." (POA)</p> <p>(iv) "Al lê jou belangstelling nie daar nie, word jy \emptyset gedwing om wel daarvoor te lees." (RGN 433) (Steyn 1976: 41).</p> <p>(v) "Toe sy \emptyset in kennis gestel is dat sy nou glad nie meer geregtig is \emptyset om boeke uit te neem nie, toe skrik sy." (RGN 433) (Steyn 1976: 41).</p> <p>- Hierdie variante het ook in VTA voorgekom:</p> <p>(vi) "... ik is nu een mens wat hou om in die krant te schrywe." (Uys 1983: 211).</p> <p>Variante (a) en (b) kom voor.</p> <p>Voorbeelde van variant (b):</p> <p>(i) "Want <u>dit</u> hou ons glad nie <u>van</u> nie." (POA)</p> <p>(ii) "Ja, bly in die Council, is hulle eiendom, maar meeste <u>van dit</u> het hulle verkoop." (POA)</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
<p>5.2.4.4 <u>Betreklige v.nw. as lid van 'n voorsetselgroep:</u></p> <p><u>'wat'/'waar' + vs :</u></p> <p><u>'waarvan'</u> <u>'waarvoor'</u> <u>'waarop'</u> <u>'waarin'</u> <u>'waarmee'</u></p> <p>5.2.4.5 <u>Betreklige v.nw. 'wie' en 'wat'</u></p>	<p>daarmee (Nie: met dit); <u>daarvoor</u> (Nie <u>voor dit</u>)." (SAUK Taalbulletin: 49)</p> <p>- "In verbinding met setsels vorm <u>wat</u>, met die vorm <u>waar</u>, 'n agtersetselgroep." (Ponelis 1979: 466)</p> <p>- "Wat (x waarop): Die manier <u>wat</u> hulle op die paaie ry. Moet wees <u>waarop</u>." (SAUK Taalbulletin: 217)</p> <p>- "Wat (x waarvan): 'Dis die <u>kleur waarvan</u> ek hou.' Dit is 'n <u>formeler styl</u> en verkieslik bo: 'Dis die <u>kleur wat</u> ek van hou.' " (SAUK Taalbulletin: 217)</p> <p>- "Afgesien van die voorkoms in die genitiefsvorm en as lid van 'n voorsetselgroep is die betreklike voornaamwoord <u>deurgaans wat</u>."</p>	<p>Dit wil voorkom of die voorkoms van hierdie twee variante tot 'n groot mate varieer met die mate van formaliteit van die situasie. Variant (a) kom voor in meer formele situasies terwyl (b) in minder formele situasies voorkom.</p> <p>Die variante:</p> <p>(a) waar f voorsetsel</p> <p>(b) wat/waar (+ ander sindele) + voorsetsel</p> <p>kom beide voor.</p> <p>Voorbeeld van (b)-variant:</p> <p>(i) "Die inkorting <u>wat</u> ons <u>van</u> verneem het ..." (Senior amptenaar UP)</p> <p>- Die gebruik van <u>wie</u> sowel as <u>wat</u> in die genitiefsvorm kom voor.</p>	<p>(iii) "... maar dié is nie as gevolg <u>van dit</u> nie." (POA)</p> <p>(iv) "Want ek sien nie kans vir dit weer verder aan nie." (RGN 56) (Steyn 1976: 51).</p> <p>(v) "<u>Dit</u> het hy glad nie <u>van</u> gehou <u>nie</u>." (RGN 427) (Steyn 1976: 51).</p> <p>Variante (a) en (b) kom voor. Voorbeelde van variant (b):</p> <p>(i) "Is omtrent al <u>wat</u> ek rêrig <u>van</u> hou. (POA)</p> <p>(ii) "Etenstye moet jy by die huis wees, behalwe as dit nou gebeur <u>wat</u> jy nie kan help voor <u>nie</u>." (POA)</p> <p>(iii) "Dit sou net die stof gewees het <u>wat</u> ek <u>op</u> sou gegaan het." (POA)</p> <p>(iv) "Ja, hierdie <u>waar</u> ek <u>in</u> is." (POA)</p> <p>(v) "Dit is die meisie <u>wat</u> ek <u>mee</u> uitgegaan het." (POA)</p> <p>- "Die betreklike voornaamwoord <u>wie</u> is aan die wyk voor <u>wat</u> in die omgangstaal, binne die genitiefsvorm:</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
5.2.4.6 <u>'Dit' x 'hy' / 'hulle' as anaforiese voornaamwoord</u>	<p>"In die genitiefsvorm en as lid van 'n voorsetselgroep verskyn <u>wie</u> by menslike antesedente." (Ponelis 1979: 466).</p> <p>- "<u>Waarvan</u> (x van wie): Vir mense gebruik ons <u>van wie</u> en vir diere of dinge <u>waarvan</u>.</p> <p><u>Van wie</u>: 'Dertig mynwerkers is beseer, <u>van wie</u> twee ernstig.'</p> <p><u>Waarvan</u>: 'Die katte <u>waarvan</u> sommige net vel en been was.' " (SAUK Taalbulletin: 215)</p> <p>- "<u>Waaronder</u>: Waar mense ter sprake is, is die pronominale wyser <u>wie</u> en nie <u>waar</u> nie. Daarom: 'Burger-Tikes <u>onder wie</u>', 'Vyf van hulle <u>onder wie</u> die leier van die bende'...</p> <p><u>Waaronder</u>: Die kroon <u>waaronder</u> ons staan.' " (SAUK Taalbulletin: 214).</p> <p>(a) Die tradisionele voorskrif dat anaforiese <u>dit</u> gebruik word by antesedente met die kenmerke [-telbaar] en [+ stofnaam]</p>	<p>(a) Die voorskrif i.v.m. hierdie veranderlike in die SAUK se Taalbulletin, beveel die "nuwe/progressiewe vorm" aan:</p>	<p>(ouers) <u>wie</u> se kinders in die strate lē.</p> <p>(ouers) wat se kinders in die strate lē." (Ponelis 1979: 466)</p> <p>(i) "En die outjie <u>wat</u> sy meisie nou in die moeilikheid was, hy spring toe van die brug af." (POA)</p> <p>(a) "Die anaforiese voornaamwoorde <u>dit</u> en <u>hy</u> staan in skerp konkurrensie, waarin <u>dit</u> gestadig aan die wyk is voor die aggressiewe opmars van <u>hy</u>." (Ponelis 1979: 585-6).</p>

LINGUISTIESE VERNADERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
	<p>en dat anaforiese <u>hy/hulle</u> gebruik word by antesedente met die kenmerke [+ telbaar] en [- stofnaam], se geldigheid is blykbaar nog net tot die skryftaal beperk.</p> <p>(b) "Daar is wisseling/konkurrensie tussen 'n ou/behoudende vorm A en 'n progressiewe vorm B (waarin A langamerhand en oor 'n redelik lang tydperk - geslagte - deur B verdring word). In die volgende voorbeeld is <u>hy</u> die nuwe/progressiewe vorm en <u>dit</u> die ou/behoudende vorm:</p> <p>(1) Dit is 'n goeie plan. Ek wonder net of <u>dit</u> sal werk?</p> <p>(2) Dit is 'n goeie plan. Ek wonder net of <u>hy</u> sal werk?" (Ponelis 1979: 584)</p>	<p>"Dit (x Hy): Die Sentrale Bank het bekend gemaak dat <u>hy</u> weer die dollar ... <u>Hy</u> word verkies bo <u>dit</u>. Om bv. te sê: Die vereniging sê <u>dit</u> sal ..., is nie aanvaarbare styl nie." (SAUK Taalbulletin: 49)</p> <p>(b) Steyn (1976: 31) beskou dié variante egter as voorbeelde van "platte-landse Afrikaans": " 'n algemene afwyking, dié dat getalskongruensie ontbreek tussen 'n naamwoordstuk-antesedent en die anaforiese naamwoord" en 'n "onvastheid ten opsigte van die vnw. (wat blyk uit) die keuse van <u>hy</u> pleks van <u>dit</u> vir 'n antesedent met die kenmerk - telbaar."</p> <p>Die voorskrif van die SAUK met betrekking tot hierdie variante is m.i. gebaseer op demokratiese normeringsgronde en as sodanig is dit dus eerder beskrywend van Standaardafrikaans.</p>	<p>Ponelis voer aan dat die verskil in die gebruik van <u>hy</u> x <u>dit</u> o.a. bepaal word deur stylvlak, waar die formele styl (waaronder skryftaal) die tradisionele vorm behou, en die gemeensame stylvlak gekenmerk word deur die 'nuwe' vorm.</p> <p>(b) "Ek het vergeet om die melk van die stoof af te haal en toe het hulle alles oorgekook." (Steyn 1976: 31)</p> <p>"Jy weet hierdie kikuju van ons moet ons ten minste twee keer 'n week in die somer moet jy hom sny." (RGN 95). (Steyn 1976: 32).</p>
<p>5.2.4.7 <u>Verledetydsvorming (preteritum)</u></p> <p><u>'wees'</u></p>	<p>Variant (a): <u>was</u></p> <p>Variant (b): <u>was gewees</u></p>	<p>Beide variante kom voor.</p>	<p>Beide variante kom voor. 'n Derde variant, nl. <u>het ge-wees</u> kom ook voor:</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
5.2.4.8 Passief <u>(preteritum)</u>	<p>- "Die verskil in die gebruik van die twee variante lê hoofsaaklik daarin dat jy die <u>gewees</u> in die spreektaal kry en <u>was</u> sonder <u>gewees</u> in 'versorgde' skryftaal, bv. klinies gesubte koeranttaal." (Steyn 1976: 44).</p> <p>- "<u>Was gewees</u>: Die oormatige gebruik van <u>was gewees</u> werk op 'n mens se senuwees, bv. 'Dit was 'n pragtige skop <u>gewees</u>' i.p.v. 'Dit was 'n pragtige skop'." (SAUK Taalbulletin: 216)</p> <p>(a) "By passiewe word die presens uitgedruk deur <u>word</u> en die preteritum deur <u>wees</u>." (Ponelis 1979: 413)</p> <p>(b) "<u>Was (is)</u>: Die volgende gevalle, toe te skryf aan Engelse invloed, is foutief: 'Daar <u>was</u> gisteraand 'n vergadering gehou', 'Genl. Du Toit <u>was</u> per ongeluk doodgeskiet', 'Daar <u>was</u> so verklaar'. In al die lg. gevalle moet dit <u>is</u> wees. Dit kan so gestel word: In die lydende vorm slaan die Afrikaanse <u>was</u> op die Engelse '<u>had been</u>'. 'Skutter</p>	<p>Dit wil voorkom asof die voorgeskrewe vorm ook die oorheersende standaardvariant is.</p>	<p>(i) "En toe gaan hy nou skool toe en toe't hy nou altyd in homself gekeer <u>gewees</u>." (POA)</p> <p>(ii) "Ek <u>het</u> so baie keer in 'n bakleiery <u>gewees</u>." (POA)</p> <p>- Volgens Ponelis (1979: 269) kom die variant "<u>is gewees</u>" ook voor.</p> <p>Die variante met <u>was</u> en <u>is</u> kom voor.</p> <p>(i) "Ek <u>was</u> so opgebring ..." (POA)</p> <p>(ii) "Al die moeders <u>was</u> eenkant gevat." (POA)</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS	OMGANGSAFRIKAANS
5.2.4.9 <u>Bysinwoordvolgorde</u>	<p>Reynecke wat gister in die operasionele gebied gesneuwel het, was die seun van ...' " (SAUK Taalbulletin: 216)</p> <p>(a) Bysinne wat deur voegwoorde ingelei word, het 'n onafhanklike woordvolgorde (SOV).</p> <p>"Dat (woorderde): Die omgekeerde woorderde volg op dat. Ons moet noulettend wees hierop want dit is een van die foute wat die meeste voorkom in nuusbuletins. Bv. Ons het baie gehoor dat hierdie All Black is baie goed, Moet wees: Ons het baie gehoor dat hierdie All Black baie goed is." (SAUK Taalbulletin: 45).</p>	<p>Twee variante word onderskei:</p> <p>(a) bysin met afhanklike woordvolgorde (SOV)</p> <p>(b) bysin met hoofsinvolgorde (SVO).</p> <p>Voorbeelde van variant (b):</p> <p>(i) "Ons het uitgewys dat ons kan nie in die middel van die jaar 'n kursus staak nie." (Senior amptenaar, UP)</p> <p>(ii) "Ek glo dat dit is besig om uit te sterf." (SAUK 4/11/74).</p> <p>(iii) "Ons hoop \emptyset u sal geniet die middag se sportuit-sending (SAUK 10/3/84).</p>	<p>- Die variant met SVO-volgorde is algemeen:</p> <p>(i) "Toe't die bure ons gou hospitaal toe gevat, want jy weet jy's dan nou so skok lat hulle wil nooit hê \emptyset jy moet self ry nie." (POA)</p> <p>(ii) "Ek byvoorbeeld, wil eendag hê dat my man moet dieselfde kerk as ek wees." (POA)</p> <p>(iii) "Maar ons het gesien in die koerante lat hulle meen dis 'n ster wat geontplof het." (POA)</p> <p>- Die onafhanklike volgorde word ook na ander voegwoorde aangetref (Steyn 1976: 46-57).</p> <p>- In VTA het die onafhanklike volgorde ook by bysinne voorgekom (Uys 1983: 212):</p> <p>"boere sal dan so skaars wees lat mens sal 'n sjilling betaal om een te sien ..."</p> <p>"Jy sê dat Lakastanje het rond gery."</p>

LINGUISTIESE VERANDERLIKE	SUPERSTANDAARDAFRIKAANS	STANDAARDAFRIKAANS
5.2.5 <u>Leksikaal/Semanties</u>	<p><u>Opmerking:</u> Die woorde wat hieronder bespreek word, het nie voorgekom in die data oor Pretoriase Omgangsafrikaans nie. Gevolglik kan die betekenis van hierdie woorde in Omgangsafrikaans nie empiries nagegaan word nie.</p>	
5.2.5.1 <u>Angstig</u>	<p>"Dit beteken: beangs, bang, beklemd, bekommerd, benoud, erg besorg, gespanne, ens. Maar as dit in Afrikaans in die betekenis 'gretig' of 'begeerig' gebruik word, is dit 'n Anglisme. Ek is <u>gretig</u> om oorsee te gaan x Die moeder is <u>angstig</u> (bekommerd) oor haar kind." (SAUK Taalbulletin: 21).</p>	<p>"Die student is baie <u>angstig</u> om met sy studies voort te gaan." (Senior dosent in Afrikaans tydens formele vergadering: die woord is by herhaling gebruik in die betekenis van 'gretig'.)</p>
5.2.5.2 <u>Belangeloos</u>	<p>"Die Komitee vir Taaladvies beveel aan dat hierdie woord gebruik word in die betekenis van <u>onbaatsugtig</u> en nie in die betekenis van <u>sonder belangstelling</u> nie. <u>Belangeloos</u> beteken dus: sonder betaling, sonder om eie voordeel te soek." (SAUK Taalbulletin: 29).</p>	<p><u>Opmerking:</u> Tydens 'n informele <u>ondersoek</u> onder Afrikaans I-studente aan die Universiteit van Pretoria, het dit geblyk dat die meerderheid van hierdie ± 950 studente die voorgeskrewe betekenis van die woorde <u>belangeloos</u>, <u>braaf</u> en <u>eventueel</u> nie ken nie.</p>
5.2.5.3 <u>Braaf</u>	<p>"<u>Braaf</u> is Nederlands en beteken goed, gaaf, deugsam en nie dapper nie." (SAUK Taalbulletin: 38).</p>	
5.2.5.4 <u>Eventueel</u>	<p>"<u>Eventueel</u> beteken <u>miskien</u> en nie <u>uiteindelik</u> nie." (SAUK Taalbulletin: 49).</p>	

5.3 SLOTOPMERKINGS

5.3.1 Die afstand tussen Superstandaard-, Standaard- en Omgangsafrikaans

Die diskrepansie tussen die voorgeskrewe taalvorme en die standaardvariante wat uit die voorafgaande data-analise na vore kom, ondersteun die gevolgtrekking waartoe aan die einde van Hoofstuk III gekom is, nl. dat daar as deel van Standaardafrikaans, 'n onderskeibare preskriptiewe taalvorm, nl. Superstandaardafrikaans voorkom. Die feit dat formele Standaardafrikaans tot so 'n mate verskil van Superstandaardafrikaans, ondersteun Webb en De Villiers (1985) se beskouing dat die bestaan van Superstandaardafrikaans hoofsaaklik toe te skryf is aan die beskouing van die standaardtaal as 'n geïdealiseerde taalvorm waar preskriptiewe norme bepaal word volgens ongeldige normeringsgronde.

Die afstand tussen Superstandaardafrikaans en Omgangsafrikaans is m.i. aanduidend daarvan dat superstandaardvorme, a.g.v. hulle 'onnatuurlike' aard, nie deur die middel- tot laerklassprekers geïnternaliseer is nie en dat nōg taalvoorskrifte nōg sosiale druk tot gevolg sal hê dat hierdie preskriptiewe norme "in die binne-grammatika" van hierdie sprekers sal "in-sink." (SAUK Taalbulletin 1976).

Die gevolge van die afstand tussen Superstandaardafrikaans en Standaardafrikaans sowel as Omgangsafrikaans, hou o.a. in dat 'n gevoel van linguistiese onsekerheid by Afrikaanssprekendes kan ontstaan of reeds ontstaan het. Linguistiese onsekerheid en die verlies van spontane taalgebruik hou verreikende gevolge in vir beide die individu en die taal. In Hoofstuk VI word hierdie aangeleentheid verder ondersoek.

5.3.2 Die klassifikasie van en verband tussen Superstandaard-, Standaard- en Omgangsafrikaans

Die klassifikasie van Omgangsafrikaans en die verhouding daarvan met Superstandaardafrikaans en Standaardafrikaans word nie beperk tot Pretoriaanse Omgangsafrikaans nie. Die rede hiervoor is, soos onder 4.3.2 aangedui, dat POA op hierdie stadium van ons navorsing nie as 'n afsonderlike sosiale dialek van Afrikaans beskou kan word nie. Omgangsafrikaans verwys dus hier na die ongemontoreerde omgangstyl soos dit gebruik word in spontane talige interaksie deur Afrikaanssprekendes van verskillende sosiale, etniese, geografiese, ouderdoms- en geslagsgroepe.

Hierdie klassifikasie kan in die tweede plek beskou word as 'n aanpassing van die diagram en bespreking van die variëteite van 'n taal wat onder

2.2.1 (diagram a) gedoen is. In diagram (a) is standaardtaal en omgangstaal doelbewus nie ingesluit nie, aangesien 'n ondersoek van hierdie variëteite 'n klassifikasie daarvan moes voorafgaan.

Die diagram (diagram b) van Webb (s.j.: 62) op p.101 word as uitgangspunt aanvaar.

(i) Standaardafrikaans

Drie variëteite van Standaardafrikaans word onderskei, nl. Superstandaard-, Formele Standaard- en Informele Standaardafrikaans. Die onderskeid tussen Superstandaard en Formele Standaard word veroorsaak deur 'n aantal verskille in die taalvorme van elk en hierdie verskille is die gevolg van die gebruik van ongeldige normeringsgronde aan die een kant, en demokratiese normeringsgronde aan die ander kant, vir die bepaling van standaardnorme. Dit is die beskouing van die ondersoeker dat die standaardiseringsproses van Afrikaans reeds op so 'n vlak is, dat Formele Standaardafrikaans die status sowel as die vormlike vermoë het om die standaardtaalfunksies met sukses te kan hanteer. Formele Standaardafrikaans behoort ook die teikenvariëteit te wees vir Afrikaanse taalonderrig, aangesien die beheersing van die standaardvariëteit in ontwikkelde taalgemeenskappe sosiaal positief geëvalueer word.

Informele Standaardafrikaans is "... 'n variëteit wat gebruik word in volledig ongemonitorde, natuurlike, spontane situasies" (Webb s.j.: 63). Die verband tussen Formele en Informele standaardtaal lê heel waarskynlik by die sprekerskorps van die informele variëteit. Hierdie sprekerskorps is waarskynlik "... die opgevoede (hoër) middelklas ..." (Webb s.j.: 63) en dit is juis dié groep wat deur die res van die gemeenskap as 'n elite-groep beskou word. Dit is ook lede van dié groep wat verantwoordelik is vir die implementering van Afrikaans in die standaardtaalfunksies, bv. onderwysers en dosente (medium vir onderwys: 3.4.3.3), outeurs en skrywers van handboeke (medium vir die geskrewe taal en die tegnologie: 3.4.3.5 en 3.4.3.3), persone in die onderskeie mediabedrywe (breër, bo-dialektiese kommunikasiemedium: 3.4.3.1.1) e.d.m.

Die verband tussen Informele Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans word aangedui deur die lyne van diagram (b). Hierdie verband blyk uit die feit dat beide variëteite informele, ongemonitorde taalgedrag omsluit. Die verskil tussen Informele Standaardafrikaans en die omgangsdialekte lê daarin dat Informele Standaardafrikaans nie as 'n plaaslike variëteit beskou kan word nie. Dit wil voorkom asof Informele Standaardafrikaans ook 'n breër, bo-dialektiese aard het, terwyl die taalvorme van die omgangs-




Diagram (b)

dialekte gekenmerk word "... deur 'n baie sterk plaaslike verbondenheid, en hulle onderskeidende kenmerke dan ook diagnosties (is) van daardie plaaslikheid." (Webb en De Villiers 1985: 203).

(ii) Omgangsafrikaans

Die verskillende (plaaslike) sosiale, etniese, geografiese, ouderdoms- en geslagsdialekte wat moontlik in Afrikaans onderskei kan word, word as omgangsvariëteite beskou. Hierdie klassifikasie van die dialekte as terselfdertyd ook informele stilistiese variëteite sluit aan by die beskouing onder 2.2.3.1 en 6.2.2, nl. dat 'n dialek die fokale variëteit is waaraan 'n kind in spontane talige interaksie binne die primêre groepe blootgestel word. Soos reeds aangedui, is 'n dialek dus daardie variëteit "... that will be most natural, more 'native' to us" (Joseph 1981: 49).

(iii) Registers

Volgens diagram (b) word die beskouing van registers as aktiwiteitsgebonde variëteite wat deur sekondêre groepe gebruik word (vgl. 2.2.3.3) steeds gehandhaaf.

Die klassifikasie van byvoorbeeld 'kerktaal' as 'n register bevestig die bespreking onder 2.3 dat die grense tussen die verskillende variëteite nie duidelik af te baken is nie. Die gebruik van Afrikaans in 'n kerklike verband sluit ook aan by die funksies wat deur die standaardtaal verrig moet word en gevolglik is die verband tussen die register 'kerktaal' en standaardtaal redelik intiem.

HOOFSTUK VI

ENKELE ASPEKTE VAN DIE MAATSKAPLIKE IMPLIKASIESVAN LINGUISTIESE VARIASIE6.1 DIE VERBAND TUSSEN LINGUISTIESE ONGELYKHEID EN ONDERRIGPROBLEME

Die waarde van wetenskaplike navorsing word o.a. bepaal deur die mate waarin dit 'n bydrae lewer tot die hantering of oplossing van probleme wat in die maatskappy ondervind word. As gevolg van die beperkte aard van die navorsing wat vir hierdie studie onderneem is, kan daar nie aanspraak gemaak word op 'n finale of 'n bevredigende oplossing van die probleem wat in die loop van hierdie hoofstuk bespreek sal word nie. Die oogmerk is om die moontlikhede wat hierdie tipe navorsing en sociolinguistiese navorsing in die algemeen bied vir die hantering van bepaalde maatskaplike probleme, te bespreek.

Die probleem wat van nader beskou sal word, hou verband met die waargenome gegewe dat die verskillende lede van 'n spraakgemeenskap nie dieselfde mate van bedrewenheid besit om bepaalde situasies linguisties suksesvol te hanteer nie. Anders gestel: die lede van 'n heterogene spraakgemeenskap is linguisties ongelyk. 'n Gevolg van hierdie ongelykheid is o.a. dat diegene wat nie die standaardvariëteit met die nodige bedrewenheid kan hanteer in bepaalde situasies nie, subtiel, en soms ook minder subtiel, gepenaliseer word deur die res van die gemeenskap.

Alhoewel hierdie probleem op 'n veel wyer terrein voorkom, word die bespreking daarvan hier grootliks beperk tot die skoolsituasie. Indien die skool gesien word as 'n mikrokosmos van die groter gemeenskap, is die sosiale en die linguistiese heterogeniteit van die spraakgemeenskap ook in die skole 'n realiteit.

Die Britse sociolinguis, Peter Trudgill, wys op die moontlikheid dat dialektiese verskille verband hou met onderrigprobleme: "In recent years a large body of educational research has shown that many working-class children do not do so well at school as middle-class children of equivalent intelligence. This under-achievement of the working-class child is a disturbing phenomenon, and some educationists have been led to suggest that language may play a part in this and other educational problems". (1975: 46).

Die hieropvolgende bespreking van die implikasies en moontlike oplossings van die opvoedkundige probleme wat moontlik 'n linguistiese grondslag het, word nie as van toepassing op Pretoriase Omgangsafrikaans beskou nie. Die rede hiervoor is onder 4.3.2 gegee, nl. dat POA op grond van die bespreking daarvan in Hoofstuk IV nie as 'n sosiale dialek van Afrikaans beskou kan word nie.

Linguistiese heterogeniteit is volgens my wete ook nog nie spesifiek by skoolgaande kinders binne die Afrikaanse konteks ondersoek nie. Gevolgtlik is dit die doelwit om, soos onder 1.2.5 uiteengesit, 'n algemene bespreking te gee van die mate waarin opvoedkundige probleme moontlik gekoppel kan word aan 'n verskil in linguistiese vaardigheid by kinders. Verder ook om enkele aanduidings te gee van die wyse waarop kennis in verband met strukturele en funksionele variasie in 'n taal, gebruik kan word in die hantering van hierdie probleem.

Die vraag ontstaan: Hoe kan die sosiolinguistiek 'n bydrae lewer tot die oplossing van onderrigprobleme wat moontlik 'n taalkundige oorsprong het? M.i. kan dit vrugbare resultate lewer indien taalkundiges, binne 'n sosiolinguistiese raamwerk, hul navorsing rig op die volgende twee aspekte:

- Die werklike aard van linguistiese heterogeniteit binne die betrokke spraakgemeenskap en dan veral die voorkoms daarvan by skoolgaande kinders.
- Die werklike aard van die taalmedium waarin en waardeur kinders onderrig ontvang.

6.2 ENKELE ASPEKTE VAN LINGUISTIESE HETEROGENITEIT IN DIE SPRAAKGEMEENSAP EN SPESIFIEK BY SKOOLGAANDE KINDERS

6.2.1 Internalisering van die fokale dialek

Een van die bevindinge van die linguistiek is dat die eerste ± agt lewensjare die tydperk is waarin die kind sy moedertaal aanleer. Teen die tyd dat die kind skoolgaande ouderdom bereik, het hy dus grootliks die grammatika van die taal waaraan hy blootgestel is, geïnternaliseer.

Die taal waaraan die kind in hierdie beginjare blootgestel word, is hoofsaaklik die informele, ongemonitorde taal van sy gesinslede, familie en vriende, d.w.s. omgangstaal. Aangesien die omgangstaal gedeversifiseerd is, het kinders van verskillende sosiale groepe verskillende fokale dialekte en sal hulle moontlik reeds op hierdie stadium verskillende toon betreffende hul geïnternaliseerde grammatikas.

In Hoofstuk III is aangetoon dat die fokale dialek van 'n bepaalde sosiale prestige-groep deur die res van die gemeenskap as die standaardvariëteit van die taal beskou word. Die fokale dialek waaraan kinders uit hierdie groep blootgestel word, is dan in die meeste gevalle (minstens by benadering), die informele standaardvariëteit van die taal. As ons aanvaar dat kinders uit die ander (gewoonlik laer) sosiale groepe, in hierdie stadium bedrewe raak in 'n variëteit van die taal wat nie as die standaardvariëteit beskou word nie, kan kinders uit hierdie groepe die skoolsituasie betree met 'n linguistiese agterstand, gemeet aan die taaleise wat deur die skool gestel word. Die standaardvorm van 'n taal is altans die medium waardeur leerlinge op skool onderrig ontvang en waarin hulle in die klas- en eksamensituasie rekenskap van hul kennis moet gee.

6.2.2 Beheersing van stilistiese variasie

'n Deel van die grammatikale verskille tussen die standaardvariëteit en die omgangsvariëteite is stilisties van aard. Die omgangstaal waaraan die jong kind blootgestel word en waarmee hy sy sosiale wêreld suksesvol kan hanteer, is stilisties informeel. In sekere situasies, byvoorbeeld in die skool en kerk, word die meer formele styl van die standaardvariëteit gebruik.

Stilistiese merkers kom grootliks op die gebied van die leksikon voor, alhoewel dit ook moontlik fonologies, sintakties of morfologies van aard kan wees. Een van die kenmerke van omgangstaal wat in Hoofstuk IV bespreek is, is die leksikale variante en die sg. informele woorde waardeur die omgangstaal onderskei word van die meer formele standaardtaal.

Kinders uit die verskillende sosiale groepe word in 'n mindere of meerdere mate blootgestel aan die formele standaardvariëteit, byvoorbeeld in die kerk of deur die radio en televisie. Hierdeur ontwikkel die kind, onafhanklik van die sosiale groep waartoe hy hoort, waarskynlik 'n passiewe kennis van stilistiese variasie.

Die oorgang van hierdie passiewe kennis tot 'n aktiewe vermoë om stilistiese variasie en die formele standaardvariëteit te hanteer, geskied m.i. in die geval van kinders uit die hoërmiddel tot hoër sosiale groepe, met die informele standaardvariëteit as fokale dialek, makliker. Die rede vir hierdie beskouing is eerstens dat die verskil tussen die informele en die formele standaardvariëteite in die meeste gevalle baie kleiner is as die verskil tussen die formele standaardvariëteit en die sosiale dialekte van

die laermiddel tot laer sosiale groepe. In die tweede plek is dit die vermoede, gebaseer op informele waarneming, dat die sosiale ervaringswêreld van die hoërmiddel- tot hoërklaskind nader aan dié van die skool is as wat dit die geval is met die laermiddel- tot laerklaskind, en dat die aktivering van die vermoë tot stilistiese variasie by eersgenoemde groep hierdeur vergemaklik word. Stork en Widdowson (1974: 152) sê in hierdie verband: "Sociological factors assume great importance when the child starts school and he has to learn to discriminate between the kind of language he can use with his teachers".

Die vermoede is dus dat die aard van die kind se aanvanklike sosiale ervaringswêreld 'n rol kan speel in sy vermoë om die linguistiese eise wat die groter sosiale wêreld aan hom stel, te hanteer. Hierdie siening moet nie verwar word met die idee van "verbal deprivation" soos dit aanvanklik deur Basil Bernstein in die middel vyftiger- tot sestigerjare uiteengesit is nie. Trudgill (1975: 94) sê hieroor: "The 'verbal deprivation' or 'language deficit' hypothesis is due mainly to the work of educational psychologists in the United States. The hypothesis is that the language of certain working-class children is inadequate. They have, according to this view, been 'deprived' of language, as a result of which they also suffer from a 'cognitive deficit'." Trudgill sê verder ook: "Supporters of the 'verbal deprivation' hypothesis, have also suggested an explanation for this 'linguistic deficit': working-class children grow up in a linguistically deprived environment. It is said that these children receive little verbal stimulation ... that the children hear little well-formed language."

Die ongeldigheid van hierdie hipotese is reeds deur navorsing bewys. Soos reeds aangetoon, is daar geen onderskeid te maak met betrekking tot die mate van blootstelling aan taal by kinders van die verskillende sosiale groepe nie. Die bewering dat die laerklaskind min "well-formed language" hoor, is ook deur die navorsing van Labov en Trudgill weerlê. Labov (1971: 461) het trouens aangetoon dat omgangsdialekte, ook van die laer groepe, vanuit 'n linguistiese oogpunt 'n groter mate van strukturele reëlmatigheid toon as die meer formele variëteit. Die gevolge van die beskouing dat "well-formed language" noodwendig standaardtaal is, kan verreikende implikasies inhou, ook in die onderrigpraktyk. 'n Illustrasie hiervan is die Ann Arbor-hofsaak in Amerika wat onder 6.2.3.2.2.1 bespreek word.

Die tipe ontneming waaraan kinders uit laer sosiale groepe wel blootgestel is, is eerder sosiaal van aard. Alhoewel hierdie kinders se sosiale

ervaring en hulle aktiewe taalvermoë waarskynlik heeltemal toereikend is binne die eie sosiale groep, kan dit moontlik 'ontoereikend' wees gemeet aan die taaleise wat die skool aan hulle stel.

6.2.3 Die gevolge van linguistiese ongelykheid

Uit die navorsing van verskeie taalkundiges (o.a. V.N. Webb, G.N. Claassen, M.C.J. van Rensburg, H. du Plessis en R.M. Klopper), blyk dit dat ons binne die Afrikaanse taalgemeenskap, buiten die standaardvariëteit, ook etniese sowel as sosiale variëteite onderskei. Indien ons dus sou aanvaar dat bepaalde etniese en/of sosiale groepe in die spraakgemeenskap moontlik nie die standaardvorm van die taal met gemak kan hanteer nie, en ook nie 'n toereikende sosiale bedrewenheid het om byvoorbeeld meer formele situasies taalkundig suksesvol te hanteer nie, sit ons met 'n ongelukkige maar grootliks onvermydelike situasie. Dat 'n groot gedeelte van hierdie kinders egter vir die res van hul lewe, ten spyte van onderrig in die standaardvariëteit, steeds gepenaliseer word vir hierdie onvermoë, behoort vir die sociolinguistiek en die opvoedkunde genoegsame motivering te wees om die onderrigpraktyk van nader te beskou. McDavid (1979: 27) omskryf die probleem as volg: "However much we sympathize with the aspirations of these people, we face the fact that their grammatical practices are an obstacle to employment ... and to any success in higher education." McDavid kom tot die belangrike gevolgtrekking dat "... we have to recognize that some groups in our society, productively if not receptively, have a somewhat different grammatical system from that of the standard language."

6.2.3.1 Die sosiale betekenis van linguistiese veranderlikes en die verband daarvan met 'verkeerde' en 'korrekte' taalvorme

Sociolinguistiese navorsing het aangetoon dat die omgangstaal van verskillende sosio-ekonomiese en sosio-etniese groepe van mekaar verskil, en dat hierdie verskille sosiale betekenis het. Enersyds beteken dit dat die subgroepe in die gemeenskap hul identiteit en groepsverbondenheid sinjaleer deur o.a. hul taalgebruik. Andersyds word die spreker ook deur die taalgemeenskap geëvalueer op grond van sy taalgebruik. Die gebruik van bepaalde variante van linguistiese veranderlikes het dus dikwels simboliese en/of sosiale waarde.

Labov e.a. se bevindinge dat die non-standaarddialekte van Amerikaanse Engels strukturele reëlmatigheid toon, is waarskynlik ook geldig vir die non-standaarddialekte van Afrikaans. Webb (1983b) en Klopper (1976 & 1983)

se ondersoek van die Afrikaans van bepaalde Bruin gemeenskappe in Suid-Afrika, kan op hierdie relatief vroeë stadium van navorsing oor die gemeenskapsgrammatika van Afrikaans, as bevestiging hiervan beskou word.

'n Kind wat 'n non-standaarddialek as fokale dialek het, besit dus 'n reëlsisteem wat in 'n mindere of meerdere mate verskil van die reëlsisteem van 'n kind wat aan die standaarddialek blootgestel is. Gesien vanuit 'n taalkundige oogpunt, is hierdie reëlsisteme ewe ingewikkeld, ewe toereikend en het hulle ewe veel geldigheidswaarde.

Oordele oor 'goeie' en 'swak', asook 'korrekte' en 'verkeerde' variante hou verband met die sosiale betekenis van linguistiese veranderlikes en is in die meeste gevalle, linguisties gesien, ongegrond. Trudgill (1975: 38) sê in hierdie verband: "I have tried to show that when people say a dialect is 'bad' they are really referring to the dialect's low social status. The same is just as true of notions of 'correctness'. Grammatical features which are regarded as 'correct' are exactly those which are also considered 'good' - because of their social implications. From a purely linguistic point of view it makes no sense to talk about 'right' and 'wrong' in language."

Oordele oor die 'korrektheid' van 'n taalvorm spuit dus uit die aanvaarding van die standaarddialek as die enigste korrekte norm. Die gevolglike siening dat enige afwykings van die standaardnorm verkeerd is, berus op die foutiewe aanvaarding dat die superioriteit van die standaarddialek taalkundig van aard is. Omdat die standaarddialek ook die medium van die onderwys is, vind ons dat "the idea that there are correct and incorrect varieties of language is fostered to a considerable degree by pedagogical practice." (Langacker 1973: 57). Die implikasies van hierdie beskouing word verder aan onder 6.2.3.2.2 bespreek.

6.2.3.2 Strukturele en funksionele konflik tussen die standaard- en die non-standaardvorme

Volgens Labov (1972a) en Trudgill (1975) ontstaan daar in die skool dikwels 'n konflik tussen die onderwyser en die kind se dialek. Hierdie konflik is, volgens Trudgill (1975: 46), dikwels groter in die geval van kinders uit die laer- en werkersklasgroepe, juis omdat hulle nie bedrewe is in die standaarddialek nie en omdat hulle nie die sosiale bedrewenheid besit om die skoolsituasie linguisties suksesvol te evalueer en te hanteer nie. Labov (1972a: 6) sê dat die konflik waaraan hierdie kinders onderhewig is,

tweeledig van aard is, nl. 'n strukturele en 'n funksionele konflik tussen die standaard- en die non-standaardvorme.

6.2.3.2.1 Strukturele konflik

Labov skryf hierdie tipe konflik toe aan "interference with learning ability stemming from a mismatch of the linguistic structures". (1972a: 6).

Die strukturele konflik waaraan die kind wat 'n non-standaarddialek as fokale dialek het, onderhewig is, behels 'n konflik tussen sy geïnternaliseerde reëlsisteem en die reëlsisteem van die standaarddialek waarmee hy op skool gekonfronteer word. Trudgill (1975: 78) wys daarop dat dit in sekere opsigte moeiliker is om 'n dialek van dieselfde taal aan te leer as wat dit is om 'n nuwe taal aan te leer: "The point is that with a new language you start from scratch. But with a new dialect you have to retain some aspects of your native variety while rejecting others - and the problem is to learn which is which. The two linguistic varieties are so similar it is difficult to keep them apart."

Die beskikbare data oor die omgangsdialekte van Afrikaans is nie van so 'n aard dat die bestaan van 'n strukturele konflik by kinders uit sekere groepe aanvaar kan word nie. Die moontlikheid van sodanige konflik is egter nie uitgesluit nie, veral in die gevalle waar die omgangsdialek 'n redelike mate van verskil toon met Standaardafrikaans. Daar is m.i. 'n groter waarskynlikheid dat funksionele konflik wel by bepaalde groepe in die Afrikaanse spraakgemeenskap voorkom.

6.2.3.2.2 Funksionele konflik

Labov omskryf funksionele konflik as: "interference with the desire to learn standard English stemming from a mismatch in functions which standard and non-standard English perform in a given culture". (1972a: 6).

Funksionele konflik is m.i. die gevolg van die onkundigheid of miskenning van die inherente en funksionele aard van linguistiese heterogeniteit. Die negering van of onkunde oor die funksionaliteit van verskeidenheid in Afrikaans spreek duidelik uit die kritiek oor die veelvuldige 'foute' wat in Afrikaans voorkom en die simplistiese beskouing van Standaardafrikaans as volkome homogene entiteit en as enigste norm vir 'korrekte' taalgebruik. As voorbeeld van hierdie ingesteldheid word 'n koerantrubriek (Rapport 4/3/84) wat oor hierdie saak handel, hier opgeneem:

"Sommer slordig praat dié? (TV deur Naguil) - 'Is dit Standaard-Afri-

kaans wat ons gewoonlik uit ons TV-stelle se luidsprekers te hore kry? Ek bedoel betreffende uitspraak en tongval, en soos gebesig deur beroepspraters soos nuuslesers, kontinuïteitsmense, programaanbieders, akteurs en diesulkes. Soms het 'n mens rede om te twyfel.

Is bv. "kallers" en "Jannewarie" Standaard-Afrikaans? Dié gemeensame soort uitspraak word met soveel klem gebruik dat dit waarskynlik in navolging van eksplisiete voorskrifte so gedoen word. Dit is m.a.w. die SAUK se "huisstyl" wat dit bepaal. Maar is dit nie doodgewone slordighede wat tot norm verhef is nie?

Boere praat wel van hul "kallers" en daar is van hulle wat "Jannewarie" sê, maar met alle agting aan landbouers en veetelers, taal-netheid is nie dikwels hul sterk punt nie. Hulle sou dit immers nie verdra dat 'n televisieresensent vir hulle kom vertel hoe om te verbou of te teel nie.

Is 'n Bolandse (of Noord-westerse of Bredasdorpse) bry Standaard-Afrikaans? Seker nie. Maar hier het ons te make met 'n streekaksent, nie 'n substandaard-uitspraak nie. 'n Gereelde irritasie bly dit niemin wanneer 'n regisseur dit goed ag om 'n karakter met 'n bry te laat praat en hy bry so oordrewe soos geen bryer bry nie - 'n mens wil amper sê tot in woorde wat geen r bevat nie. (En terloops, Trix Pienaar bry *nie*, al word daar tot vervelens toe in koerant- en tydskrifartikels so gesê.)

Voorts: Is dit Standaard-Afrikaans om "jó, Pó" te sê as jy "ja, Pa" bedoel en "ack" as jy na jouself verwys? Ek glo nie. Ewe min as wat dit gangbaar is om 'n bepaalde weeklikse program *Yt en Tys* te noem. As 'n mens mag bespiegel: in laasgenoemde drie voorbeelde is die swaar stem van Engelse invloed waarskynlik hoorbaar.

Dit alles so half na aanleiding van 'n regstelling wat verlede week in hierdie rubriek verskyn het en wat deur daardie gerieflike sondebok die drukkersduiwel beduiwel is. Vir hopelik die laaste keer nou: Dit was *nie* Janie du Plessis wie se lewe deur geraas "versier" is nie en sy is of was *nie* 'n aanbieder van *Uit en Tuis* nie.

Sy het wel te doen met *Teletien*, die baie byderwetse nuwe jeugreeks wat *Kraaines* vervang het. Dáár het jy nou uit die monde van 'n paar jong gaste 'n aanslag op die Afrikaanse vokaal gehoor wat die ore laat tuit het. As kakiebos eers posgevat het ..."

6.2.3.2.2.1 Taalhoudings en funksionele konflik

Trudgill (1975: 60) wys op die simboliese aard van taal wat spruit uit die verhouding tussen taal en sosiale klas sowel as ander sosiologiese faktore. As gevolg van hierdie simboliese aard van taal, funksioneer bepaalde taalvorme identifiserend in 'n spraakgemeenskap. Die evaluatiewe waarde wat aan sekere taalvorme geheg word, word in die taalhoudings, hetsy positief of negatief, van die gemeenskap weerspieël.

Die belangrike invloed wat taalhoudings van onderwysers kan hê, word deur Trudgill beklemtoon: "We must expect all teachers to have attitudes towards different types of language. ... teachers' attitudes to children's language can be very influential in shaping relationships between the child and the school and in affecting the child's attitude to education generally" (1975: 60).

Negatiewe taalhoudings by onderwysers teenoor kinders wat non-standaard-dialekte praat, kan lei tot funksionele konflik en linguistiese onsekerheid by die kind: "If a teacher communicates attitudes of this sort to children, overtly or indirectly, they will soon develop feelings of linguistic insecurity. This, in turn can result in a child becoming unwilling to speak, inarticulate, hesitant and resentful. If a child feels his language is inferior, he is less likely to be willing to use it." (Trudgill 1975: 62).

Die effek wat taalhoudings in die onderwys kan hê en die nut wat insig in die funksionele aard van linguistiese variasie kan inhou, word geïllustreer deur die Ann Arbor-hofsaak van 1979 in Amerika. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot hierdie hofsaak is kortliks die volgende: In die sestigerjare is besluit om huise vir die lae-inkomstegroep in die meer goeie buurte te bou. 'n Gevolg hiervan was o.a. dat kinders uit die lae-inkomstegroep (hoofsaaklik Swart kinders), na dieselfde skool as die kinders uit die Blanke middelste tot hoër groep moes gaan. Na 'n paar jaar het die moeders van eersgenoemde groep agtergekom dat hul kinders baie swak vaar op skool, en by nadere ondersoek het dit geblyk dat die skool volkome bewus was hiervan en dat hulle die kinders se swak prestasie toegeskryf het aan gedragsprobleme, emosionele versteurdheid en dies meer. Die moeders was egter van mening dat hul kinders normale, gesonde kinders is en dat die probleme toe te skryf is aan die diskriminerende optrede van die onderwysers teenoor die kinders. 'n Hofsaak het gevolg waarin verskeie sosiolinguïste as getuies opgetree het. Hulle getuienis het hoofsaaklik gehandel oor die navorsing wat tot op daardie stadium reeds oor die Swart

Engelse omgangstaal (Black English Vernacular - BEV) gedoen is en spesifiek oor die bevinding dat BEV 'n onderskeibare sosio-etniese dialek van Amerikaanse Engels is. Bewys is gelewer dat BEV 'n eie ontwikkelingsgeskiedenis en struktuur het en dat dit vanuit 'n linguistiese oogpunt nie minderwaardig is in vergelyking met Amerikaanse Engels nie. Na 'n lang hofsaak het die regter besluit dat "... the language barrier that did exist was in the form of unconscious negative attitudes formed by teachers towards children who spoke Black English and the reactions of these children to these attitudes." (Labov 1982: 36).

6.2.3.2.2 Funksionele konflik in die Afrikaanse spraakgemeenskap

Die moontlikheid van funksionele konflik wat toe te skryf is aan negatiewe taalhoudings by kinders wat non-standaarddialekte van Afrikaans praat, is volgens my wete nog nie nagevors nie. Die feit dat linguistiese, en daarmee samehangende sosiale stereotipering redelik algemeen in die Afrikaanse spraakgemeenskap voorkom, laat die vermoede ontstaan dat sekere groepe in die spraakgemeenskap wel funksionele konflik as gevolg van negatiewe taalhoudings ervaar. 'n Enkele voorbeeld van sodanige stereotipering is die beskouing dat alle Bruin sprekers die verkleiningsuitgang /ki/ affrikatiseer tot [či].

'n Bykomende faktor in die Afrikaanse gemeenskap wat waarskynlik tot funksionele konflik by bepaalde groepe lei, is die feit dat die Afrikaans van gesagsinstansies soos skole en die regering (d.w.s. Standaardafrikaans), deur hierdie groepe geassosieer word met 'die onderdrukkers'. Die resente politieke geskiedenis van die Afrikaner dra die onmiskenbare stempel van apartheid en die gepaardgaande isolasie van etniese en rassegroepe wat deel is van die Afrikaanse spraakgemeenskap. Die negatiewe assosiasies wat Standaardafrikaans vir hierdie groepe inhou, lei waarskynlik tot 'n "interference with the desire to learn ..." Standaardafrikaans.

6.2.3.2.3 Die hantering van strukturele en funksionele konflik deur die onderwyspraktyk

Trudgill (1975) wys daarop dat onderwysers in hul opleiding deeglik onderrig moet ontvang in die sosiolinguistiek, waar die strukturele en funksionele aspekte van taal ewe veel gewig dra. Die linguistiese gelykwaardigheid van standaard- en non-standaarddialekte moet ook by onderwysers tuisgebring word sodat hulle vir die beswil van hulle leerlinge en die sukses van hul onderrig, negatiewe houdings teenoor non-standaardsprekers kan

uitskakel. Hulle moet ook onderrig word in die struktuur van non-standaarddialekte. Met hierdie kennis en ingesteldheid kan die onderwyser die non-standaardspreker met beter begrip benader, aan hom 'n positiewe ervaring van sy eie dialek en die standaarddialek gee en die standaarddialek vir hom toeganklik maak. Op hierdie wyse kan die ideaal wat in die Bullock Report oor taalonderrig in Engeland, moontlik bereik word: "The aim is not to alienate the child from a form of language with which he has grown up and which serves him efficiently in the speech community in his neighbourhood ... we emphasize that the teacher should start where the child is and should accept the language he brings to school ... and this takes us firmly to the need for an explicit knowledge by the teacher of how language operates." (Trudgill 1975: 6).

6.3 DIE AARD VAN DIE ONDERRIGMEDIUM

Die medium van onderrig is, soos reeds genoem, die standaardvariëteit van 'n taal. In Hoofstuk III is aangedui dat die gebruik van die standaardvariëteit as onderrigmedium beskou word as een van die funksies van standaardtaal.

Die aard van die standaardiseringsproses waaraan Afrikaans onderhewig was en steeds is, en die geldigheid van die normeringsgronde vir die bepaling van die preskriptiewe norme van Afrikaans, is ook in Hoofstuk III ondersoek. Na aanleiding van hierdie bespreking en die kontrastering in Hoofstuk V van 'n aantal preskriptiewe norme met die taalvorme wat deur standaardspreekers gebruik word, is tot die gevolgtrekking gekom dat voorgeskrewe Standaardafrikaans tot 'n groot mate 'n kunsmatige karakter het, en beskou kan word as 'n superstandaardvorm van Afrikaans.

Die bestaan van Superstandaardafrikaans hou bepaalde implikasies in vir die onderrig van Afrikaans. Indien die superstandaardnorme as voorskriftelike norme in taalonderrig gebruik word, raak die kwessie van linguistiese onsekerheid beide standaard en non-standaardsprekers, aangesien die superstandaard geen groep se fokale dialek is nie.

M.J. Posthumus het in die radioprogram *Rekensap* (13/5/74) die volgende gesê: "Die probleem is dat ons nog 'n middel moet uitvind om 'n volwasse persoon se taalgevoel te smee dat foute verdwyn en die tereg wysings insink in sy binnegrammatika, dat hy hierdie dinge vanself regsê sonder om elke keer te sê: 'Wag 'n bietjie ek het hier 'n fout gemaak, so sê hulle mos moet dit wees', dat hy nie meer afhanklik is van 'n uitwendige prikkel om reg te praat nie, dat dit in hom is om vanself reg te praat. Dit gebeur

nie so maklik by 'n volwasse persoon nie. Jy kan 'n kind dit nog bybring - 'n kind kan nog hierdie soort van dinge afleer ..." (SAUK 1976). Hierdie situasie het in meer as 'n dekade sedert 1974 nog nie verander nie. Dieselfde probleem bestaan vandag steeds en nōg kinders, nōg volwassenes het al "daardie soort van dinge afgeleer".

Die vraag is: hoekom nie? Lê die oorsaak nie moontlik gedeeltelik by die inhoud van die onderrigmedium nie? In Hoofstuk V is empiriese gronde gegee vir die beskouing dat Superstandaardafrikaans wel 'n realiteit is, hoewel dit nie in die volksmond bestaan nie. Gegewe die wyse waarop Superstandaardafrikaans 'geskep' word, is dit geen spreker of groep sprekers se fokale dialek nie, en word dit dus nie op 'n natuurlike wyse aangeleer nie. Superstandaardvorme sal gevolglik nooit geïnternaliseer word nie, nooit "insink in sy binnegrammatika" nie. Dit is juis in so 'n situasie dat 'n toestand van linguistiese onsekerheid by die lede van 'n spraakgemeenskap ontstaan. So 'n toestand kan, ook in die geval van Afrikaans, nadelige gevolge inhou vir die lewenskragtigheid van die taal.

6.4 DIE ROL VAN DIE ONDERRIGMEDIUM IN DIE LEWENSKRAGTIGHEID VAN AFRIKAANS

F. Ponelis het tydens 'n lesing as gasdosent aan die Universiteit van Pretoria (4/10/83) daarop gewys dat die beheersing van twee taalsisteme tot 'n onsekerheid of 'n versteuring van die eie taalgevoel lei wat dan weer aanleiding gee tot 'n hiperbewustheid by sprekers van hul 'taalfoute'. Meeste Afrikaanssprekendes beheers minstens twee taalsisteme. Die uiteindelijke gevolg hiervan is, volgens Ponelis, dat spontaneïteit verlore raak by die Afrikaanssprekendes.

Daar is m.i. 'n parallel tussen bogenoemde situasie en die situasie wat tans in die skole heers. Die eise wat die superstandaard as onderrigmedium aan die kind stel, kan eweneens lei tot 'n versteuring van die taalgevoel en uiteindelijke verlies van spontaneïteit. So 'n situasie kan, soos D.J. Coetzee in sy referaat oor "Afrikaans en die tegnologie", op 10/7/75 tydens die FAK-feeskongres in Paarl aangedui het, nadelige gevolge inhou vir die lewenskragtigheid van 'n taal: "Dit is so dat nie die geskrewe taal nie, maar die gesproke taal die werklike lewende taal is. Volumes vakliteratuur, geesdriftig en moeisaam tot stand gebring, is in die taalhandel waardelose papiergeld indien dit nie gedek word deur die klinkende munt van die spreektaal nie ..." (SAUK 1976).

Ponelis bepleit ook in sy lesing 'n herwaardeing van die Afrikaanse om-

gangstaal, omdat die veld wat Afrikaans wen op die gebied van die wetenskap, publikasies en dies meer, alleen nie die voortbestaan van Afrikaans kan verseker nie. In aansluiting hierby is dit belangrik dat die kind se omgangsdialek nie gesmoor moet word deur die superstandaard en die onder-rigpraktyk nie. Die positiewe selfbeeld van die heterogene Afrikaanse spraakgemeenskap is direk afhanklik van o.a. 'n positiewe ervaring van Afrikaans as gebruikstaal.

LITERATUURLYS

- AKMAJIAN, A. DEMERS, R.A. & HARNISH, R.M. 1979. Linguistics: An Introduction to Language and Communication. Massachusetts: The MIT Press.
- BAILEY, C.J.N. 1973: Variation and Linguistic Theory. Arlington, Virginia: Centre for Applied Linguistics.
- BAUMAN, R. & SCHERZER, J. (eds.). 1974. Explorations in the Ethnography of Speaking. Cambridge: Cambridge University Press.
- BERNSTEIN, B. 1964. Aspects of Language and Learning in the Genesis of the Social Process. In: Hymes, D. (ed.). 1964. pp.251-263.
- BICKERTON, D. 1975. Dynamics of a Creole system. Cambridge: Cambridge University Press.
- BLOOMFIELD, L. 1964. Literature and Illiterate Speech. In: Hymes, D. (ed.). 1964. pp.391-396.
- BLOUNT, B.G. (ed.). 1974. Language, Culture and Society: A book of readings. Cambridge: Winthrop Publishers.
- BOSHOFF, S.P.E. 1963. Radiopraatjies oor Afrikaans. Derde druk. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- BRIGHT, W. (ed.). 1975. Sociolinguistics: Proceedings of the UCLA Sociolinguistics Conference, 1964. The Hague, Paris: Mouton & Co.
- BULL, W. 1964. The use of Vernacular Languages in Fundamental Education. In: Hymes, D. (ed.). 1964. pp.527-533.
- CASSIDY, F.G. 1968. Level and style labels. In: Funk and Wagnells Standard Encyclopedic college dictionary. New York. pp.xi-xii.
- CHOMSKY, N. 1977. Essays on form and interpretation. New York: North Holland.
- CLAASSEN, G.N. 1983. Taalvariasie by 'n groep ongeïnhibeerde taalgebruikers. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983. pp.26-34.
- CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.). 1983. Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria, Kaapstad, Johannesburg: Academica.
- COETZEE, A.E. 1982. 'n Heroriëntering van die begrip Standaardtaal. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 22(4). pp.271-289.
- COFER, T.M. 1972. Linguistic variability in a Philadelphia speech community. Ann Arbor: University Microfilms.
- DE ROOIJ, J. 1982. De ANS as normatiewe grammatika. In: Neerlandica Extra Muros. nr.38. pp.2-12.
- DE VILLIERS, A. 1984. Linguisties gefundeerde probleme in algemene en taalonderrig. LVSA-Kongresreferate. vol.1. pp.203-226.
- DE VILLIERS, M. 1979. Afrikaans en Nederlands. Goodwood: Nasou.
- DE VILLIERS, M. 1983. Afrikaanse grammatika vir volwassenes. Goodwood: Nasou.
- DE VRIES, J.W. 1980. Opvattinge over het A.B.N. In: Verslag van het Zevende Colloquium van docenten in de neerlandistiek aan buitenlandse universiteite. 's Gravenhage-Hasselt. pp.103-115.

- DOUGHTY, P. & THORNTON, G. 1975. General Introduction. In: Trudgill, P. 1975. pp.1-2.
- DU PLESSIS, H. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983. pp.43-62.
- FASOLD, R.W. & SHUY, R.W. (eds.). 1973. Analyzing Variation in Language. Washington D.C.: Georgetown University Press.
- FERGUSON, C.A. & GUMPERZ, J.J. 1960. Linguistic diversity in South Asia: Studies in Regional, Social and Functional variation. Publication of the Research Center in Anthropology, Folklore, and Linguistics, nr.13. Bloomington: Indiana University Press.
- FERGUSON, C.A. 1971. Absence of copula and the notion of simplicity: A study of Normal Speech, Baby Talk, Foreigner Talk, and Pidgins. In: Hymes, D. (ed.). 1971. pp.141-150.
- FERGUSON, C.A. & DE BOSE, C.E. 1977. Simplified registers, broken language and pidginization. In: Valdman, A. (ed.). 1977. pp.99-125.
- FILLMORE, C.J. 1973. A grammarian looks to Sociolinguistics. In: Shuy, R.W. (ed.). 1972. pp.273-287.
- FISCHER, J.L. 1964. Social Influence in the Choice of a Linguistic Variant. In: Hymes, D. (ed.). 1964. pp.483-488.
- GARVIN, P.L. 1964. The Standard Language Problem - concepts and methods. In: Hymes, D. (ed.). 1964. pp.521-526.
- GUMPERZ, J.J. & HYMES, D. (eds.). 1972. Directions in Sociolinguistics: The Ethnography of Communication. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- GUY, G.R. 1981. Linguistic variation in Brazilian Portuguese: Aspects of Phonology, Syntax and Language history. University of Pennsylvania. D.Phil. Dissertation.
- HAAS, W. (ed.). 1982. Standard languages: Spoken and written. Manchester: Manchester University Press.
- HALLIDAY, M.A.K. 1978. Language as social semiotic. London: Arnold.
- HYMES, D. (ed.). 1964. Language in Culture and Society. New York, Evanston, London: Harper & Row.
- HYMES, D. (ed.). 1971. Pidginization and Creolization of Languages. Cambridge: Cambridge University Press.
- HYMES, D. 1973. The Scope of Sociolinguistics. Monograph series on Language and Linguistics. 1972: (3). pp.313-333.
- HYMES, D. (ed.). 1974. Studies in the history of linguistics. Traditions and Paradigms. London: University Press.
- HYMES, D. 1977. Foundations in Sociolinguistics: An Ethnographic Approach. London: Tavistock Publications Ltd.
- JESPERSEN, O. 1925. Mankind, Nation and Individual from a linguistic point of view. Oslo: H. Aschehoug & Co. (W. Nygaard).
- JOOS, M. 1962. The five clocks. Indiana University Research Centre in Anthropology, Folklore, and Linguistics, Publication 22.
- JOSEPH, J.E. 1981. The Standard Language: Theory, Dogma, and Sociocultural reality. The University of Michigan: Ph.D. Dissertation.

- KLOPPER, R.M. 1976. Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap - 'n fonologiese ondersoek. On-uitgegewe M.A.-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.
- KLOPPER, R.M. 1983. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). pp.80-100.
- KLOSS, H. 1967. 'Abstand' languages and 'Ausbau' languages. Anthropological Linguistics. 9(7). pp.29-41.
- KOTZÉ, E.F. 1983. Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans. D.Litt.-proefskrif. Universiteit van die Witwatersrand.
- KROCH, A.S. 1978. Towards a theory of social dialect variation. Language in Society. 7. pp.17-36.
- LABOV, W. 1966. The Social stratification of English in New York City. Washington, D.C.: Centre for Applied Linguistics.
- LABOV, W. et al. 1968. A study of the non-standard English of Negro and Puerto Rican speakers in New York City. In: Labov W, Cohen, P. Robins, C. & Lewis, J. Final report, Cooperative research project. Philadelphia.
- LABOV, W. 1970. The study of language in its social context. In: Pride, J.B. & Holmes, J. (eds.). 1972. pp.180-202.
- LABOV, W. 1971. The notion of 'system' in Creole Studies. In: Hymes, D. (ed.). 1971. pp.447-472.
- LABOV, W. 1972a. Language in the Inner City: Studies in Black English Vernacular. University of Pennsylvania Press.
- LABOV, W. 1972b. Sociolinguistic Patterns. University of Pennsylvania Press.
- LABOV, W. 1980. Locating language in time and space. New York: Academic Press.
- LABOV, W. 1982. Objectivity and commitment in linguistic science: The case of the Black English trial in Ann Arbor. Language in Society. 11(2). pp.165-201.
- LANGACKER, R.W. 1973. Language and its structure: Some fundamental linguistic concepts. Harcourt Brace Jovanovich Inc.
- LANHAM, L.W. & MACDONALD, C.A. 1979. The Standard in South African English and its Social History. Varieties of English around the world. General series vol.1. Heidelberg: Groos.
- LANHAM, L.W. & PRINSLOO, K.P. (eds.). 1978. Language and Communication Studies in South Africa. Cape Town: Oxford University Press.
- LE PAGE, R.B. 1968. Problems of description in multilingual communities. Transactions of the Philological Society. pp.189-212.
- LE ROUX, J.J. 1939. Praatjies oor ons Taal. Kaapstad, Bloemfontein, Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- LE ROUX, T.H. & PIENAAR, P. DE V. 1927. Afrikaanse Fonetiek. Kaapstad: Juta.
- LE ROUX, T.H. 1968. Afrikaanse Taalstudies. Elfde druk. Van Schaik.
- LYONS, J. 1968. Introduction to theoretical linguistics. Cambridge: Cambridge University Press.

- McDAVID, R.I. Jr. 1979. Dialects in Culture: Essays in General Dialectology. The University of Alabama Press.
- MILROY, L. & MARGRAIN, S. 1980. Vernacular language loyalty and social network. Language in Society. 9. pp.43-70.
- NEUBERT, A. 1976. What is Sociolinguistics? Three postulates for sociolinguistic research. Archivum Linguisticum. 7: pp.152-160.
- NIDA, E.A. & FEDERHAU, H.W. 1970. Indigenous Pidgins and Koines. International Journal of American Linguistics. 36(2), pp.146-155.
- ODENDAL, F.F. (red.). 1978. Gesag en norm in die Taal- en Letterkunde II. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit.
- ODENDAL, F.F. 1979. Aspekte van Taal. Goodwood: Nasou.
- PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse Sintaksis. Pretoria: Van Schaik.
- POPLACK, S. 1979. Function and process in variable phonology. University of Pennsylvania. Ph.D. Dissertation.
- POSTHUMUS, M.J. 1968. Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal sedert 1925. In: Van der Merwe, H.J.J.M. e.a. 1968. pp.92-97.
- PRIDE, J.B. & HOLMES, J. (eds.). 1972. Sociolinguistics: Selected Readings. Penguin Books.
- RADEMEYER, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters. Swets en Zeitlinger.
- RADFORD, A. 1981. Transformational Syntax. Cambridge: Cambridge University Press.
- RAIDT, E. s.j. Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.
- RUSSEL, J. 1977. Networks and sociolinguistic variation in an African Urban setting. Mimeo. University of York.
- SAMARIN, W.J. 1971. Salient and substansive pidginization. In: Hymes, D. (ed.). 1971. pp.117-140.
- SANKOFF, D. 1974. A quantitative paradigm for the study of communicative competence. In: Bauman, R. & Sherzer, J. 1974. pp.18-49.
- SANKOFF, D. 1978. Linguistic Variation. Models and Methods. New York, San Francisco, London: Academic Press.
- SANKOFF, G. 1980. The social life of language. University of Pennsylvania Press.
- SAUK. 1976. Taalbulletin.
- SAUK. 1984. Taalbulletin.
- SCHOLTZ, J. DU P. 1980. Wording en Ontwikkeling van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.
- SCHURING, G.K. 1984. Die Omgangs-Sotho van die swart woongebiede van Pretoria. D.Litt.-proefskrif. Randse Afrikaanse Universiteit.
- SCHURINK, W.J. 1975. 'n Ekologiese analise van misdaad in Pretoria 1969-1971. Pretoria: Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese navorsing; Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- SHUY, R.W. (ed.). 1972. Monograph Series on Language and Linguistics. 25. Washington D.C.: Georgetown University Press.

- SHUY, R.W. 1975. What is the study of variation useful for? In: Fasold, R.W. & Shuy, R.W. (eds.). 1975. pp.312-327.
- SHUY, R.W. & FASOLD, R.W. (eds.). 1973. Language attitudes: Current trends and prospects. Washington D.C.: Georgetown University Press.
- SMITH, R.B. & LANCE, D.M. 1979. Standard and Disparate varieties of English in the United States: Educational and Sociopolitical implications. International Journal of the Sociology of Language. vol.21. pp.127-140.
- SNOW, C.E. & FERGUSON, C.A. (eds.). 1977. Talking to children: language input and acquisition. Cambridge: Cambridge University Press.
- STEYN, J.C. 1976. 'n Paar Sintaktiese onvastighede in Afrikaans. Taalfasette. 20(3). pp.25-53.
- STEYN, J.C. 1978. Die plek van die persoonsvorm in bysinne: normatiewe opmerkings na aanleiding van 'n randprobleem. In: Odendal, F.F. (red.). 1978. pp.76-98.
- STEYN, J.C. 1977. Die Afrikaner en Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 17(3). pp.185-219.
- STORK, F.C. & WIDDOWSON, J.D.A. 1974. Learning about Linguistics. London: Hutchinson Educational Ltd.
- TRUDGILL, P. 1975. Accent, Dialect and the School. Explorations in Language Study. London: Edward Arnold (Publishers) Ltd.
- UYS, J.Z. 1981. Oor erkende en nie-erkende diftonge in Afrikaans. Taalfasette. Nuwe Reeks nr.1. pp.26-36.
- UYS, M.D. 1983. Die Vernederlandsing van Afrikaans. Universiteit van Pretoria. D.Litt.-proefskrif.
- VALDMAN, A. (ed.). 1977. Pidgin and Creole linguistics. London: Bloomington.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. e.a. 1968. Afrikaans sy aard en ontwikkeling. Pretoria: Van Schaik.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1968. Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal: Van die begin tot omstreeks 1925. In: Van der Merwe, H.J.J.M. e.a. 1968. pp.67-92.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1973. Die Korrekte Woord. Pretoria: Van Schaik.
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1983a. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983. pp.134-170.
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1983b. Inleiding: die bestudering van taalvariante. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983. pp.7-25.
- VAN WYK, E.B. 1978a. Language contact and bilingualism. In: Lanham, L.W. & Prinsloo, K.P. 1978. pp.29-52.
- VAN WYK, E.B. 1978b. Sociolinguistiese norme in taalgebruik. In: Odendal, F.F. (red.). 1978. pp.99-120.
- VORSTER, J. 1976. Persoonsvormherhaling. Taalfasette. 20(1). pp.23-36.
- WEBB, V.N. s.j. Versameling leesstukke vir die sociolinguistiek van Afrikaans. Universiteit van Pretoria. (manuskrip.)

- WEBB, V.N. 1980. Labov se veranderlikereëlteorie. Taalseminaar.
Universiteit van Pretoria. pp.20-33.
- WEBB, V.N. 1983a. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. In: Claassen,
G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983. pp.229-248.
- WEBB, V.N. 1983b. Objek en metode van die Afrikaanse taalwetenskap.
Die standpunt van die gemeenskapsgrammatika. In: Eksteen, L.
& Pretorius, R. (reds.). Afrikaans: objek en metode. Pretoria:
Van Schaik. pp.84-125.
- WEBB, V.N. 1983c. Veldwerk in stedelike taalondersoek. Humanitas.
9(2). pp. 229-238.
- WEBB, V.N. 1983d. Aspekte van taalnorme - Gesien vanuit die perspektief
van die gemenskapsgrammatika. LVSA-Kongresreferate. pp.372-396.
- WEBB, V.N. & DE VILLIERS, A. 1985. Standaardafrikaans: Chomskities of
Laboviaans? LVSA Kongresreferate. Universiteit van Natal.
pp.192-208.
- WOLFRAM, W. & FASOLD, R.W. 1974. The study of social dialects in American
English. New Jersey: Prentice-Hall.

SAMEVATTING

STANDAARDAFRIKAANS EN OMGANGSAFRIKAANS IN PRETORIA

KANDIDAAT : Anita de Villiers
LEIER : Prof. dr. V.N. Webb
DEPARTEMENT : Afrikaans
GRAAD : Magister Artium

Die algemene doelwit van hierdie studie was die inwinning en dokumentering van sosiolinguistiese kennis oor Afrikaans. Aangesien die bestudering en beskrywing van Afrikaans as 'n heterogene gegewe, binne die raamwerk en volgens die metodologie van die sosiale taalwetenskap, 'n relatief jong terrein is in die Afrikaanse taalkunde, is die aard van linguistiese heterogeniteit, die beginsels en metodes van die sosiale taalwetenskap en die relevante terminologie ter aanvang uiteengesit en bespreek.

In ooreenstemming met die sosiolinguistiese beskouing van 'n taal as die geheel van 'n aantal onderskeibare variëteite, nl. dialekte, style en registers, is van die uitgangspunt uitgegaan dat Standaardafrikaans en Pretoriase Omgangsafrikaans (POA) twee variëteite van Afrikaans is. Hierdie twee variëteite is aan die hand van bepaalde kriteria uit die literatuur oor standaardtaal en omgangstaal, sowel as empiriese data wat vir die doel van hierdie studie ingesamel is, ondersoek en bespreek.

Standaardafrikaans is aan die hand van die hoofkriteria, nl. die status, vorm en funksies daarvan, ondersoek. Uit die bespreking van die statusaspek het dit geblyk dat die standaardvariëteit van 'n taal se status deur twee faktore bepaal word, nl. die feit dat die standdaardsprekerskorps deur die res van die gemeenskap as 'n statusgroep beskou word, en tweedens, omdat die standaardvariëteit gebruik word om die hoë- of standaardfunksies te verrig.

Die vorm van die standaardvariëteit van Afrikaans is in ooreenstemming met bogenoemde twee faktore, vanuit twee gesigspunte ondersoek, nl. as die taalgebruik van die toonaangewende standdaardsprekers sowel as die gedokumen-

teerde preskriptiewe norme vir Standaardafrikaans. As gevolg van die aantoonbare verskil tussen hierdie twee stelle data, is die normeringsgronde waarvolgens die norme vir Standaardafrikaans sedert die begin van die standaardiseringsproses in 1925, ondersoek.

In teenstelling met die sosiolinguistiese beskouing dat die standaardvariëteit van 'n taal 'n objektiewe werklikheid is waarvan die norme op demokratiese wyse bepaal moet word, is gevind dat die preskriptiewe norme vir Standaardafrikaans tot 'n groot mate gebaseer is op ongeldige, eksterne normeringsgronde. As gevolg hiervan het voorgeskrewe Standaardafrikaans 'n kunsmatige karakter verkry en die gevolgtrekking is gemaak dat dit eerder beskou moet word as Superstandaardafrikaans. Enkele probleme en implikasies wat die bestaan van 'n superstandaard inhou vir 'n spraakgemeenskap, is kortliks bespreek.

Die ondersoek van Omgangsafrikaans in Pretoria is aangepak met die verwagting dat die ondersoekgroep, nl. die laermiddelklassprekers van Pretoria, eiesoortige taalgedrag sal toon tydens spontane, ongemonitorde talige interaksie. Na aanleiding van 'n empiries gefundeerde uiteensetting van die linguistiese kenmerke van POA en 'n kontrastering van hierdie kenmerke met die standaardnorme, is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n beduidende verskil is tussen POA en Standaardafrikaans en dat e.g. moontlik wel beskou kan word as 'n stilistiese en sosiale variëteit van Afrikaans. Die klassifikasie van POA as 'n sosiale dialek van Afrikaans kon egter nie op grond van die data wat vir hierdie studie gebruik is, gemaak word nie.

Die belangrike rol wat omgangstaal in die lewe van 'n taal speel, sowel as die moontlikhede wat sosiolinguistiese kennis van taal bied in die hantering van sekere onderrigprobleme, is ten slotte kortliks bespreek.

SUMMARYSTANDARD AFRIKAANS AND VERNACULAR AFRIKAANS IN PRETORIA

CANDIDATE : Anita de Villiers
LEADER : Prof. dr. V.N. Webb
DEPARTMENT : Afrikaans
DEGREE : Magister Artium .

The general aim of this study was the collecting and documentation of sociolinguistic knowledge about Afrikaans. Since the study and description of Afrikaans as a heterogeneous entity within the framework and according to the methodological principles of social linguistics is a relatively new area in Afrikaans linguistics, the nature of linguistic heterogeneity, the principles and methods of social linguistics and the relevant terminology were firstly discussed.

In accordance with the sociolinguistic view of language as consisting of a number of identifiable varieties, i.e. dialects, styles and registers, standard Afrikaans and the vernacular Afrikaans of Pretoria were viewed as two varieties of Afrikaans. These two varieties were examined and discussed according to certain criteria in the literature on standard and vernacular languages, as well as empirical data collected for this study.

The criteria according to which standard Afrikaans was examined, are the status, form and functions of standard languages. From the discussion of the status aspect of the standard variety, it was concluded that the status of the standard can be attributed to two factors: firstly, the fact that the speakers of the standard variety is viewed by the rest of the society as a prestige group and secondly, that the standard variety is used in the higher or standard functions.

The form of the standard variety of Afrikaans was examined from two viewpoints, i.e. as the language use of the leading prestige group as well as the documented prescriptive norms for standard Afrikaans. Because of the notable difference between these two sets of data, the grounds upon

which the norms for standard Afrikaans were based since the beginning of standardization in 1925, were examined.

In contrast with the sociolinguistic point of view of the standard variety of a language as an objective reality of which the norms are democratically determined, it was found that the prescriptive norms for standard Afrikaans are, to a great extent based on invalid, external grounds. Because of this, prescribed standard Afrikaans has attained an artificial character and it was concluded that it should be seen as a super-standard form of Afrikaans. A few problems and implications which the existence of a superstandard have for a speech community, were discussed briefly.

Vernacular Afrikaans in Pretoria was studied with the expectation that the language behaviour of the group identified as the lower middle-class speakers, would show distinguishable traits in spontaneous, unmonitored language interaction. After an empirically based description of the linguistic features of the vernacular and after contrasting these features with the standard norms, the conclusion was reached that Pretoria vernacular Afrikaans can justifiably be considered as a stylistic and social variety of Afrikaans. However, the data used in this description did not render sufficient grounds for the classification of this variety as a social dialect of Afrikaans.

In the last instance, the important role vernacular language plays in the life of a language, as well as the possibilities sociolinguistic knowledge about language offers in the handling of certain educational problems, were briefly discussed.
